Vrye Weekblad

17 Augustus 1990
R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

# Breyten oor Boer-wees



Boor 'n gat in jou kop

Kloon vir jou 'n tweeling

Nostradamus het Irak reg voorspel

Wat sê die mense oor die nuwe Suid-Afrika?

Die einde van die pad vir die Arbeiders

## Die bloed vloei in die townships

**Die wêreld het met skok toegekyk hoe die ernstigste geweld in jare in die Suid-Afrikaanse townships losgebars het. Meer as 150 mense is reeds dood in drie dae van geweld tussen hostel-bewoners en plakkers aan die Oos-Rand. Die bloedvergieting het Donderdag na Soweto uitgebrei waar al minstens ses mense gedood en meer as honderd beseer is. Gister het Nelson Mandela en FW de Klerk 'n ongeskeduleerde ontmoeting in Pretoria oor die geweld gehad, en die gesamentlike werkkomitee van die twee partye ontmoet weer in die volgende paar dae om die krisis te bespreek. AUDREY BROWN doen verslag**

# Nou soek lewendes na lyke

Wat gaan in die Randse townships aan?

Niemand weet nie, mense soek maar net die dooies, en 'n ander plek om te woon. Duisende plakkers van Pholapark en Crossroads in Thokoza en Katlehong het toegekyk hoe 'n groot groep gewapende mans vroeg Woensdagoggend op hulle toegesak het om verwoesting te saai. Minstens 150 mense is dood, talle huise is aan die brand gesteek en duisende mense is beseer in geweld wat die afgelope drie dae in die Johannesburgse oostelike townships ontstaan het.

Volgens verskeie inwoners van die plakkerskampe is die eerste aanvalle geloods nadat Inkatha Sondag 'n "vredesbyeenkoms" gehou het.

Niemand weet presies wat tot dié aanval gelei het nie, maar voor hulle hul oë kon uitvee, was dié gebiede met lyke besaai.

Inwoners verskil oor die redes vir die bloedbad: "Hulle baklei omdat 'n Xhosa die danskompetisie Sondag gewen het. Die Zoeloes is gewoond daaraan dat hulle dit altyd wen. Nou is hulle kwaad," sê 'n geskokte ooggetuie.

Ander sê weer dat iemand Sondag in een van die hostelle vermoor is, en dat daar nou wraak geneem word.

Maar wat ook al as rede aangegee word, die vingers wys na Inkatha, ondanks dié organisasie se ontkenning dat hulle enigsins by die geweld betrokke is. Inwoners beweer dat die "vredesoptogte" wat Inkatha die afgelope maande in verskeie townships aan die Rand gehou het, gereeld op geweld uitgeloop het. Hulle noem as voorbeeld die geval van Sebokeng verlede maand waar meer as 50 mense ná so 'n optog dood is.

Maar Noluvuyo Sihloti van Crossroads bekommer haar nie oor die waaroms van die situasie nie. Al wat sy nou wil weet, is hoe sy haar man in die hande gaan kry. Sy en 'n klompie ander vroue loop nou aan die buitewyke van die een plakkerskamp na die ander op soek na lyke - een van hulle kan dalk haar man wees.

"Ek weet nie wat aangaan nie, al wat ek weet, is dat my man weg is. Hy het 'n rooi trui gedra. He jy hom gesien?"

Vrye Weekblad het dié week die geweld geteisterde gebied besoek en op twee lyke afgekon wat eenkant gelê het. Tien ander was in 'n po lisievoertuig opgehoop - op pad na die lykshuis waar meer as 100 ander lê.

Elizabeth Kuzwayo, 'n Zoeloe-sprekend inwoner van Crossroads, het wag gehou by wa van haar besittings oorgebly het nadat Zoeloe sprekende mans haar huis aangeval het. Sy wy na 'n smeulende hopie as en sinkplate - dit is a wat van haar tuiste oorgebly het.

Wat het gebeur? Kuzwayo weet nie so moc nie. Al wat sy weet, is dat sy omstreeks vieruu die oggend wakker gemaak is met die geluide va bloeddorstige mans. "Ek het nie geweet wat aangaa nie en ek was te bang om te loer want ek kon hoo hoe vroumense skreeu en kinders huil. Verskei skote het afgegaan."

Voor sy mooi geweet het waar sy haarsel bevind, het 'n klompie mans haar huis ingebars

"Hulle wou weet waar die mans is. Ek het vi hulle gesê my seuns is nie hier nie, net my sie man. Die mans het Zoeloe gepraat. Hulle het ni vir my gevra of ek van Natal afkom nie. Hulle he my uit die huis gejaag en dit aan die bran gesteek. Dit was vir my snaaks dat die feit dat e Zoeloe-sprekend is geen verskil gemaak het nie Ons het dan gehoor dat hulle net Xhosa-mens doodmaak. Maar almal in die kamp is aangeva Nou is almal bang."

Kuzwayo se bure praat verskillende tale. Dit i duidelik dat die aanvallers nie net Xhosas in di plakkerskamp aanval nie.

'n Veldwerker van die Suid-Afrikaanse Raa van Kerke gee dié verduideliking: "Pholapark e Crossroads is twee hoogs-georganiseerde plakker kampe. Die gemeenskappe hier het die staat e die polisie baie probleme gegee. Ek dink hull word nou aangeval om hulle te destabiliseer soda die politieke werk wat hier gedoen word, verlor kan gaan."

Die politiek van die situasie ontglip die mens wat nou hul huise moet verlaat. Vir hulle is d belangriker om 'n veilige slaapplek vir die aand t kry.

Toe ons die gebied teen skemer verlaat, wa die polisie besig om beslag te lê op sommige va die wapens wat openlik deur hostel-inwoner gedra is. 'n Man is glo laatmiddag aan die bran gesteek, en almal is bang.



Inwoners van Katlehong vlug voor traanrook wat deur die polisie afgevuur is.

*(Foto: AP)*

IDASA PRETORIA

*WELKOM TUIS AAN*

*CHARLES BESTER*



Gereed vir oorlog. 'n Magsvertoon deur gewapende Inkatha-ondersteuners in Soweto.

*(Foto: AP)*

*die townships*

**'Ek weet nie wat aangaan nie, al wat ek weet, is dat my man weg is. Hy het 'n rooi trui gedra. Het jy hom gesien?'**

# Word die Rand 'n tweede Natal?

THANDEKA GQUBULE

VIR die mosaïek van etniese groepe in townships aan die Rand het die "Zoeloe-bedreiging" nou 'n skrikwekkende werklikheid geword.

Inkatha is besig met 'n landwye werwingsveldtog om die beweging polities buite die grense van KwaZulu/Natal te vestig.

Tydens 'n onlangse vergadering van Inkatha in Johannesburg, het die nuwe Randse leierskap van die party die ANC se poging om Inkatha te isoleer en sy politieke invloed te beperk, veroordeel.

Die Wes-Randse sekretaris van Inkatha, Humphrey Ndlovu, het by dié vergadering pogings deur die Vaal Civic Organisation om Inkatha te verhoed om in Sebokeng op te tree, as belaglik bestempel.

"Ons sal organiseer en regoor die land lede werf," het Ndlovu gewaarsku.

'n Groep van 3 000 Zoeloe-sprekende mans het onlangs 'n optog deur die strate van Soweto gehou.

Die vrese van inwoners dat die Natal-oorlog na die Rand versprei, is waarskynlik nie ongegrond nie.

Volgens 'n onlangse opname deur die marknavorsingsagentskap Market Research Africa, wat onder 2 281 respondente gedoen is, is daar "buite Natal 'n hoë vlak van bewustheid van Inkatha, dit is net so bekend soos die UDF, maar daar is bevind dat dit die bewustheid is van 'n organisasie wat ongewild is en gevrees word".

'n Verrassende bevinding is dat "swartmense hulle nader aan pres FW de Klerk voel as aan Inkatha".

Die breë demokratiese beweging het dit intussen duidelik gestel dat pogings om die situasie te ontlont, die volgende sal behels:

* Voorbereidings vir 'n ontmoeting tussen die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, en die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi;
* Hernieude pogings om die gesamentlike vredeskomitee van die ANC en Inkatha op die been te bring.





**Hostelbewoners van Inhanzane is met stokke, pangas en ander wapens bewapen teen die gemeenskap van Jabawu.**

(Foto: Dynamic Images)




**'n Familie op straat in Pholapark**

(Foto: Dynamic Images)

## *Regstelsel al regverdiger, maar...*

# Die dodeselle bly vol

**Die dodeselle in die Sentrale Gevangenis in Pretoria het vandeesweek verskeie nuwe bewoners gekry - twee weke nadat die verpligte oplegging van die doodstraf afgeskaf is en die minister van Justisie, Kobie Coetsee, regters versoek het om meer klem te lê op lewenslange tronkstraf as alternatief vir die doodstraf. JACQUES PAUW het verder gaan ondersoek instel**

MINSTENS vier mense is die afgelope tien dae in hooggeregshowe in Suid-Afrika skuldig bevind aan moord "met verswarende omstandighede" en die doodstraf opgelê. Ingevolge die nuwe stelsel sal die terdoodveroordeeldes se sake outomaties vir hersiening na die Appèlhof in Bloemfontein verwys word.

Intussen bestaan die vrees onder voorstanders van die afskaffing van die doodstraf dat 'n reeks van teregstellings volgende jaar mag plaasvind nadat die moratorium daarop onlangs verval het met die inwerkingtreding van die Strafwysigingswet.

Daar word verwag dat daar vanjaar geen verdere teregstellings sal wees nie weens die nuwe bepaling waarvolgens 'n paneel van deskundiges vonnisse van terdoodveroordeeldes gaan hersien. Die laaste teregstelling was in Januarie voordat staatspresident FW de Klerk 'n moratorium daarop geplaas het.

Suid-Afrika het nog altyd 'n reputasie gehad as een van die lande wat die meeste mense teregstel. Teregstellings het 'n hoogtepunt in 1987 bereik toe 172 mense gehang is. Verlede jaar het dié syfer tot 53 gedaal. Daar is tans 321 mense in die dodeselle in die Sentrale Gevangenis in Pretoria.

Die nuwe bepalings is gegrond op 'n kommissie wat deur pres De Klerk aangestel is om die doodstraf te hersien. Die belangrikste aspekte daarvan is:

* Verpligte doodstraf word afgeskaf. Regters is voorheen verplig om die doodstraf op te lê in gevalle waar geen versagtende omstandighede gevind kon word nie. Lewenslange tronkstraf word as alternatief vir die doodstraf beklemtoon.
* Huisbraak met verswarende omstandighede is nie meer met die dood strafbaar nie. Die doodstraf vir hoogverraad is slegs van toepassing waar Suid-Afrika in 'n staat van oorlog verkeer.
* Die Appèlhof moet nou alle doodsvonnisse bekragtig. Daar is nou 'n outomatiese reg van appèl vir alle terdoodveroordeeldes en daar hoef nie meer aansoek gedoen te word om teen dié vonnis te appelleer nie.
* Indien die Appèlhof wel 'n doodsvonnis bekragtig het, en die veroordeelde nie binne 21 dae 'n versoekskrif om begenadiging aan die Staatspresident gerig het nie, sal die staat 'n advokaat namens hom aanstel om dit te doen.
* Streekshowe en landdroste kan nou moordsake verhoor indien die Prokureur-generaal van mening is dat daar die nodige getuienis is om iemand ter dood te veroordeel.
* 'n Paneel word aangestel om die vonnisse van veroordeeldes wat tans in die dodeselle sit, te heroorweeg. Die paneel moet veral vasstel of die veroordeelde alle uitweë gevolg het om begenadiging te kry.

Prof Hugh Corder van die departement van publieke reg aan die Universiteit van Kaapstad en lid van die Vereniging vir die Afskaffing van die Doodstraf, sê die nuwe bepalings gaan teregstellings drasties laat daal en die veranderinge is 'n groot verbetering op die ou stelsel.

Regslui vir Menseregte sê die bepaling waarvolgens die diskressie aan regters self oorgelaat word, die oplegging van die doodstraf nog meer arbitrêr maak. "Nou, nog meer as ooit tevore, word die lot van 'n persoon wat aan 'n halsmisdaad skuldig bevind word, bepaal deur die aard van die verhoorregter."

Corder stem saam en sê verskeie studies het al bewys dat sekere regters meer geneig is om die doodstraf op te lê as ander. So byvoorbeeld het 'n onlangse studie bewys dat sowat 80 persent van die doodstrawwe in die Kaapse afdeling van die hooggeregshof deur net vier regters opgelê word.

Aan die ander kant, sê Corder, maak dié bepaling dit makliker vir regters wat nog altyd teen die doodstraf gekant was. Die bepaling waarvolgens verswarende omstandighede gevind moet word, is nog nuut in Suid-Afrika.

Die bepaling waarvolgens alle doodsvonnisse na die Appèlhof verwys word, is volgens Corder uiters noodsaaklik, maar kan 'n swaar las op dié hof teweeg bring en beteken dat veroordeeldes baie langer in die dodeselle op begenadiging moet wag.

"Die moontlikheid dat 'n onskuldige persoon ter dood veroordeel word, word al hoe geringer. Die einddoel is natuurlik om die doodstraf heeltemal afgeskaf te kry, en ek dink is ons is reeds op pad daarheen," sê Corder.

Regslui vir Menseregte sê dit is jammer dat verkragting nie ook op die lys van misdade geplaas is waarvoor die doodstraf nie meer opgelê kan word nie. Sy sê die moontlikheid van die doodstraf vir verkragting spoor verkragters aan om hul slagoffers dood te maak.

Jerry Richardson, eertydse afrigter van die Mandela United Soccer Club, het een van die eerste persone in Suid-Afrika geword om weens moord met "verswarende omstandighede" die doodstraf te kry.


TREE OP TEEN AANHOUDINGS

Die regering sê hy skep 'n vreedsame klimaat. Tog word 120 patriotte aangehou. Wie is die regering besig om om die bos te lei? Aanhoudings duur voort. Die marteling duur voort. Die regering verhoed vrye politieke bedrywighede.

ANC



Mac Maharaj

JY KAN DIT KEER!

23 Augustus is die Dag van Optrede teen Aanhouding. Sluit aan by die veldtog om alle aangehoudenes te bevry. Ons stemme moet gehoor word. Ons organisasie moet vryelik kan optree. Marsjeer na die polisiekantoor. Marsjeer na die howe. Hou straatoptogte. Hou protesvergaderings en betogings. Organiseer sitstakings. Laat ons stemme gehoor word.

AN INJURY TO ONE IS AN INJURY TO ALL

STOP AANHOUDINGS MET ONS OPTREDE!
DRING AAN OP DIE VRYLATING VAN MAC MAHARAJ EN ALLE POLITIEKE AANGEHOUDENES.

TREE OP TEEN AANHOUDINGS OP 23 AUGUSTUS

Uitgereik deur die African National Congress, Suid-Afrikaanse Kommuniste Party en die Congress of South African Trade Unions.

## 500 beeste uit 'n enkele sel

# Kloning: 'n wonderantwoord vir die landbou

**Kloning het 'n nuwe wonderwoord in dierewetenskap geword. Navorsers is wêreldwyd besig om in laboratoriums volmaak-geskape en siektevrye diere uit bevrugte eierselle te skep. Wat meer is, navorsers meen dat tot 500 diere uit 'n enkele sel voortgebring kan word. Maar kloning wek ook vrees by oningeligtes: kan dit wetenskaplikes in staat stel om God te speel, of een of ander super-menseras te teel? PEARLIE JOUBERT het die antwoorde gaan soek.**

VYF honderd beeste uit 'n enkele sel, elkeen volmaak geskape en bykans siektevry?

Wat jare gelede nog net 'n wilde gedagte was, is besig om 'n werklikheid te word.

Die skepping van geneties-identiese individue is nie meer net teorie nie. Die nuwe magiese woord in die dierewetenskap is kloning.

Australiese wetenskaplikes het pas deur middel van kloning 'n identiese drieling skape "gemaak". Selfs die kinkel in hul wol is presies dieselfde, hulle klink en ruik en dink selfs eenders. Die tegnieke wat deur die Australiese navorsingseenheid, Emtech, vervolmaak en binne twee jaar kommersieel bemark sal kan word, beteken dat tot sestien lammers deur middel van kloning uit 'n enkele bevrugte eiersel voortgebring kan word.

Emtech sê 'n prima-skaapras kan nou geskep word en 'n revolusie in die boerderybedryf veroorsaak. Dié ras is nie net siektevry nie, maar die boer is verseker van 'n gehalte-kudde wat vinnig kan aanwas.

Dr Zen Fourie, navorser van die departement obstetrie en ginekologie aan die Universiteit van Pretoria, sê kloning is 'n werklikheid en suksesvolle resultate word in die laboratorium behaal.

Ook in Suid-Afrika word daar wyd met kloning geëksperimenteer. Volgens Fourie is die eerste suksesvolle eierseldeling en -oorplanting reeds in 1891 gedoen. Skaapselle is in die ingewande van 'n haas na Suid-Afrika vervoer en twee identiese skape is gebore. Alhoewel dit nie kloning was nie, was die beginsel bykans dieselfde.

Kloning beteken bloot die oordrag van chromosome en sitoplasma van een lewende wese na 'n ander. Wanneer twee lewende individue dieselfde chromosoom- en sitoplasma-samestelling het, sal hulle in alle opsigte identies wees.

Die Emtech-tegniek is uniek in dié sin dat vorige metodes van kloning die embrio of 'n bevrugte eiersel in twee verdeel het. Die Emtech-tegniek onttrek egter die verskillende selle van 'n bevrugte eiersel sodra die 16-sel verdelingsfase bereik is.

Navorsing en eksperimentering op die kloning van dierselle is reeds ver gevorder en landbouwetenskaplikes is baie opgewonde oor die moontlikhede van kloning vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Volgens dr Graham Kay van die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde het die Mediese Universiteit van Suid-Afrika (Medunsa) die meeste navorsing op dié gebied reeds gedoen.

"Suid-Afrika, in vergelyking met die res van die wêreld, is agter in dié veld omdat die gesofistikeerde tegnologie wat met kloning gepaard gaan, baie duur is.

"In sekere droë gebiede in Suid-Afrika aard beeste met 'n sekere genetiese samestelling veel beter as ander. Die boer kan nou deur middel van kloning sy beste bul en beste koei neem en tot soveel as 500 beeste "maak" deur 'n enkele bevrugte eiersel te neem en in ander koeie in te plant.

"Net so kan 'n boer 'n koei, wat een kalf per jaar kry, se bevrugte eiersel in 'n ander koei inplant wat net een kalf elke drie jaar kry."

Ander voordele van kloning is dat die beste ram se sperm en ooi se eiersel geneem kan word wat sal verseker dat:

* die skape uitstekende wol lewer,
* in volmaakte gesondheid en siektevry is, en
* dié skape so gekloon is dat 'n spesifieke markaanvraag gelewer kan word.

Kay sê die nadeel verbonde aan kloning is dat 'n geslote genetiese poel kan ontstaan. Indien 'n primabeesras byvoorbeeld deur kloning geskep word, kan dit gebeur dat jy 300 beeste met dieselfde genetiese defek gaan kry omdat almal van dieselfde chromosoom- en sitoplasma samestelling afkomstig is.

Kloning kan op drie maniere gedoen word:

* Tydens die eerste kloning van lewende selle is 'n eiersel in 'n redelike vroeë stadium van bevrugting bloot in twee gesny. Net na bevrugting word die enkele saamgesmelte sel uit die harde omhulsel van die eiersel gehaal en in twee verdeel. In dié stadium kan daar twee identiese individue ontwikkel omdat die chromosome en sitoplasma in dié twee selle identies is.

Hoewel dié vorm van kloning identiese individue tot gevolg het, sê Kay dat daar altyd klein verskille tussen die twee gekloonde diere is. Dié metode is reeds vir tien jaar bekend in Suid-Afrika.

* Die tweede metode, wat baie belangstelling op die oomblik geniet, is kloning waardeur die kern van een dier na 'n ander oorgeplant word. Dit is die mees kommersiële metode van kloning.

Volgens Kay is dié metode slegs 95 persent ware kloning omdat net die chromosome, en nie die sitoplasma nie, van die bevrugte eiersel oorgedra word. "Daar is bewyse dat die sitoplasma die voorkoms van diere kan beïnvloed - as dié metode van kloning gebruik word, is daar dus 'n groter kans dat die diere nie presies dieselfde gaan lyk nie."

Dié metode word gebruik wanneer die eiersel gereed is vir bevrugting. (kyk skets). Dit het meer gesofistikeerde en tegnologiese vaardighede nodig.

* Die jongste metode van kloning word op die vier tot agt selverdelingsfase gedoen, maar min navorsing is nog hieroor gedoen.




# *Kloning kán supermense ook kweek*

HOEWEL kloning nog nie op menslike eierselle gedoen is nie, kan suksesvolle kloning tot gevolg hê dat twee identiese mense gebore kan word.

Só sê dr Zen Fourie, navorser van die departement obstetrie en ginekologie aan die Universiteit van Pretoria. Fourie doen die afgelope jare self navorsing in dié veld.

Wanneer dit by die kloning van menslike eierselle kom, ontstaan allerlei etiese vrae en skram kenners weg van selfs die moontlikheid dat menslike eierselle gekloon en identiese tweelinge gebore kan word.

Sowel Fourie as dr Kay Graham van die Navorsingsintituut vir Vee- en Suiwelkunde meen dat dit oneties sou wees om identiese tweelinge in 'n laboratorium te probeer maak, hoewel die moontlikheid bestaan dat een of ander wetenskaplike dit eendag mag probeer doen.

Hoewel sulke tweelinge uiterlik absoluut identies sal wees, bestaan daar nog onsekerheid of hulle geestestoestand dieselfde sal wees.

"Ek weet ook nie of 'n mens dit ooit sal weet nie, want daar is soveel etiese probleme rondom die kloning van menslike eierselle," sê Fourie.

"Wetgewing is ook nog nie in so 'n mate gevorder dat 'n dokter beskerm sal word indien kloning op mense gedoen word nie."

Voordat kloning op mense gedoen kan word, sal navorsers eers die probleem moet aanspreek oor wat die implikasies sou wees indien hulle 'n abnormale sperm kies en die identiese tweeling wat "gemaak" word, genetiese gebreke sou hê. Dokters word nog nie wetlik hierteen beskerm nie. Ongeveer ses persent van 'n man se sperm is hormonaal abnormaal. Daar is geen manier waarop 'n dokter voor die tyd kan vasstel of die sperm wat hy uit miljoene gekies het, deel van dié ses persent is nie.

Kloning van menslik bevrugte eierselle kan verreikende gevolge vir mediese vooruitgang hê. Daar bestaan bewyse dat tot 30 persent van alle embrio's 'n chromosoom-defek het. Deur 'n sekere metode van kloning kan dié chromosoom behandel word tydens die selverdelingstadium. Fourie sê die algemene beswaar teen sulke navorsing is mense se etiese besware teen "onnatuurlike" ingryping.

Die beginsel van selkloning in die behandeling van veral genetiese afwykings kan oneindige voordele vir die mensdom inhou.

Dokters meen dat selkloning hul in staat kan stel om in 'n baie vroeë stadium van swangerskap moontlike genetiese afwykings te diagnoseer en reeds in die baarmoeder te behandel.

Dit werk so: sodra die bevrugte eiersel in vier selle verdeel het, kan dokters een sel verwyder en ondersoek vir moontlike afwykings. Die drie selle wat oorbly, het 'n 75 persent kans op oorlewing.

Genesing kan in 'n vroeë stadium plaasvind en het veral voordele vir families met 'n geskiedenis van genetiese siektes. Dit sal noodwendig tot gevolg hê dat daar 'n sigbare vermindering in genetiese siektes sal wees.

Navorsing wat aan die Flinders Mediese Sentrum in Adelaide in Australië gedoen is, het reeds gewys dat gekloonde eierselle teen baie lae temperature bewaar kan word.

Die moontlikhede wat dié tegnologie inhou, kan verreikende gevolge vir gesinsbeplanning inhou. Medici meen egter dat dié metodes in die nabye toekoms eties onaanvaarbaar sal bly.

Volgens Fourie is dit baie duur om selle te kloon en mense daarvoor op te lei. Omdat Suid-Afrika in vergelyking met byvoorbeeld Amerika nog agter is in dié veld, word navorsing net op 'n baie klein skaal gedoen.

"Tegnici, navorsers en akademici moet hulself afvra of dit in Suid-Afrika, met soveel gesondheidsprobleme, ekonomies regverdigbaar is om soveel geld te spandeer aan iets wat net op klein skaal aangewend word."

*Einde van die pad vir Arbeidersparty?*

# Nou is dit net afdraande




Die boodskap is duidelik

**Ná die uitbarsting van geweld in Port Elizabeth en Uitenhage se bruin gebiede verlede week, wat tot die dood van 47 mense in vier dae gelei het, vra baie mense of dit die teken was dat die einde vir Eerwaarde Allan Hendrickse se Arbeidersparty aangebreek het. CHRISTELLE DE JAGER het gaan ondersoek instel**

"DIT is nou 'n bevryde ANC-sone. Die Arbeiders is hier dood," was verlede week die kreet van jeugdiges in die brandende en geplunderde strate van die Oos-Kaapse bruin gebiede.

Dié woorde is 'n droewige teken vir die Arbeidersparty, wat 15 jaar gelede nog groot gewildheid onder die bruin gemeenskap geniet het.

Eerw Allan Hendrickse was toe ook nog 'n gewilde politieke figuur met hoë geloofwaardigheid as 'n harde vegter teen apartheid.

Gedurende 1976 se politieke strominge is hy vir drie maande ingevolge veiligheidswetgewing in aanhouding geneem, en later vrygelaat op voorwaarde dat hy vir 'n maand lank nie politieke toesprake maak nie. Hy het egter onmiddellik ná sy vrylating die regering opnuut begin aanval. "Kameraad" Hendrickse was die mense se held.

Toe kom die Arbeiders se Howick-besluit in 1983 om wel aan die driekamer-parlement deel te neem. Die party het gladweg en met groot geesdrif in "die stelsel" in beweeg en skielik heelwat mag gekry. Kort daarna het die beskuldigings van korrupsie teen parlementslede en bestuurskomiteelede van die Arbeidersparty begin.

Hendrickse se nou reeds bekende swem-uitstappie by King's Beach in Port Elizabeth in Januarie 1987 en sy daaropvolgende vernederende apologie aan PW Botha, het hom die slegste van die situasie laat afkom.

Sy luidrugtige teenkanting teen die Wet op Groepsgebiede is ook in Hendrickse se eie gemeenskappe dikwels sinies bekyk na aanleiding van voorvalle by Kleinskool in Port Elizabeth en Langa in Uitenhage waar die Arbeiders daarvan beskuldig is dat hulle eintlik ten gunste was van die verklaring van die gebiede as "kleurlinggebiede", om sodoende grond vir middelklasbehuising te kry. In albei gevalle sou dit die gedwonge verskuiwing van swartmense beteken.

Opnames deur 'n monitor-span wat sedert 2 Februarie in Port Elizabeth navorsing doen, toon dat die Arbeiders as 'n politieke mag nou heeltemal oorskadu is en dat so min as agt persent bruinmense nog polities lojaal teenoor die Arbeiders is.

In teenstelling hiermee is daar in die opname gevind dat die ANC in die bruin gemeenskap as 'n politieke beweging nou gevestig is. Daar word beraam dat 41 persent van die bruin kiesers nou 'n ANC/UDF-alliansie sou steun, 31 persent die regering en 19 persent die Demokratiese Party.

Dit is veral sedert die algemene verkiesing van 6 September verlede jaar en vanjaar se hervormings dat 'n groot swaai van lojaliteit plaasgevind het. Van die kiesers wat op 6 September nog lojaal was teenoor die Arbeiders, het 70 persent hul lojaliteite sedertdien verander.

Rory Riordan van die Menseregte Trust in Port Elizabeth en een van die Monitor-navorsers sê die afname in steun is 'n langtermyn-verskynsel wat in 1969 begin het toe die Arbeiders nog 48 persent steun in verkiesings gehad het. Daarvandaan was dit net afdraande, veral weens die veldtogte van die United Democratic Front sedert 1984 en Staatspresident FW de Klerk se hervormings.

Alex Boraine, hoof van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika (Idasa), sê die Arbeiders is nou net 'n leë dop met geen werklike substansie nie.

"Dit gaan eenvoudig verdwyn. Die geveg is nou tussen die ANC en die NP vir die steun van bruin mense. Wat in Port Elizabeth gebeur het, was 'n aanduiding van die groot gevoel van troubreuk wat daar teenoor die Arbeiders is."

Boraine sê die grootste fout wat wat die Arbeiders gemaak het en die begin van die einde vir die party, was hul toetrede tot die parlement.

"Dit was 'n strategie deur die regering om eerder te ko-opteer as te domineer, wat baie goed gewerk het met die Arbeiders. Miskien is die Arbeiders met goeie bedoelings in die parlement in, maar hulle het niks uitgerig in terme van die afbreek van apartheid nie. Hulle kon ook nie die sosio-ekonomiese beloftes wat aan hul mense gemaak is, nakom nie."

Trevor Manuel van die ANC sê die sluimerende woede van die bruinmense teenoor die Arbeiders het nou tot 'n punt gekom en die party het geen toekoms in die nuwe Suid-Afrika nie.

"As 'n mens goed kyk na die uitbreek van geweld in die Oos-Kaap, sal jy sien dat die winkels en besighede wat afgebrand is, dié is wat aan Arbeider-lede behoort het. Daar is 'n sterk gevoel dat hul die stelsel tot hul eie voordeel gebruik het. Die ANC keur glad nie aksies soos die afbrand van Hendrickse se kerk goed nie, maar die feit dat so iets gebeur, wys op die vlak van woede.

"Voor 1983 het die Arbeiders die grootste steun van die gepolitiseerde deel van die bruin gemeenskap gehad. Veral in die Oos-Kaap en die Wes-Kaapse platteland het hul goeie steun gehad. Nou is die bestuurskomitees in die platteland besig om te bedank en ons het baie plattelandse lede op dorpies waar daar Arbeidsmagsbasisse was," sê Manuel.

'n Politieke wetenskaplike by die Universiteit van die Wes-Kaap, Keith Gottschalk, stem saam dat dit die einde van die pad vir die Arbeiders is. Hy sê ko-opsie het eintlik teen die Arbeiders en die regering gewerk.

"Die regering en die polisie se onluste-eenheid het saam baie suksesvol die steun van die bruin gemeenskap van die Arbeiders na die ANC laat skuif," sê hy.

Hendrickse se seun, Peter Hendrickse, LP vir Addo en woordvoerder vir die Arbeiders, stem glad nie saam dat dit die einde van die pad is vir die party nie.

"Ons het definitief 'n toekoms as 'n onafhanklike party en beplan glad nie 'n alliansie met die NP of die ANC, soos al bespiegel is nie. Ons gaan ook nie verdwyn nie."

Hendrickse betwis die syfer wat in die Monitor-verslag gegee word en sê dat die Arbeiders steeds ten minste 40 persent steun in die Oos-Kaap geniet en dat daar elke dag nog navrae is oor lidmaatskap, veral van die Wes-Kaap.

"Mense begin nou regtig na ons beleid kyk en hul besef dat ons 'n oplossing aanbied," sê hy.

# Gee ons geld terug, asseblief Minister!

DIE lastersaak wat genl Lothar Neethling teen Vrye Weekblad aanhangig gemaak het ná bewerings dat hy betrokke was by die polisie se moordbendes en die verskaffing van gif waarmee politieke teenstanders van die regering vermoor is, dien op 12 November in die Hooggeregshof in Johannesburg.

Vrye Weekblad se onthullings het regstreeks gelei tot die aanstelling van die Harms-kommissie wat politieke moorde ondersoek.

Die koerant se prokureurs het aangedui dat waarborge van R500 000 verskaf moet word voordat advokate opdrag gegee kan word om Vrye Weekblad se saak te stel.

As deel van die poging om dié bedrag in die hande te kry, het Vrye Weekblad dié week die volgende brief aan die minister van Binnelandse Sake, Gene Louw, gestuur:

Geagte Minister Louw

Op 7 Desember 1988 het u departement Vrye Weekblad ingevolge die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname van 1971 as nuusblad geregistreer.

U departement, op advies van die Minister van Justisie, het 'n bedrag van R30 000 van die eienaar, Wending Publikasies Beperk, as deposito geëis vir dié registrasie, terwyl die normale fooi maar R10 beloop.

Die redes wat u kantoor vir dié hoë deposito aangegee het, is dat daar 'n vermoede van u kant is dat Vrye Weekblad die belange van verbode organisasies sou wou bevorder.

Ons wil dit aan u stel dat dié motivering weggeval het deurdat daar sedert 2 Februarie vanjaar geen verbode organisasies meer bestaan nie.

Ons stel dit ook graag aan u dat u departement en dié van u kollega van Justisie nou al meer as 20 maande lank die geleentheid gehad het om 'n oordeel te vel oor waarvoor Vrye Weekblad werklik staan. Dit behoort teen dié tyd vir u duidelik te wees dat die koerant nie die belange van enige politieke party, beweging of drukgroep dien nie, maar alleen dié van die Suid-Afrikaanse publiek; en dat Vrye Weekblad se enigste politieke agenda een is van diens aan die demokrasie, menseregte, skoon en verantwoordelike regering, en vryheid van spraak en van die media.

Die openbare persepsie van die meeste Suid-Afrikaners, glo ons, is dat Vrye Weekblad 'n hoogs gerespekteerde, verantwoordelike en geloofwaardige nuusblad is wat slegs die nasionale belang dien.

Ons verwys u ook graag na Artikel 7 van die Pretoria Minuut van 6 Augustus 1990, waarin daar onder meer gestel word dat die regering onmiddellike aandag skenk aan die herroeping van sekere bepalinge van die Wet op Binnelandse Veiligheid, ook die bepaling wat voorsiening maak vir 'n bedrag wat as deposito betaal moet word voor 'n koerant geregistreer kan word.

In die lig van bogenoemde wil ons 'n dringende versoek tot u rig om die bedrag van R29 990 so gou as moontlik aan Wending Publikasies Beperk terug te betaal. Die dringendheid lê veral daarin dat ons tans gewikkel is in 'n uiters duur hofgeding waarvoor ons binne enkele weke geldelike sekuriteit aan ons regsverteenwoordigers moet verskaf.

Ons waardeer u aandag en u simpatieke oorweging van ons versoek.

**Die uwe**
**MAX DU PREEZ**
**Redakteur**

# ANC vry na Boesak

**HENNIE SERFONTEIN**

DIE ANC het dié week twee ontmoetings met dr Allan Boesak gehad om sy politieke toekoms te bespreek.

Donderdag het Boesak in Johannesburg, op uitnodiging van die ANC, met die senior ANC-leier, Walter Sisulu, gepraat. En vandag sal Boesak 'n drie-man afvaardiging van die Wes-Kaapse leierskap van die ANC - Trevor Manuel, Christo Pinto en Johnny Issel - in Kaapstad te woord staan. Dié gesprekke volg kort op die aankondiging verlede week deur Boesak dat hy voornemens is om 'n politieke loopbaan te volg. Hy het dit egter duidelik gestel dat hy voorlopig nie van plan is om by enige politieke party aan te sluit nie.

Dit volg op sy onlangse besluit om as predikant en uit al sy kerklike ampte te bedank, nadat die nuus oor sy verhouding met die joernalis, Elna Botha, op die lappe gekom het. Sedertdien is aangekondig dat Boesak van sy vrou, Dorothy, gaan skei.

Boesak het dié week verduidelik dat hy as direktuur van die Stigting van Geregtigheid en Vrede, hom gaan toespits om hulp te verleen aan gemeenskappe waar daar krisisse ontstaan vanweë politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede.

In politieke kringe is dit reeds lank bekend dat daar spanning tussen Boesak en organisasies soos die ANC en die UDF bestaan. Hy is beskermheer en stigterslid van die UDF.

'n Senior lid van die ANC het erken dat daar kommer onder ANC-leiers is oor die vervreemding tussen Boesak en die ANC-leierskap in die Wes-Kaap. Daarby is dit ook bekend dat die werwing van die ANC onder die bruin gemeenskap uiters stadig vorder.

In die verlede het die charismatiese Boesak daarin geslaag om reuse-skares te lok. Daarteenoor is die opkoms by openbare vergaderings van die ANC, veral in Wes-Kaapland, teleurstellend.

Boesak het, na bewering, die afgelope paar maande ook drie indringende gesprekke met Staatspresident FW de Klerk oor die politieke situasie in die land gehad. Dit het aanleiding gegee tot bespiegelinge dat Boesak 'n politieke assosiasie met De Klerk soek, iets wat deur die Boesak-kamp ten sterkste ontken word.

AGTERGROND

*Onderhandeling en die nuwe Suid-Afrika:*

# Só voel die gewone mense

**Suid-Afrika se politici praat vreeslik baie deesdae. Vrye Weekblad het gewonder hoe voel gewone mense oor die ontwikkelinge in die politiek die laaste tyd. CHRISTELLE DE JAGER het deur die strate van Johannesburg gestap en met die gewone mense gaan praat om uit te vind. Baie was bang om hul mening saam met hul naam te laat publiseer, terwyl ander te bang was om enigsins te sê wat hul dink. Dit is politiek, los my daaruit, mens weet nooit wat kan gebeur as jy oor sulke goed praat nie, was van die argumente wat gereeld gehoor is. Daar was egter dié wat graag wou gesels oor wat die nuwe Suid-Afrika vir hul beteken en wat hulle dink van die NP en die ANC se pogings om by 'n onderhandelde skikking uit te kom**



**Solomon Bassie** (bo), 'n 24-jarige televisie-tegnikus: Baie witmense is bang vir die toekoms want hulle weet nie wat om te verwag nie. Hulle weet hulle gaan die voordele wat apartheid vir hulle gegee het, verloor, maar hulle vrees is onnodig en een of ander tyd moet ons tot 'n vergelyk kom. Ek hoop net dit kan sonder bloedvergieting gebeur.



**Geoffrey Zacharias** (bo), 'n 31-jarige laboratorium-tegnikus: Dinge sal uiteindelik seker orraait wees en ons in die regte rigting beweeg, maar dit gaan lank neem en moeilik wees. Die meeste mense is 40 jaar lank al in die ander rigting gekondisioneer is en dit kan nie oornag verander nie.

**Justice Sithole**, 'n 28-jarige straatsmous: Die gesprekke gaan Suid-Afrika vir almal beter maak en werkloosheid verminder. Dit moes net lank gelede gebeur het.



**Peter Engelbert** (bo), 'n 21-jarige Duitser wat tydelik in Suid-Afrika werk: Ek is net drie maande hier en weet nie veel nie, maar dit kom voor asof Mandela en De Klerk iets bereik. As 'n Europeër is dit egter moeilik om te verstaan hoekom die ANC nog aan die SAKP vasklou.



**Claudia Mbatha** (bo), 'n 18-jarige matriekleerling van Soweto: Ek is baie gelukkig oor die gesprekke tussen die ANC en die regering. Ek dink FW is opreg, en Mandela wil goed doen vir die hele Suid-Afrika. Ek dink hul gaan my toekoms beter maak.

**Samuel Sepura**, 'n 23-jarige bode: Ons skuld De Klerk 'n kans om te wys wat hy probeer doen. Hy is die enigste leier wat die guts gehad het om 'n kans te vat.

**Sylvester Adams**, 'n 40-jarige winkelassistent: Mense is nou in Suid-Afrika onderstebo en hul baklei met mekaar. Dit is die witman se skuld want hul veroorsaak die probleme. FW is orraait en hul kan maar praat, maar dit gaan niks verander nie. Die witman se gesindheid moet verander. Dit is al wat gaan help. FW het te min steun van sy mense en kan dit nie alleen doen nie.



**Elton Mabaso** (bo), 'n 29-jarige akteur: Ek gee nie om wie praat, en hoe dit reggekry word nie. Al wat ek wil hê, is vrede. Dinge kan net vir al Suid-Afrika se mense beter word as daar vrede in die land is.

**Noreen Maku**, 'n 17-jarige leerling: Dit is goed dat hulle praat. Dit gaan Suid-Afrika verander en dit meer regverdig maak.



**Gary Bradley** (bo), 'n 31-jarige immigrant wat drie jaar lank by die Markteater werk: Ek hoop alles gaan vreedsaam gebeur, maar ek dink daar gaan moeilikheid wees. Dit kom voor asof die regering en die ANC dinge doen agter die algemene publiek se rug en nie oop is oor hul planne vir die toekoms nie. Mense is onseker en weet nie wat regtig aan die gang is of wat om te verwag nie. Dit speel in die hande van die regses wat uit die onsekerheid sterker word.



**Desmond du Plessis** (bo), 'n 25-jarige meterleser vir die stadsraad se elektrisiteitsafdeling: Die mense moet ophou baklei en werkloosheid moet verminder word. Ek stel nie eintlik belang in die politiek of die gesprekke nie, want dit affekteer nie eintlik my lewe nie.

**Walter Munyane**, 'n 52-jarige arbeider: Dit is goed dat hulle praat, maar ons weet nog nie wat gaan gebeur nie. En niks het eintlik so ver verander nie. Ons wag nog, en kan miskien vir 'n lang tyd wag.

**Rivian Singh**, 'n 20-jarige klerk by 'n versekeringsmaatskappy: Daar gaan nog rasse-diskriminasie en probleme wees, maar die regering beweeg in die regte rigting en dinge sal stadig begin beter word. Mense is altyd bang vir verandering, maar nou moet ons, en die regses ook, besef daar is geen keuse nie.



**Goody Buthelezi** (bo), 'n 22-jarige student: Ek is positief oor die toekoms, maar daar gaan steeds probleme wees. Daar is baie witmense wat bang is vir 'n nuwe Suid-Afrika. Ons swartes is bereid om hulle halfpad te ontmoet, maar dan moet ons daardie kans gegun word. En alles moet sonder geweld gedoen word. Dit is ons toekoms en dit is moontlik.



**Paulina Yeats** (bo), 'n 40-jarige huisvrou wat drie weke gelede saam met haar ingenieur-man na Suid-Afrika geïmmigreer het: Ek was vreesbevange voor ek hierheen gekom het, maar wat ek gesien en gehoor het vandat ek hier is, is heeltemal anders. Die mense is vriendelik, daar is 'n goeie gees en dit lyk my daar word groot vordering gemaak. Ek sien nou daarna uit om hier te lewe.



**André Eric Gericke** (bo), 'n 50-jarige bestuurder: Die gesprekke tussen FW en Mandela is die grootste farce. Ek is nie bekommerd nie. Die swartes sal nie in my leeftyd, of in my kinders s'n die land regeer nie. Dit is onmoontlik. Hulle is te verdeeld, en al kom hulle bymekaar, kan jy jou net indink hoe hulle dit sal regkry. Kyk net na die tuislande. Miskien sal 'n Zoeloe soos Buthelezi oomeem as president, maar dit sal net vir die show wees. Eugene TerreBlanche is ook mal. Wat bedoel hy met sy tuisland vir Afrikaners, en wie is Afrikaners in elk geval?

**Deo Sigaban**, 'n 32-jarige sakeman: Ja, hopelik sal ons almal by die verandering baat. Ek is so 80 persent positief.

**Alice Thomas**, 'n 24-jarige boekhouer by die streekdiensteraad: Ek stem heelhartig saam met die nuwe Suid-Afrika. Ons beweeg definitief in die regte rigting. Ons is almal tog mense en dinge moet verander.



**Edwin Richard Lewis** (bo), 'n 59-jarige ketelmaker: Wel, daar word vordering gemaak, maar dit is baie stadig. Met die geweld wat aan die gang is, moet dinge vinniger beweeg. As daar uiteindelik van apartheid ontslae geraak gaan word, kan ons dit net sowel gou doen.

**Elizabeth Hipkin**, 'n 20-jarige klerk by 'n versekeringsmaatskappy: Ek is baie positief oor die toekoms. Ek is bly dat die regering en die ANC nou praat. Hul moes dit lank gelede gedoen het, maar dit is seker beter laat as nooit. Witmense sal moet aanpas en besef dat dit nie meer 'n maklike rit met outomatiese voordele gaan wees nie. Dit is meriete en opvoeding wat gaan tel, hoewel ek dink dat daar vir 'n lang tyd nog baie rasse-diskriminasie gaan wees.


**MARCH ON SABC**



- **The people shall broadcast!**
- **Democratise radio and TV!**
- **Stop Nat propaganda!**

**Time: 10 am • Date: Saturday 25 August • Starting point: Corner Wanderers & Plein Streets, Johannesburg (near St Marys Cathedral)**

Issued by the Campaign for Open Media, PO Box 16939, Doornfontein 2028



# Menseregte vir almal

## *Voel jy vaal en verveeld?*

# Laat boor 'n gat in jou skedel

**'n Gaatjie in jou kop boor om lekkerder te voel? Die meeste mense sê dit is waansin, ander luister weer met groot belangstelling na hierdie bisarre gebruik. IRENE LOUW vertel meer**



SKEDELBORING - die Engelse woord is trepanation - is 'n eeue-oue gebruik om van allerlei senu-toestande ontslae te raak. Tot met die Eerste Wêreldoorlog het dit nog redelik algemeen voorgekom, en in die laat hippie-jare was daar weer 'n oplewing daarvan onder die psigedelieses. Nou is daar weer mense wat dié praktyk bedryf.

Waar mense destyds 'n gaatjie in hul skedels laat boor het om siektes gesond te maak of bose geeste te laat ontsnap, word dit deesdae gedoen om die psige te stimuleer - amper soos die gebruik van dwelmmiddels, meditasie of joga.

Amanda Fielding, 'n Britse vrou wat skedelboring by haar vriende aanbeveel en dit selfs al as platform in 'n parlementêre verkiesing gebruik het, sê die hele idee van "high" wees is om bloed na die brein te laat vloei.

"Dit is presies wat skedelboring doen - 'n permanente en konstante high word behou. As die high wat LSD jou gee, 100 persent en dié van dagga 50 persent is, dan is 'n gat in die kop 'n konstante 30 tot 35 persent". Sy het self in 1970 al 'n gat in haar skedel geboor.

Amanda se vriend Joe Mellen sê in 'n onderhoud met die Britse koerant The Guardian dat hulle gedurende die sestigerjare, toe hy en Amanda "total dropouts" was, op 'n soektog na 'n "permanente high" gegaan het. Hulle glo hulle het dit in skedelboring gevind.

"Daar is niks eienaardigs daaromtrent nie; dis net 'n klein gaatjie deur jou skedel," sê Mellen, asof dit die mees natuurlike ding ter wêreld is. In die 16de eeu al het mense letterlik hul koppe in gieters verander, sê Amanda.

Amanda en Joe se belangstelling is geprikkel deur 'n vriend van hulle, 'n Hollandse mediese student, wat skedelboring 'n klompie jare gelede "herontdek" het. Hy het 'n man by 'n partytjie staan en dophou wat op sy kop staan. Dit was duidelik baie goed vir die man.

Skielik het die Hollander agtergekom dat die mensdom se probleme eintlik met swaartekrag te doene het en dat ons brein-bloed-verhoudings nie is wat dit behoort te wees nie ('n probleem van ons eie toedoen omdat ons op ons agterpote staan). Hy kom toe tot die gevolgtrekking dat dit heeltemal onprakties sou wees om mense die heeltyd op hul koppe te laat staan, en som toe op dat 'n gat in die skedel die brein sal laat "klop" en sodoende die volume bloed in die brein sal verhoog. Die mediese-student boor toe self 'n gat deur sy skedel en kom agter dat die resultaat ongelooflik was: hy het nog nooit beter gevoel nie.

Skedelboorders glo ook die praktyk het heelwat mediese voordele soos dat dit 'n kuur is vir skeelhoofpyn en vallende siekte.

Volgens dr CF Kieck van die Mediese Vereniging en eerste sekretaris van die Vereniging van Neurochirurge van Suid-Afrika is skedelboring deur die ou Egiptenare gebruik om van bose geeste ontslae te raak. Vallende siekte is glo as boos beskou en is deur middel van skedelboring afgedryf.

Kieck sê dit is gevaarlik vir die gewone mens om 'n gat in sy skedel te boor. Hy kan dalk te diep boor en sodoende interne bloeding veroorsaak. Kieck sê ook dat die idee om meer bloed na die brein toe te voer, is nonsens aangesien die bloedtoevoer na die brein gereguleer word, wat beteken dat die brein net 'n bepaalde hoeveelheid bloed kan akkomodeer.

"Die brein reguleer bloed self, en ek kan nie insien hoe dat meer bloed 'n high-sensasie kan veroorsaak nie."

Volgens nog 'n dokter kan bykomende bloed in die brein net nadelig wees vir die brein aangesien die bloedare van die brein kan bars of kan swel. Daar is ook 'n risiko dat die harsings besmet kan word, wat dan tot dodelike breinvliesontsteking kan lei.

Die Britse Mediese Vereniging (BMA) het ook nie die nuwigheid ernstig opgeneem nie. Amanda was woedend hieroor en besluit toe om vir die parlement te staan. Onder die banier Skedelboring vir Nasionale Gesondheid, het Amanda in 1983 se algemene verkiesings 189 stemme op haar verenig.

Skedelboring is glo baie eenvoudig om self uit te voer. 'n Mens skeer 'n kaal kol op jou kop en maak dan 'n kort snit in die kopvel. Die vel word oopgevou, en die gat van sowat 'n sentimeter deursnit word met 'n chirurgiese boor geboor.

Dit neem ongeveer vier uur voordat die effek van die "operasie" merkbaar is. In Amanda se geval was dit 'n "wonderlike stilte en absolute vrede in my kop".

'n Jong Johannesburger wat elke dag van sy lewe dagga rook, het baie belanggestel in hierdie nuwigheid en wou meer daaroor weet omdat sy high nooit lank genoeg is nie. Die idee van 'n permanente high was vir hom baie indrukwekkend en hy sê hy sal dit graag wil probeer.

Nog 'n man met wie Vrye Weekblad gesels het, glo so iets kan dalk vir sy vrou nuttig wees - "enige verandering moet 'n verbetering wees".

Maar die meeste mense wat daaroor uitgevra is, het gegril by die hele idee of net gedink dit is waansin.

Ursula, 'n student aan die Randse Afrikaanse Universiteit, sê dat sy definitief nie 'n gat in haar skedel sal laat boor nie omdat sy nie die logika in 'n permanente staat van euforie sien nie. "Die rede waarom mens high word, is reeds omdat dit nie permanent is nie. Ek sou sê dat mens high wil word omdat jy die alledaagse werklike vir 'n tydjie wil ontvlug. As jy op 'n konstante high is, dan verloor jy mos in 'n mate jou sin vir realiteit en het geen basis om na terug te keer nie."

Sy is duidelik nie iemand wat haar maklik 'n gat in die kop sal laat praat nie.

# Pasgebore baba skenk bloed deur naelstring

BALTIMORE - Dokters het dié week die bloed uit die naelstring van 'n pasgebore dogtertjie na haar broer, 'n leukemie-lyer, oorgetap.

Dit is die eerste keer dat so 'n oortapping gebruik is in 'n poging om 'n leukemie-pasiënt te behandel, sê dokters.

Die vier-jarige seuntjie, Michael Sancilio, ly aan 'n seldsame vorm van leukemie, en dokters voorspel dat hy binne 'n jaar sal sterf indien sy beenmurg nie vervang word nie. Geen geskikte murg is nog gevind nie.

Met Michael se suster se geboorte op 1 Mei, het die dokters bloed uit haar naelstring getap met die hoop dat sy 'n geskikte skenker sal wees.

Haar bloed is dié week na haar boetie oorgetap.

Dr John Wagner sê: "Ons het gedink hy het die kans om nog 'n paar maande te oorleef, maar dit is nie bekend of die siekte sal vererger en lewensgevaarlik sal word nie. Ons het besluit om voort te gaan en 'n kans gevat om die bloed uit die naelstring te tap eerder as om te wag vir die skenker om oud genoeg te word."

Michael het agt dae se intensiewe chemoterapie ondergaan om die kankermurg te vernietig. Christina se selle is in 'n aar naby sy hart ingespuit en na verwagting behoort dit sy bene binne te dring en kankervrye murg binne 30 dae te vorm.

Dokters by die John Hopkins-hospitaal sê hulle weet van drie naelstring-bloedoortappings - twee in Frankryk en een in Ohio. Dit is gedoen om 'n ander siekte - Fanconi se anemie - te behandel. - AFP

# Kenner voorspel Aids-katastrofe vir SA

MARIUS BOSCH

**SUID-AFRIKA stuur op 'n reusekatastrofe af as gevolg van Aids - met kommerwekkende projeksies van 10 miljoen Suid-Afrikaanse Aids-lyers binne die volgende tien jaar, volgens ontleders.**

**Ekonomiese ontleder Edward Osborn het dié week gewaarsku dat die omvang van die Aids-epidemie "van so 'n aard is dat dit noodwendig 'n fundamentele rol in alle denke oor, en beplanning van die toekoms moet speel".**

**In 'n artikel van die Nedcor-groep se ekonomiese eenheid se jongste "Gids tot die ekonomie", sê Osborn die akkuraatheid van die Aids-projeksies kan in twyfel getrek word, "maar dit is duidelik dat daar geen twyfel bestaan oor die onafwendbaarheid van 'n katastrofe nie".**

**Syfers wat die regering verlede maand uitgereik het, toon dat Aids-gevalle in Suid-Afrika die hoogte ingeskiet het van slegs twee in 1982 tot 430 tot en met 21 Junie vanjaar. Ten minste 206 van dié pasiënte het reeds gesterf, met 224 mense wat landwyd steeds aan dié siekte ly.**

**Projeksies deur mediese navorsers en versekeringsmaatskappye is dat tussen 7,5 en 10 miljoen Suid-Afrikaners teen die jaar 2001 HIV-positief sal wees.**

**Osborn voorspel teen die jaar 2000 sal 48 persent van die volwasse bevolking òf HIV-positief òf volskaalse Aids-lyers wees.**

**Moontlike toekoms-scenario's sluit in 'n vinnige toename in Aids-verwante siektes teen die einde van die eeu, wat 'n hoogtepunt teen die jaar 2007 sal bereik met een miljoen sterftes, sê Osborn.**

**Volgens die regeringsyfers is 244 van die 255 Aids-gevalle onder blankes sedert 1982 deur homo- en biseksuele aktiwiteite oorgedra, terwyl net twee uit die 156 gevalle onder swartmense deur homo- en biseksuele aktiwiteite oorgedra is.**

**Altesame 123 swart Aids-lyers het die siekte deur heteroseksuele aktiwiteite opgedoen.**

**Van die ander 19 Aids-lyers was nege bruin homoseksuele mans.**

**Die enigste deel van Suid-Afrika se vier amptelike rassegroepe om dié siekte vry te spring was Indiërvroue.**

**Osborn sê in sy artikel dat die geraamde toename in Aids die koste van mediese behandeling tot R90 biljoen in die volgende eeu kan laat styg - R20 biljoen meer as die huidige totale mediese begroting.**

**"'n Angswekkende maar moontlik realistiese alternatief is dat Aids-kolonies soortgelyk aan kolonies vir melaatses - soos na bewering by die Kariba-meer in Zimbabwe - gestig word," sê Osborn. - AFP**

AGTERGROND

*Irak en die Derde Wêreldoorlog*

# Nostradamus weer in die kol

**Toe Saddam Hoessein van Irak twee weke gelede oorloggeluide begin maak het, het volgelinge van Michel Nostradamus, die 16e eeuse Franse astroloog, hul ore gespits. Nostradamus het 450 jaar gelede voorspel dat die Derde Wêreldoorlog in Irak sou begin. AUDREY BROWN vertel van dié en ander voorspellings en gesels met kenners wat meen Suid-Afrika pas ook in die prentjie**



Michel Nostradamus
*(Uit: David Pitt Francis: Nostradamus, Prohecies of Present Time, 1985, The Aquarian Press)*

"DIE groot bende en anti-Christelike sekte van die Moslems gaan in Irak en Sirië, naby die Eufrate, opstaan met 'n leër en sal die wet van die Christendom as sy vyand sien," het Nostradamus in 1555 geskryf.

"Die Irakese gaan opmars teen die bondgenote van Spanje terwyl die mense hulself geniet, al laggende om die eettafels. Almal sal aan die slaap gevang word.

"Die Arabiese leier gaan oorlog verklaar teen die soewereine monargie en die mag van die kerk sal deur 'n see-inval ondermyn word. Daar sal meer as 'n miljoen soldate in Iran wees, en Satan sal Turkye en Egipte binneval."

Wanneer sê Nostradamus gaan dit alles gebeur? In Julie 1999, het hy geskryf, sal daar 'n "groot leier" opstaan, terwyl die oorlog "daarvoor en daarna" sal woed.

Nostradamus het darem 'n oorwinning vir die Weste voorspel.

Hy het ook voorspel dat die twee groot magte nie vyandig teenoor mekaar sou wees nie.

## Bush

Pres George Bush van Amerika het vroeër dié week gesê dat die krisis makliker hanteerbaar is omdat sy land en die Sowjet-Unie nou in vrede saamleef. Maar volgens Nostradamus kan ons die vrede nie vertrou nie omdat Rusland teen Amerika gaan draai om die Moslems te ondersteun. Sy standpunt word beaam deur twee ander kommentators; Rod Suskin en Moulana Ibrahim Moosa.

Volgens Moosa, 'n lektor in Islamitiesedenke en kultuur aan die Universiteit van Kaapstad, is die Sowjet-Unie se posisie in die saak nie so duidelik as wat dit nou voorkom nie: "Amerika het die Russe gekoöpteer om sanksies teen Irak te verkondig. Maar die voorsitterskap van die Veiligheidsraad van die VVO word later dié maand deur Rusland oorgeneem. Dan kan dit miskien 'n ander storie wees."

Ander kenners wys ook dat die Sowjet-Unie, Irak se grootste wapen-verskaffer, se posisie ietwat dubbelsinnig is.

## Gyselaar

Nostradamus het ook voorspel dat die Moslems 'n heilige oorlog of "jihad" sal verkondig en dat Europa verskeur sal word deur mense wat vyandig staan teenoor Christene. Verlede Sondag het Hussein 'n "jihad" aangekondig.

Die volgende deel van Nostradamus se voorspelling lyk op dié oomblik onwaarskynlik: Hy vertel dat die pous sy tuiste sal verlaat om skuiling teen dié aanslag te soek in Frankryk. Maar dis nie al nie.

Die leier van Brittanje sal vir twee jaar as gyselaar aangehou word, en die pous sal vermoor word nadat Italië deur 'n mag wat "die wet van die Christen as sy vyand sal beskou", oorrompel word.

Die Moslem-magte sal die hele wêreld probeer oorneem - totdat "die Land van die Olifante" ingryp. Daar heers tans 'n sterk anti-Arabiese aanslag in lande soos Frankryk, waar die regtervleuel kwaai teen Arabiere in dié land optree.

Nostradamus se volgelinge glo dat die "Land van Olifante" na Suid-Afrika verwys, deels omdat daar meer plekke hier is wat die woord "olifant" insluit as enige ander land ter wêreld.

Volgens Nostradamus swaai die deelname van dié land die ewewig van kragte in die guns van die Westerse magte. Maar dan begin die oorlog wat "lankal broei" in die "Land van die Olifante" in alle erns. Dié oorlog vernietig die land.

Suid-Afrika het al heelwat wapens aan Irak verkoop. Suskin glo dat die "oorlog wat lankal broei" 'n verwysing na die rasse-oorlog in Suid-Afrika is.

## Doodreg

Volgens Suskins, 'n student van Nostradamus, is daar goeie rede om dié profeet te glo omdat hy "doodreg" was in alles wat hy voorspel het - ons verstaan net nie baie van die dinge wat hy sê nie.

Nostradamus, wat in die 16e eeu geleef het, moes onder die swaard van godsdienstelike onverdraagsaamheid sy voorspellinge verkondig en hy moes baie slim te werk gaan. Dus het hy sy voorspellinge volgens 'n kode geskryf. Dié kode is na twintig jaar se werk deur 'n Franse astroloog, Jean Charles de Fontbrune, ontdek.

Ondanks dié feit kon Nostradamus tog baie duidelik aan geslagte ná hom vertel hoe die Eerste en Tweede Wêreldoorloë sou begin.

Hy het die koms van Hitler voorspel asook die verloop van die Franse Revolusie met Napoleon as die tweede anti-Chris.

Suskin sê: "Soos die dae verbygaan, word elkeen van sy voorspellings as waar bewys. Dit laat my gril."

Die res van Suid-Afrika gril saam. Verlede week is alle boeke wat na Nostradamus se voorspellinge verwys, uitverkoop.

## Verwoes

Mense is bang omdat Nostradamus praat van 'n oorlog wat die hele wêreld gaan verwoes: hy voorspel die derde anti-Chris wat "erger is as enige van dié wat voor hom gekom het."

Gevra hoe dit moontlik is om te weet wie dit sou wees, sê Suskin: "Nostradamus beskryf in groot besonderhede wie die persoon is. Volgens verskeie leerlinge van Nostradamus is dit nie Hussein nie.

"Ek dink Hussein is hier om die pad oop te maak vir die ware anti-Chris. Ons ken hom nognie, maar as hy verskyn, sal almal weet wie hy is."

Nostradamus beskryf die anti-Chris as "'n slim man wat verkies sal word sonder dat hy enigiets sê. Hy sal as 'n heilige voorkom, hy sal 'n eenvoudige lewe lei. Skielik sal hy sy tirannie blootstel, en die magtigste lande sal aan hom onderdanig wees." Dit kan dus nie die Ajatolla Khomeini of Muammar Gaddaffi wees nie.

"Mense het natuurlik gegis dat dit een van die twee kon wees, maar kenners het geweet dit is nie moontlik nie. Nostradamus het in elk geval baie duidelik die Ajatolla uitgeken."

## Hongersnood

Sy voorspelling oor die Ajatolla lui so: "Revolusie, hongersnood en oorlog sal sonder ophou voortgaan. Godsdienstige fanatisisme sal die Sjah bedreig wie se einde in Frankryk sal begin omdat 'n profeet in 'n versteekte plek gehou word."

Volgens Suskin is dit presies wat gebeur het: die Ajatolla is in 'n godsdienstige tuiste weg van die wêreld versteek totdat die godsdienstige fanatisisme in Iran tot 'n hoogtepunt opgebou het. Toe is hy terug Iran toe om die land oor te neem.

Hy het ook geskryf oor Muammar Gaddafi: ""n Libiese staatshoof, magtig in die Weste, sal die gemoedere van talle Arabiere teen die Franse opsweep."

Suskin sê Nostradamus het voorspel dat 'n kort vrede sal volg ná die oorlog wat deur Irak begin is.

## Alliansie

Die oorlog word beëindig nadat 'n land - Suskin glo dit is Suid-Afrika - tussenbeide tree om die Russe, wat in die tussentyd sy rug op die Westerse lande gedraai het om 'n alliansie met die Moslems aan te gaan, teë te gaan.

Frankryk keer terug na die monargie, maar die Franse koning sterf en Rusland word 'n demokratiese stelsel. Maar dan ontstaan daar 'n alliansie tussen die Moslems en die "geel rasse" van die Verre-Ooste. Dis hier waar die anti-Chris sy ware kleure wys. En dan begin die Derde Wêreldoorlog in alle erns."

Die vraag wat by baie mense ontstaan is natuurlik: Kan Nostradamus se voorspellinge waar word? Suskin glo so - hy vertel dat Nostradamus selfs voorspel het dat mense sy voorspellinge sou spot: "Rusland sal die Weste op loop sit, maar nòg die mense gebore tot die revolusie, nòg die Duitsers sal na my boodskap luister wanneer die pous die oorlog noem."

# Islam ontevrede met voorspelling

IRAK se inval in Koeweit het baie mense na die voorspellings van Nostradamus laat gryp omdat hy van 'n Midde-Oosterse "anti-Chris", wat die Derde Wêreldoorlog gaan ontketen, praat. Maar baie volgelinge van Islam is ontevrede met dié voorspelling, en glo dit moet in 'n breër konteks geplaas word.

Volgens Moulana Ibrahim Moosa, 'n lektor in Islamitiese-studies aan die Universiteit van Kaapstad, is daar 'n sterk anti-Islamitiese gevoel wat dwarsoor die wêreld heers.

"Dit is baie maklik vir mense om van die anti-Chris as 'n Moslem te praat, maar sedert die oorlog teen Iran in 1981 begin het, het die anti-Islamitiese gevoel wêreldwyd sterk toegeneem. Die situasie moet in dié konteks verstaan word.

"Dis ook in dié konteks wat 'n mens die Weste se ondersteuning vir die omstrede 'Satanic Verses' van Salman Rushdie moet verstaan."

Moosa sê Irak het die agt jaar lange oorlog met Iran met die ondersteuning van Amerika en ander Westerse lande, asook baie van die magtige Arabiese lande, begin.

"Agt jaar was Saddam Hoessein van Irak die Weste se 'hitman' in die Midde-Ooste. Nou wil hy sy betaling vir dié oorlog hê. Die Arabiese koninkryke het hom in die steek gelaat. Ek stort geen trane vir die Arabiese magte nie, omdat hulle hande drup van die bloed. Ek sal ook geen trane stort as daar 'n oorlog uitbreek nie omdat Amerika hulself as die polisieman van die wêreld aangestel het.

"Maar hulle oordeel net sekere lande. Toe Israel die Gaza-strook en die Wesoewer ingeval het, het hulle nie veel te sê gehad nie. Hulle beskou ook die wêreld se bronne as hul eie, en dit is verkeerd. Wat sou gebeur as die Arabiere die Niagara-valle as hul s'n beskou het? Dit sou nie toegelaat word nie."

Maar, volgens Moosa, is daar veel dieper redes waarom die anti-Islamitiese gevoelens opgesweep word: die wêreld het 'n nuwe sondebok nodig. Noudat Rusland en Amerika vrede gemaak het, moet daar 'n nuwe "vyand" gevind word.

"Dit lyk of die Weste altyd 'n vyand nodig het. Noudat die Russe gekoöpteer is, moet iemand sy plek inneem."

Moosa sê deur die eeue is daar 'n sterk afkeer in Islam - soos in die werk van Shakespeare en Chaucer weerspieël word. "Die kruistogte van die 13e eeu was 'n oorlog teen Islam. En Shakespeare se Otello maak van die Moor 'n barbaar. Selfs Karl Marx het geskryf dat die Moslems en die mense van Indië oorheers moet word. Die kruistog-mentaliteit leef nog voort."

Van Nostradamus se voorspellinge sê Moosa: "Westerse Christene bestempel ander mense as anti-Christe - wat van dié wat nie 'n konsep van Christus in hul geloof het nie? Is hulle almal anti-Christe? Die Weste beskou alles net uit hul oogpunt, dus neem hulle aan dat die hele wêreld sogenaamde Christene is."

Hy dink tog dat voorspellings waarde het, hoewel hy nie glo dat Nostradamus vry was van die vooroordele van sy tyd nie: "Ek dink sy voorspelling is interessante bespiegelinge, maar in sy tyd was die koue oorlog tussen Frankryk en Islam op sy koudste. 'n Mens moet ook in gedagte hou dat die anti-Chris nie noodwendig 'n persoon hoef te wees nie - dit kan 'n geskiedkundige mag wees."

# Afrika byt nie aan ateïsme nie



**Die bekendstelling van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party twee weke gelede, het die debat oor Marxisme en godsdiensvryheid op die voorgrond gestoot. Dit laat opnuut vrae ontstaan oor die oorsprong van die ateïstiese aard van die ideologie van Marxisme, die verskillende vorme van Marxisme, en die analogie dat verskeie teoloë - ook in Suid-Afrika - van Marxistiese analises gebruik maak in hul denkwyse. INA VAN DER LINDE het met 'n paar teoloë gaan gesels.**

KOMMUNISME het die waarde van 'n godsdiens vir sy aanhangers in die sin dat dit 'n volledige verklaring gee van die werklikheid, en van die mens as 'n deel van die werklikheid, skryf 'n Brit, RM Carew Hunt.

Nog 'n politieke teoretikus en skrywer, William T Bluhm, verwys na Marx as 'n "sekulêre profeet".

Die apokaliptiese wyse waarop Marx oor die geskiedenis filosofeer, herinner aan 'n "gesekulariseerde weergawe van die Joods-Christelike filosofie van die geskiedenis en die aanbreek van die eindtyd", sê Bluhm.

"Dit beeld 'n swaar beproefde mensdom uit, wat deur eeue van boosheid, lyding en ongeregtigheid swoeg, maar wat uiteindelik en skielik uitkom in 'n paradys van behaaglikheid en regverdigheid, waarin die uitverkorenes (die proletariaat) ... wat langdurige onderdrukking verduur het, die ereplek gegee word."

Wat sê Marx oor godsdiens?

'n Gesaghebbende boek oor die verskillende ideologieë wat in Suid-Afrika 'n rol speel, "Contending Ideologies in South Africa", (Leatt, Kneifel en Nürnberger), verduidelik dat Marx sy idees by die filosoof Ludwig Feuerbach oorgeneem het.

Feuerbach het gesê die mens het van homself vervreemd geraak deur sekere eienskappe wat deel is van sy eie natuur op 'n bo-aardse wese te projekteer.

> **"Indien die leiers van die SAKP oortuigde kommuniste is, kan 'n mens verwag dat hulle ateïste sal wees. Maar ek verwag nie dat hulle dit aan die groot klok sal hang nie, omdat die bevolking nie op daardie punt goed sal reageer nie."**

Marx het gesê godsdiens - en by implikasie al die produkte van die menslike verstand - is 'n gevolg van die mens se materiële omstandighede.

Hy het godsdiens beskou as die ideologiese vervulling van die mens wat vervreemd is van sy omgewing, "die uitdrukking van ware ellende en terselfdertyd sy beskerming daarteen".

Godsdiens gee uitdrukking aan die hoop vir 'n beter wêreld, vir 'n heel wêreld waarin geregtigheid seëvier, maar godsdiens doen niks om dié ideale te verwesenlik nie.

Godsdiens, sê Marx, "is die sug van die gefolterde skepsel, die hart van 'n hartelose wêreld". Dit dien om die posisie van die dominerende klas oor die onderdruktes te regverdig. Dit is die "opium van die massas"; dit sus mense tot passiwiteit en gehoorsaamheid, tot die aanvaarding van die onheilige stand van sake as "die wil van God".

Georganiseerde godsdiens en persoonlike geloof dien dus as struikelblokke vir maatskaplike vordering. Kerke laat die kapitaliste toe om winste te maak, en beperk hulself tot die vertroosting van die slagoffers met 'n denkbeeldige hemel, en leer hulle om mensliewend te wees teenoor hulle onderdrukkers.

Godsdiens sal vanself verdwyn wanneer die rede vir sy bestaan, naamlik die mens se vervreemding, verdwyn, sê Marx. In die kommunistiese gemeenskap sal daar geen nodigheid vir godsdiens wees nie. Die mens sal alles in almal wees.

Terwyl daar omtrent net soveel vorme van sosialisme, Marxisme, en kommunisme ontwikkel het as wat daar verskillende teologieë in die Christelike godsdiens is, blyk dit dat godsdiensvryheid omtrent net in die Oos-Europese kommunistiese lande ooit 'n kwessie was.

Wanneer Afrika-leiers sekere aspekte van Marxisme aanhang, beteken dit nie dat hulle kommunisme onveranderd aanvaar nie. Die ateïstiese karakter daarvan word bestempel as vreemd aan die Afrika-karakter.

Prof Klaus Nürnberger van Godsdiensstudies aan die Universiteit van Natal en 'n mede-skrywer van die boek "Contending Ideologies", sê hoewel ateïsme 'n belangrike aspek van kommunisme is, Afrika-leiers besef dat die bevolking baie godsdienstig is.

"Indien die leiers van die SAKP oortuigde kommuniste is, kan 'n mens verwag dat hulle ateïste sal wees. Maar ek verwag nie dat hulle dit aan die groot klok sal hang nie, omdat die bevolking nie op daardie punt goed sal reageer nie."

Die eintlike aantrekkingskrag van die kommunisme in Suid-Afrika skuil in die klem wat hulle op sosiale geregtigheid plaas, sê Nürenberger, en dit is regoor die wêreld die geval.

Hy moes in die verlede dikwels konferensies reël oor die debat kapitalisme/marxisme, en dit het hom opgeval dat swartmense, insluitend teoloë, glad nie bekommerd is oor die ateïstiese aspek van kommunisme nie.

"Op die konferensies het die swart deelnemers nooit eintlik verstaan hoekom wittes so opgewonde raak hieroor nie. Die rede hiervoor, sê hulle, is omdat Marxisme nou verwant is aan die Christelike geloof in die opsig dat albei werk vir sosiale geregtigheid."

Hierteenoor sien witmense die hel oopgaan wanneer kommunisme ter sprake kom.

Nürnberger sê in 'n empiriese ondersoek wat hy vir die RGN gedoen het, is vasgestel dat mense sosialisties dink as hulle onder 'n sekere inkomstepeil val. Sodra hulle egter bokant 'n sekere inkomstepeil val, dink hulle in terme van 'n vrye ondernemingstelsel. En dit geld wit en swart, sê hy. Suid-Afrikaners het geen ervaring van kommunisme nie. Wat vir hulle belangrik is, is hul sosiale posisie.

Hy wys ook daarop dat bevrydingsteoloë in die Derde Wêreld van die sosiale analitiese metodes van die Marxisme gebruik maak. Van die metafisika, waarvan ateïsme 'n deel uitmaak, word egter nêrens werklik aangetref nie.

Op die vraag oor wat agter die vrese vir die SAKP lê, sê Nürnberger dit is nie omdat kommuniste ateïsties is nie, maar die feit dat dit die bestaande sosiale strukture aanval, wat sekere voorregte aan sekere mense bied.

Hoe gebruik teoloë Marxisme?

Dr Ras van Niekerk, teoloog aan Unisa, verduidelik dat daar net soveel verskillende aanwendings en beïnvloedings by verskillende teologiese tradisies is as wat daar verskille is in Marxistiese beïnvloeding in staatsvorme.

Een van die voorste eksponente van Marxistiese analise, dr Itumeleng Mosala van Godsdiensstudies aan die Universiteit van Kaapstad, lewer in die jongste uitgawe van die "Journal of Black Theology" byvoorbeeld striemende kritiek op kapitalisme.

Hiervoor maak hy gebruik van die woordeskat en konsepte van Marx. Hy skryf: "...daar is geen bevrydende toekoms ... vir die Christendom en die kerk uit hulle verslawing aan die bourgeois-ideologie en -praktyk nie, behalwe as 'n sosialistiese Christelike praktyk gevestig kan word."

Hy sê ook die keuse vir die Suidpunt van Afrika lê nie tussen sosialisme en kapitalisme nie, maar tussen "sosialisme en barbarisme".

Mosala sê daar is bourgeois-vorme en werkersklas-vorme van die Christendom. Hy bestempel dit as 'n mistasting om te dink dat die spanning tussen die twee botsende strominge nie-ideologies opgelos kan word.

Hy sê voorts: "...ek is van mening dat Christene wat nie sosialiste is nie, nie Christene kan wees nie ... kapitalistiese Christendom is teenstrydig met die Evangelie van Jesus van Nasaret."

Van Niekerk sê Marxisme het by baie teoloë gelei tot 'n konkrete analise van dit wat in hulle samelewings fout gegaan het. Die besef dat godsdiens ook konkreet moet wees, val nie uit die lug nie, sê hy. Dis nie die Christendom wat self daartoe gekom het nie, maar dit is kritiek op die Christendom onder andere vanuit die Marxisme wat tot aanpassings gelei het.

Mofokeng sê Marxisme verskaf die beste analitiese gereedskap om die gekompliseerdheid van die kapitalistiese stelsel te verstaan. Die kennis kan aangewend word om verandering in 'n gemeenskap te bewerkstellig.

Hy wys daarop dat die Bybel in 'n feodalistiese omgewing geskryf is, waar die frustrasies van kapitalisme nie bestaan het nie. Deur analities te kyk na die oorsake van die probleme in byvoorbeeld 'n kapitalistiese stelsel, kan iets daadwerklik gedoen word aan die onderdrukking van die werkersklas - 'n aspek waartoe die verkondiging van sieleheil of die voed van die hongeres nie veel bydra nie.

"Ons gebruik Marx om mense wakker te maak om self verantwoordelikheid vir hulle omstandighede te neem en iets daaraan te doen," sê Mofokeng.

*Môre hoef nie 'n lang dag te wees nie...*

*Die wenkbroue het gelig toe daar op 4 November 1988 'n nuwe, onafhanklike koerant verskyn het wat bo-aan sy naam op die voorblad verklaar: Die nuwe stem vir die nuwe Suid-Afrika.*

*Baie het sinies gevra: Wat is hierdie kastige "nuwe Suid-Afrika" waarvan julle praat?*

*Miskien was ons die tyd 'n bietjie vooruit. Nou ja. Liewer te ver voor as te ver agter. En ons hou nogal daarvan om voor te loop, al vang 'n mens die meeste wind daar.*

*Vandag praat selfs destyds se agterosse al van die "nuwe Suid-Afrika".*

*As jy saam wil voor bly, kan jy nie bekostig om langer sonder Vrye Weekblad klaar te kom nie. Vul sommer nou 'n tjek of poswissel in en ons lewer Vrye Weekblad elke Vrydagoggend op jou voorstoep af. As jy nie in die PWV-gebied, Bloemfontein, die Kaapse Skiereiland, Paarl, Stellenbosch, Strand of Somerset-wes woon nie, dan stuur ons dit per pos aan.*

*Dit kos R75 vir twaalf maande en R40 vir ses maande (AVB en aflewering ingesluit). Stuur aan Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113*

**Vrye Weekblad**

***Ons is die nuwe Suid-Afrika***

***Kom, loop saam met ons die toekoms in***

# Fragmente van 'n groeiende gewaarwees



**BREYTEN BREYTENBACH het Donderdagaand op Stellenbosch by die konferensie van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) gepraat oor "Afrikaner, Suid-Afrikaner, Afrikaan". Hier volg sy hele toespraak, opgedra aan die gedagtenis van die Soweto-jeugleier van 1976 wat verlede week dood is, Tsietsi Mashinini**

DAMES EN HERE, lede van die Polisie, die Veiligheidspolisie, Nasionale Intelligensie, Militêre Inligting, Burgerlike Samewerkingsburo, Munisipale Veiligheid, spioene, agente, insypelaars, molle, operateurs, moordenaars, hanteerders, bombefoktes, betaalmeesters, Broederbonders en ander konkelaars beperk, binnekamer-stratege, katknypers-in-die-donker, besorgde intellektuele, totale afweerders, oud-folteraars, inkwisiteurs, vertroulike raadgewers, stalknegte, howelinge, gestuite ampsdraers, toekomstige volksélite, saamlopers, movement pandoers, morele herbewapendes van die Nasionale Party, gefedereerde Afrikaanse kultuurdraers en cultural workers, slapriemvoorbokke, lapelvreters, rugstekers, opstokers, dweillappe, yuppies en japies, rugbyspelers, groupies, vlagmanne, Stellenbosse slapjannies en slaksannies, verslaggewers, onderhandelaars, lykbesorgers, kontakmense, informante, closet revolutionaries, Voortrekkers en draadtrekkers, lekkasies, fasiliteerders, ongeïdentifiseerde bronne, gekoöpteerdes en gestruktureerdes, professore en doktore en gomtore en kokkedore en toordokters en tokkelokke en ander saadsokkies van die volk, hedoniste en anargiste en kommuniste en Bolsjeviste en omgewingsverskriktes en voyeurs en ontstelltenis-verstiktes en beswaardes, lede van Medusa, bra's en gabbas en chinas en tjomme en pêlle en majietas en ministers en ander poephol pilots, kamerade en comrades, broers en susters - kortom, liewe mede-Suid-Afrikaners:

Ek staan voor julle in driedubbele verleentheid. Voor my koms het ek 'n bydrae voorberei; dié het ek nou weggegooi en ek wil om verskoning vra vir dit wat ek in die plek daarvan aanbied, en wat plek-plek embarasserend persoonlik is. Hierdie land het nog altyd iets aan my gedoen wat ek nie maklik kon verwerk nie. Nou - geleidelik maar ook skielik - het ek moes besef dat daardie iets te swaar en te anders geword het om in my op te neem, miskien ook omdat die verwerker mettertyd die soepelheid van groei verloor het. Ek gaan draf teen die berg en die bekende veldgeure van vroeër, alhoewel ongeëien, die bloekomtolle en die eerste pruimbloeisels, die stuiwende vertroudheid bring 'n vrede en 'n gerustheid wat ek seker net hier kan belewe - en tegelykertyd is die belewenis omgeef van 'n vreemdheid en selfs 'n vervreemding. 'n Franse filosoof het gesê die straf vir 'n man wat lief was vir vroue is om hulle nog steeds lief te hê. Ek is verlief op hierdie land met 'n eerste liefde.

In my diepste wese is dit alles myne - is dit dan nie juis die samestelling van my wese nie? - maar nou weet ek dis 'n afgesterfde wese, 'n soort apokriewe onderbewuste wat my drome kleur en ingedagtige resonansie gee aan alles wat my hand mag doen. Ek het myself nog altyd as radikaal belewe: 'n lewe van rukke en stote, fokops en breuke; by tye was ek 'n stormloper, dikwels ook 'n weghardloper. Nou moet ek eenvoudig aanvaar dat ek ook 'n papbroek is, en na 'n kant toe moet staan. Hierdie lig met sy donkertes, die dennebolle en die aandreuke van berg vermeng met dié van see, die oeroue herkenning van mense se gebare en die glimlagte in hulle oë - dit alles maak te seer. Wat ek vir so lank as 'n veraf vertroudheid ervaar het, is nou 'n nabye verwarring. So moet die dooie omtrent voel as hy per ongeluk weer opgestaan het. Dis nie meer my land nie.

Die eerste verleentheid: om hier in 'n vreemde omgewing my intieme huiweringe te staan en uitpak. My ankers, selfs die sleepankers, het losgeruk - hoe kan ek julle dan op sleeptou wil neem? Nou verstaan ek waarom ek ongewillig was om te kom, want vir my word dit 'n afskeid neem van 'n soort droom van revolusie, van 'n verwantskap, van verwagtinge en 'n openbare betrokkenheid. Voordat dit alles te somber en te reaksionêr word, te veel van 'n selfbejammering, moet ek onmiddellik byvoeg dat die revolusie natuurlik sal voortduur - dit hang tog nie van my af nie - en dat ek geensins enige vroeëre stellingnames af wil skryf of nou as in my baard wil staan en vrywe oor "die goeie ou dae" nie. Van die wreedste kenmerke van die goeie ou dae is nog met ons. Die moorde, die dikvelligheid en die arrogansie van die maghebbers duur voort. Die armes is armer en die rykes ryker. Die letsels en die morele besmetting van die illegale apartheidstaat is hier vir enige bobbejaan om te sien. The looking continues. Ook die stryd duur voort, en die afwykings en die korrupsie wat dit ontketen is eweseer aldag duideliker. Ek sê nie moenie maak soos ek gemaak het nie, maar wel dat daar 'n tyd is om te kom en 'n tyd om te gaan, en my eie klein moment van persoonlike onttrekking is hier, miskien ook juis om te mag oorgaan tot 'n dieper versnelling.

Dalk is my boedel-oorgee tog nie so privaat nie, maar simptomaties of wéérspieëlend van die verwarrende oorgangsfase waarin julle julself bevind. Dan is my tweede verleentheid dat ek sodanig die kluts kwyt is, alreeds by herhaling te veel gepraat het, dat ek nou weinig sinvols het om by te dra tot die ontwarring van insigte. Maar dit is goed so: die tye van orakels en profete en ghoeroe's en rigters is verby, en ek sou wou hoop dié van kommissarisse ook. Julle móét verwar word, weer en weer, totdat julle gedwing word om vir julself te dink. As julle dan dom moet wees, wees dit verkieslik met julle eie outentieke domheid, liewer as om gemaneuvreer te word om iemand anders se slim onnoselhede te help toesmeer of aanvaarbaar te maak met bokkespronge en 'n ge-viva vir Afrika: die toutjiestrekker gaan julle tog in ieder geval maar behandel as 'n klomp dommes. Suid-Afrika se heersende politieke kultuur is dié van koöptering. Daar is nog te veel areas van stilte, van medepligtige swye, van 'n wedersydse morele afpersing wat teer op erfskuldigheid en die behoefte om verneder te word. Ons vat mekaar mos nie aan nie, ons voel nie eens aan mekaar nie; ons probeer mekaar manipuleer of hanteer.

Ek soek revolusionêre, nie gelowiges nie. En eintlik bestaan die revolusionêre etiek van lojaliteit, eerlikheid, die ordentlike uitsuiwering van verskille, en onafhanklikheid - om nie soos morele afpersers en bedelaars bakhand voor die wêreld te staan - nog nie in Suid-Afrika nie.

Niks om te sê en niemand wat daardie niks kan hoor nie. Slegs belewenis bring begrip en ons kan nie leer nie - nòg uit die geskiedenis, nòg uit voorligting of papegaaipraatjies. Selfs die mite - die mantra-mompeling of die artifaksie - van die moontlikheid om 'n kommunistiese staat in Suid-Afrika haalbaar te maak, sal volvoer en deur eie ervaring vernietig moet word, want Oos-Europa se inkalwering het geen plaaslike impak nie.

My derde verleentheid: dat ek met 'n niksseggende ooppraat myself marginaliseer en bespotlik maak; of erger, siende ek nou die sirkussaagsels van my voete skud, dat ek blyke sal moet lewer van 'n saamvattende wysheid verkieslik gemelk uit die uier van kultuur, daardie sekulêre koei, en ek is nie gebore in staat om dit te doen nie. Ek weet nou minder as in die begin, behalwe vir 'n paar refreine, die na-klank van al die klappe om my ore. Ideologie is skynwerklikheid. Daar is nie 'n oplossing nie, die droom is dood, Utopia is geplunder en toe afgebrand soos 'n bottelstoor - en tog, verandering is onvermydelik, die transformasie gaan voort, die projeksie van alternatiewe (insluitende drome) bly funksioneel noodsaaklik, ons is deel van die proses en gekonfronteer met die steep learning curves van Marxisme na die materiële werklikheid.

My ma het altyd gesê dit betaam nie 'n blinde mens om 'n klip in die bos te gooi nie - netnou spring daar 'n hond uit. Ek staan telkens weer oopmond by die lekkerte van Afrikaans. As ek moes sê: Ek trap op die hond," dan weet ek ek moet spring om nie gebyt te word nie; maar sou ek sê: "Ek trap in die hond," dan's dit klaar te laat, en die slagyster aan die skoen.

Ek het nie hiernatoe gekom met die narscissisme van die sendeling nie. Ook nie om deel te neem aan die gestoei om Stellenbosch se siel nie, en nog minder om die Afrikaner rigting te gee - want dit sou futiel, verwaand en reaksionêr wees; ek is hier om nog 'n laaste keer my stem te probeer vleg in die koor van die nasionale debat. Ons is en bly halwe mense - half privaat en half publiek - en aldus vir selfkennis aangewys op hoe ander ons sien. Die temas wat bly opduik is tyd, beweging, verhouding, identiteit, verandering, vernouende gesigvelde, rowe van ervaring, skuwerighede en skurftes, verantwoordelikheid (teenoor wat? teenoor wie?), verwagtings - gedeel en eksistensieel - helderheid, wát gekommunikeer kan word, en hóé, en vir wat, en behoort dit?; die dwang van persepsie, die voorskriftelike van die siening wat ander van jou het, die verlore geleenthede, die verkeerde keuses, die dooie gewig van eskatologie, die lering van die laaste dinge wanneer jy voor jou siel weet daar is slegs beginne en nooit eindes nie, die konkrete maar ook die beperkte... Hoe meer ek tot denke probeer kom oor "die openbare ding", hoe meer sekreer die observasiepunt uit, daardie wanordelike samestelling wat "ek" genoem word. Alles en die presiese teenoorgestelde daarvan is ewe waar, die onpresiese teenoorgestelde eweseer. Ek het probleme met definisies, maar om vat te kan kry aan verskynsels soos hulle opdoem oor die ervaringskim in 'n tyd van uitruilbare lesings en vanuit die boesem van 'n verbruikersbeskawing, met die skrywer as smokkelaar van gewaarwording - kortom, omdat ons gebaar word uit die partydige ekwivalensie van táál en gekalibreer word deur konvensies - is definisies wel nodig. Huiweriger as dit kan ek seker nie sonder om myself onder stof en stilte te loop nie. Privater ook nie (by 'n ander soeke na definisie het ek hoeka beweer dat etiek die skaamdele van estetika is). Dus in die taalverwante soeke na 'n verteerbare definisie, sal mens seker maar weer moet tob oor "die Afrikaner" - en dit dan nogal hier op Stellenbosch van alle plekke, waar onderdrukking sy graad en sy kaders gekry het, sy beskaafde en respektabele en rustige en selftevrede en uiteindelike arrogante beslag!

Die bietjie wat ek nou weet en wil oordra, het ek probeer saamvat in enkele ongeorganiseerde paragrawe. Laat ek egter sommer dadelik in die hond trap deur te sê dat dit wel so is dat ek geen belangstelling het in die oorbou van magsoeke nie - daardie lambada gedans tussen die ANC en die regering - maar eerder in die onderbou van inskakeling, die meganismes van versoening en die groei na 'n eties-bewuste Suid-Afrikaanse identiteit, van onder af op. Die doel, wat my betref, bly nog steeds die omvorming van die staat tot 'n demokraties-gewettigde raamwerk vir al sy landsburgers. Om daar te kom sal ons die geskiedenis moet skoonmaak deur verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar, en om dit te kan doen sal ons die blinde skutmure van Afrikanerskap - of dan die Afrikaanse kultuur - moet aftakel. Die Partystaat is, volgens my, 'n repressiewe en vervreemdende struktuur - ek wil amper sê by definisie, want dis nie wat plaaslik waar is nie.

Onderweg na die vernietiging van die staat - dis wat nasionale versoening myns insiens beteken - is daar 'n aantal nie-verhandelbares: 'n herverdeling van rykdom, maar ook 'n herrangskikking van produksie-besit; die oopmaak vir almal na politieke, ekonomiese en sosiale gelykberegtiging en gelyke geleenthede. Deelname aan die proses, glo ek, kan geskied deur die vooropstelling van 'n linkse alternatief wat geskool sal moet wees op kragtige onafhanklike denke en die áfbreek van hegemonistiese neigings. Nie dat julle sektêr hoef te wees nie - inteendeel, inskakeling beteken saamwerk rondom unitêre programme en projekte, op voorwaarde dat die samelewing onderskraag word deur bindende demokratiese ooreenkomste. Maar dit is gebiedend noodsaaklik om nie, noudat van julle wegbreek van die een establishment, julle te gaan koester in die arms van 'n ander nie. Te veel mense het, by wyse van spreke, van Kubus tot Rema gekom - gewas van die bloed van apartheid - sonder om selfs by Rivonia of Damaskus 'n draai te maak.

Ek wil net gou hakies oopmaak vir 'n paar los gedagtes.

Eerstens oor leierskap: daar is te veel kubuspolitiek hier te lande, van skelms wat met ander se pensioengeldjies wil boer en politieke skoonheidspreparate aan julle wil afsmeer met die leuen dat dit die onvermydelike verloop van tyd sou afweer; die skelms sit en verneuk julle op die TV (dié boks maak jou òf dood òf hy maak 'n doos van jou) met mooimaakpraatjies so oud soos die goedgelowigheid van die mensdom om julle saam te sleep na 'n kaalgat bankrotskap in 'n Namakwalandse Boereparadys.

Dan oor bekering: Om plat sandaaltjies en sakrokke en Afrika-hemde aan te trek en op die knieë te gaan om die comrades se superieure aarse skoon te lek en bowendien voor te gee dis nederige Damaskusbrood - is maar net wit paternalisme met 'n ander gesig. Net soos 'n Stalinis by enige ander naam 'n manipuleerder bly - omdat daar vanuit staanspoor aanvaar word dat die doel die middele heilig, dat die Party die avant-garde elite is wat beter weet as die "volk" en hulle daarom moet rig, dat ewige werklikheid bepaal word deur die korrekte interpretasie daarvan, dat demokratiese sentralisme vrye denke en verantwoordelikheid gedoog, en dat utopisme 'n wetenskap is - net so bly glo die wit Calvinis ook wanneer in "revolusionêre" gewaad nog immer aan predestinasie, aan die noodsaak vir boetedoening en onderwerping aan die groep en die leiers.

Laastens oor persoonlike vryheid en die aanhang daarvan: André Brink het my 'n mooi verhaal vertel van sy ou groot-oom Andries Afrikaner wat hom op 'n gevorderde leeftyd in 'n tweede huwelik begeef het. Die nuwe bruid se naam was Vryheid. Oom Andries Afrikaner had sewe seunskinders uit sy eerste verbintenis, en toe dit nou kom by bruilofsnag, by die inlê van Vryheid kan jy maar sê, toe roep hy sy sewe seuns nader. "Philippus," sê hy, "jy en Braampie en Chris moet nou vanaand vir Pa kom ophelp. En Jan, jy en Pieter en Skompelkop en Freek moet dan môre-oggend vir pa kom aftel." "Maar hoekom moet drie van ons vir Pa kom help opklim, en vier moet help met die afhaal?" wou Philippus toe weet. "Want ek gaan my mos teësit," sê die oom.

Laat ek my in julle plek stel. Ek kan nie insien waarom ek moet glo dat my bydrae tot nasiebou of nasionale bevryding gekondisioneer word deur my Afrikanerskap nie. Is dit 'n vereiste of selfs 'n gegewe vir die Xhosa of die Sotho? Nou goed, ons Afrikaners karwei 'n hele klomp kadawers in die kattebakke. Dit beteken dat om by die bestemming te kom ons waarskynlik groter karre nodig gaan hê en ietwat versigtiger sal moet ry - maar dis 'n verskil van graad, nie van aard nie.

Afrikaners moet gekondisioneer word: die opsie gegee word om weg te kan kom van "Die Burger" en die Suid-Afrikaanse televisie, die leerplanne van die Afrikaanse universiteite - daar is 'n koek van meningvormende instansies (joernaliste, onderwysers en dominees) wie se gesaghebbende ligte en water afgesny moet word - om te verhoed dat 'n opkomende geslag van Afrikaanssprekendes, Suid-Afrikaanse gyselaars bly, geslag, by wyse van spreke, van 'n siniese end-game uitgespeel deur die Broederbond en Nasionale Intelligensie. Net soos die uitgewekenes een vir een in kontak kom met die harde werklikheid van die land - die grassroots realiteit en eksistensiële verval, van 'n afwesigheid aan strukturering en politieke opvoeding teenoor die grassroots mite van mobilisering, daardie onkunde, of erger, die bedrog wat gepleeg is (van beide kante) om die wêreld te laat glo die land is ryp vir brand en revolusie - net so moet die wittes weer en weer gebring word na 'n belewing van, 'n erkenning van die basiese werklikhede van groter Suid-Afrika, van agterplaas Suid-Afrika. Nie net deur kennisname nie, maar deur deelname. Ek weet dis veel gevra: om so te beweeg van swart bediendes in die kombuis na swart comrade bevelvoerders in die voorhuis. Maar dit kan nie te dikwels gesê word nie: die enigste pad na die werklikheid loop deur deelname, op elke moontlike vlak, aan die proses van verheldering en omvorming. Mens verwag nie van julle om tou te gaan staan vir toegangskaartjies tot die Kammaland van kameraadskap nie, maar om bewustelik senu en weefsel en nerf te word van 'n skeppingsproses in 'n breër gemeenskap waar mense onderling verantwoordelikheid aanvaar vir wat aan mekaar gedoen is en gedoen word.



Julle - ons - is erfgename van die werklikheid, en die werklikheid is 'n groeiende bewussynsveld, en groei beteken opgroei en saamgroei (en ophou uitroei), en bewuste groei kom tot uiting deur betrokkenheid. In die wrywing en simbiose tussen jou en die Ander kom 'n nuwe dinamiek los waarvoor julle gedeelde aanspreeklikheid dra. Baie van julle doen dit lankal, baie het al gesit aan die tafel van skrynende leid, van swaarkry, van bitterheid en van doodmaak - maar dié Liesbeek moet 'n Nyl word. Suid-Afrikanerskap is 'n wordingsproses. Suid-Afrikanerskap loop deur die afbreek van apartheid en die help bou aan die groot Andersmaak. Ons máák mekaar. As ons tuis wil wees, bewuste maaksels en nie ganskuikens uitgebroei onder die hoenderhen van voorbeskikking of historiese determinasie nie, dan moet ons vir máák makmaak, dit soms máák vir mekaar, onsself en die ander dikwels vermaak, mag kan bemaak, vermakerig wees wanneer dit moet, partykeer maak of ons maak. Suid-Afrikanerskap is deelname aan die soeke na die vergestalting van 'n dwingend noodsaaklike metamorfose aan die hand van die vereiste van regverdigheid en geregtigheid. Maar, julle moet kan beweeg van die outoritêre blikkie-aspaai spelery van "Broeder" na die soms pynlike kameraadskap van "broer", van kitschkultuur en kultusse en mites na kritiese kreatiwiteit.

Eers had ons die malligheid van konsepsuele apartheid, toe die vuil geskiedenis - die vuil tye - toe afstand gedoen is van die laaste skraapseltjies ordentlikheid, in die naam van walgooi teen die Totale Aanslag, en die land oorgegee is in die hande van militêre megalomane, paranoïese polisie, poespolitici en professionele moordenaars. Nou dryf daardie onheilige kooksel boontoe.

Ek het vrede met die Model T-ossewaens van Treurnicht en TerreBlanche. Dat daar dwars en aweregs getrek word maak mos nie saak nie. Dat hulle bydra tot die toekoms val nie eens te betwyfel nie. Die belangrikste is dat niemand die beweging na 'n ruimer regverdigheid ooit weer sal kan stopsit nie. Natuurlik maak bevryding seer. Ek het nog altyd geglo dat alleen die lang bevrydingstryd van die swart en bruin Suid-Afrikaners ook die wittes sal kan bevry van hulle vrese en selfverminkende baasskap. En ek is oortuig daarvan dat daar genoeg konstruktiefs in die Afrikaan-wees van die Afrikaner is om hulle 'n positiewe bedrae te kan laat lewer vir 'n groter Suid-Afrikaanse bedeling. Die Afrikaner is nie 'n bedreigde spesie nie. Miskien juis omdat die witman se tyd van oorheersing aan die verbygaan is. (Wat is vyftig jaar, selfs drie eeue tog in 'n land se geskiedenis?) Miskien kan ons nou saamstaan om ook die strukture en die gedrogtelike gevolge en nalatenis van oorheersing ongedaan te maak.

Ek het selfs vrede met my eie Afrikanerskap. Al my jare van aansit by die vleispotte van Parys - al was dit dan ook meestal in die agterste gelid - het my nie minder Afrikaner, Suid-Afrikaan en Afrikaan gemaak nie. Mens hoef tog net die name van Leipoldt, Brian Fischer, Betsie du Toit, Beyers Naudé, Allan Boesak, Stephanie Kemp, Karel Niehaus, Uys Krige, Vernon February, Jan Rabie, Hein Grosskopf en Hein Willemse, Marius Schoon, Martin Versfeld, Johan Degenaar, André du Toit, Van Zyl Slabbert ... die lys is onuitputlik ... te noem om te weet dat die spektrum altyd breed genoeg was om sonder moeite mens se eie Afrikanerskap te kon ervaar.

Nou is daar sprake van 'n nasionale kompromis, 'n landswye versoening. Dit is belangrik, dit is die pad wat mens verkies vorentoe, op voorwaarde dat ons duidelikheid het oor die basis van die versoening. As dit gaan oor die tot 'n vergelyk kom van twee magte wat mekaar uitkanselleer, wat nou wil saamsnoer - maar as dit sou gaan oor 'n ANC/NP-magsdeling - dan sê ek: kom ons veg voort. Indien dit gaan om 'n oopvlek van die wandade (nie net van regeringskant nie), die vernietiging van 'n bose sisteem, die bevegting van ou en nuwe totalitêre neigings, die verbintenis tot die moralisering van ons politieke lewe, tot Suid-Afrikanisering en Afrikanisering - dus tot nasiebou, die versoening en demokratisering konkreet deurgevoer in alle professies en op alle vlakke, en indien hierdie ooreenkoms 'n lanseerbasis word en nie net 'n niemandsland nie - dan sê ek: kom ons move met die article!

Wat gaan ons maak met die "groot weet van die geskiedenis"? Toe mense uit boonste verdiepings gesmyt is, doodgeskop of -geslaan of -geskok is, toe stootskrapers die kaias omgestoot het, toe honde op mense losgelaat is, toe daar op kinders geskiet is - toe het ons gewéét dis moord. Toe tawwe ouens oorsee gestuur is - na Viëtnam en na Suid-Amerika en na die Midde-Ooste - om opgelei te word in die vuiler kunste van kontra-insurgensie, toe het hulle base gewéét waartoe hierdie kondisionering moet dien. Die ministers en hulle raadgewers, die departementshoofde en die kommissarisse en die voltydse sekretarisse en die generaals en die kolonels het gewéét dat hulle soos geweldenaars besig was om die staat te stroop van enige aansien of morele reg op voortbestaan. Die regters en die magistrate wat dié wat gemartel is en nog weer gemartel sou word voor hulle in die aanklagtebank sien staan het, vir wie die polisie sonder om te blik of te bloos staan en belieg het - hulle het gewéét wat agter die mure gebeur. Die parlementslede met hulle Protestantse snorretjies en hulle gades wat opgedollie jaarliks aan hul arms kom uithang het in die Kompanjiestuin - hulle het gewéét wie se wysie hulle sing en wat as grondnoot agter die gekweel lê. Die regeringsjoernaliste, hulle wat tros aan die NP se binneboud, hulle het geweet van die morele dekadensie - en hulle het net nog 'n oog toegemaak en nog 'n bottel oopgemaak. Of as hulle sydelings daarna verwys het, dan was dit in 'n kode wat slegs predikante sou verstaan. En die dominees en ander beterweters, o ja, hulle het goed genoeg geweet, en hulle het maar onderkant langs verby gebid. Die gladdehand ambassadeurs oorsee het gewéét en gemaak asof hulle nie weet nie. So baie mense word opgelei om nie te weet nie. Sommige lede van die Burgerlike Samewerkingsburo het glo nie eens geweet vir wie hulle werk nie - húlle het sommer gemoor vir die sports. Die rektors van die universiteite hand aan hand met die sg veiligheidsdienste wat man en muis op die kampusse intimideer ter wille van die handhawing van 'n gesag wat die élite op moet lei om die heidendom te gaan administreer, die burgemeesters met hulle eie geheime grysskoene, die uitsaaiers met hulle aanleg vir lieg en oordeelkundig redigeer, die base van groot kompanjies wat die staat se spioene cover, die gesuipte manne om die braaivleisvure, die studenteleiers wat "in vertroue" geneem is - almal het geweet van die vrot. Mense is verlei of gedwing of gekompromiteer om deel te wees van die komplot. Die ganse Afrikaner-establishment was gesnoer, en is dit nog steeds, in 'n sameswering van die arbitrêre. Hulle was die boys wat die Rooi Gevaar moes afslaan. Dit was mos vir staatsveiligheid, nie waar nie? Vir die oorlewing van die Afrikaner en die voortbestaan van Afrikaans en die bewaring van beskaafde norme. En wie wou nou weet dat daar gemartel en doodgemaak is uit onkunde en frustrasie, vir die sadistiese plesier daarvan, agv gevoelens van minderwaardigheid en ontoereikendheid, uit wraak op die kak lewe?

Die grootbase, húlle het geweet daar was geen Rooi Gevaar nie. Vir hulle was dit 'n beplande strategie om van die staat 'n skrikbewind te maak. Maar eintlik weet ons almal, van kleins af, hoe om die wrede werklikheid te verdoesel onder die noodgedwonge skyn van ordentlikheid. Is ons dan nie daarin geskool vanaf die kansel, in klaskamers en kroeë, deur Afrikaanse koerante en kultuurgewasse en politieke leiers nie?

En nou? Nou weet g'n mens blykbaar van niks. Ons lewe nog met dieselfde strukture van outoriteit en voorligting as voorheen. Die eindproduk is dan iets soos die veiligheidsman verantwoordelik vir die bom wat Albie Sachs vermink het, wat sê: "Ons het darem 'n lekker ou sousie van sy arm gemaak." Of sluipmoordenaars wat vermom as poedels voor 'n kommissie verskyn in 'n gebarespel van geregtelike ondersoek, om op kasuïstiese gronde blaamloos bevind te word... Ons moet seker maar leer om mekaar met veel liefde in die hol te loer.

Soos 'n Breughel-skildery moet ons sorg dat almal in die optog veilig tuis kom - die huilendes moet die kreupeles oor die weg help, die blindes die dowes, en gee vir dié wat nie 'n kierie het nie 'n AK 47 om op te leun. Versoening is nie 'n skietgebedjie of 'n Sondagsgebod nie - dis 'n komplekse tegniek, dis 'n vat aan mekaar vir Afrika, en met vuil hande.

Die revolusie, waarvan ek vroeër gepraat het, duur voort. Dalk is "revolusie" 'n onnodige skrikmaakwoord. Ons is maar net in nog 'n fase, 'n moeilike een, van 'n vrywordingsproses. Daar was die Boere-oorlog wat 'n stryd teen Britse imperialisme was, die eerste veertig jaar van hierdie eeu met 'n mate van verset teen kapitalisme, die opeenvolgende fases van nasionale weerstand soos aangevoer deur vakbonde en swart en bruin en Indiërbewegings, daar was die sestigerjare met die ontkieming en die ontplooiing van nasionale vryheidsbewegings, toe Soweto met die opstand van 'n jeug aangevuur deur Swart Bewussyn wat hulle bevry het van 'n geestelike baasskap, en toe weer die opvlam van georganiseerde werkersverset en later ook 'n kulturele oplewing, totdat selfs die wittes nou begin lewendig raak - en dié stryd om vryheid sal voortduur nog lank na die afskaffing van apartheid onder 'n ANC/NP-koalisie.

Versoening is verbastering. Vir die Afrikaner is die implikasies van ver-Suid-Afrikanisering 'n gewisse verlies van beheer of selfs van kontrole om sodoende aktief deel te mag word van 'n groter groei; die aanvaarding van verandering, ook van die self; 'n afstap van dalk die kernkode van Westerse kultuur, nl. monoteïsme - met sy gepaardgaande drang tot bekering, uitsluitingsangs, gaping tussen wat jy is en wat jy wil wees, utopisme: en wat daaruit voortvloei ook in sy gesekulariseerde gedaante, te wete Marxisme. Maar ons moet ook kan aanvaar dat transformasie en regstelling 'n aanvulling is en nie 'n radikale vervanging hoef te beteken nie.

In die lig van onlangse verskuiwings in teorieë en praktyke in Suid-Afrika, en met spesifieke aandag aan die definiëring of die herdefiniëring van kraglyne, slagvelde en kragvelde, dink ek ons behoort as Afrikaners aandag te skenk aan temas soos verbastering as motivering vir 'n intellektuele, kulturele en politieke Renaissance; of 'n definisie van Suid, en 'n poging om te sien waar ons by die Derde Wêreld inpas; en vandaar 'n poging om ons funksie in die Suid-Noord-verhouding te bepaal; asook 'n teologiese, politiese, ideologiese en praktiese ondersoeke na die meganismes en die inhoud van Afrikanisering; en die uitwerking van ons versoening in daardie verband te bepaal; en oplaas om te werk aan 'n kritiese oorsig en evaluering, in teorie en praktyk, van demokrasie in al die geledinge en formasies van die Suid-Afrikaanse samelewing.

'n Ou Japanse digter, Daign - betekenende "Groot Gek" - het geskrywe:

*Buddha is your mind*
*And the Way goes nowhere.*
*Don't look for anything but this.*
*If you point your cart north*
*When you want to go south,*
*How will you arrive?*

Boeddha het my gehelp om Marx te verstaan. Eerstens: dat daar nie Boeddhisme is nie, slegs Boeddhas. Ek is Boeddha. Jy en jy en jy eweseer. Ons, alles, gesamentlik en afsonderlik, is potensieel of geaktualiseer Boeddha. Tweedens: maar as jy Boeddha teëkom, maak hom dood! Derdens: dat my radikalisme nie geënkapsuleer kan word in 'n dogma, 'n skool of 'n party nie. Op jou eie het jy in die kak getrap, jy het sélf die bodderasie geruik, jy sal sélf die skoen moet skoonmaak. Vierdens: dat ek met my voorkop die grond voor jou sal aanraak as groet vir die lewe en die lewe-draende boodskap in jou. Vyfdens: dat die feit dat soveel mense so lank gely en so baie opgeoffer het vir die illusie van Utopia, of klasse-vergelding, dit nie minder van 'n illusie maak nie. Self-opofferende neerlegging by 'n leuen maak nie daarvan 'n waarheid nie en respek vir verbryselde drome kan slegs betoon word deur dit as drome uit te lig. Sesdens: die doel kan nooit die middele heilig nie; die middele - dis juis die Middeweg! - is elke oomblik van die dag die doel self. Terloops, hierin lê vir my ook die kern van 'n dialektiek oor voortdurende beweging en betrokkenheid, want jy is slegs neutraal en onverbonde as jy totaal deel van die proses is. In die sewende plek: dat dit daarom nie beteken dat jy somaar kan rus onder die vyeboom nie; bevryding moet verwesenlik word, en dit verg 'n metodiek, 'n dissipline, 'n toepassing - met die dringendheid van 'n doodstryd. Agstens: die riglyne bly, al klink hulle teenstrydig, die oplossing van self en die totale respek vir die Ander. In die neënde instansie: doodnormaal, natuurlik, met humor en deernis, sonder om vas te klou, *selfs aan die nie-vasklou*. Die tyd sal leer, op voorwaarde dat ons bereid en onbevange en ootmoedig genoeg is om te leer.

Ek eindig waar ek begin het: met 'n oproep tot totale ondermyning; nie tot die beoefening van 'n Alternatiewe Kultuur nie, maar die kultivering van alternatiewe; nie om net anders te wees nie, maar om te wéés - bewustelik, geheel, met al jou kwinte en knoppe; om deur die spesifieke die verbintenis te lê met die universele. As ek tyd gehad het sou ek vir julle wou vertel van die Wet (dhamma) en die Weg (tao), en hoe slegs die bewandeling van die Weg die Wet kan ophef.

Om klaar te maak: lukrake vertaling van 'n gedig van Bertold Brecht met die titel: "Betreffende die kritiese uitstelling":

*Vir baie is die kritiese uitstelling*
*Nie vrugbaar nie.*
*Dit is omdat hulle in die Staat*
*Met hulle kritiek niks kon vermag nie.*

*Maar dit wat daar 'n onvrugbare uitstelling is*
*Is slegs 'n swak houding.*
*Deur bewapende kritiek*
*Kan State verbrysel word.*

*Die reëling van 'n rivier*
*Die ophemeling van 'n vrugteboom*
*Die grootmaak van 'n mens*
*Die ombou van 'n staat*
*Hierdie is voorbeelde van vrugbare kritiek.*
*En dit is ook*
*Voorbeelde van kuns.*

**Ek groet u**
**Breyten Breytenbach**





# Wêreld:

## Oorlogskuiwe

Frankryk, die grootste Westerse verskaffer van wapentuig aan Irak, naas die Sowjet-Unie, verskaf geheime inligting oor alle wapens wat hy aan Irak verkoop het, aan Amerika. Volgens ongeïdentifiseerde bronne, word detail oor die presiese vermoëns en swak punte van die wapentuig wat aan Irak verkoop is, aan Amerika verskaf. Intussen oorweeg die Sowjet-unie soortgelyke optrede. Irak maak 'n ongekende aanbod om sy troepe uit Iran te onttrek en om Teheran se regte op die strategiese Shatt All-Arab-kanaal te erken. Ontleders wys daarop dat president Saddam Hussein met dié skuif vir Iran in die Midde-Oosterse krisis wil neutraliseer. Hulle sê dit wys op Irak se toenemende politieke en ekonomiese isolasie sedert sy troepe Koeweit binnegeval het.

## Egiptenare meld aan

Honderde Egiptiese mans, wat slagspreuke teen Irak skree, vergader buite die Saoedi-Arabiese ambassade in Kaïro en verklaar hulle bereid om in dié land se weermag te dien. Bronne in die ambassade sê meer as 9 000 Egiptenare is reeds in die Saoediese weermag opgeteken ter voorbereiding vir 'n aanval van Irak.

## Britse olie

Brittanje sal voortgaan om vir die volgende 25 jaar aansienlike hoeveelhede olie te produseer en sal feitlik tot die einde van die eeu selfvoorsienend wees. 'n Streeksowerheid in Skotland sê 'n bykomende 80 olievelde sal in die volgende 20 jaar ontwikkel word.

## Dispuut oor grond

Dosyne mense word beseer in 'n nag van geweld in Montreal, Kanada. Duisende betogers raak in gevegte met die polisie betrokke oor 'n maandlange grond-dispuut tussen Mohawk-Indiane en die federale regering van die land. Die dispuut gaan oor grond in Oka, waar die uitbreiding van 'n golfbaan 'n gebied bedreig waarop die Indiane aanspraak maak.

## Liberië verval

Minstens 18 burgerlikes word deur Liberiese regeringsoldate in Paynesville, 'n woonbuurt van Monrovië, afgemaai. Intussen wag die Wes-Afrika vredesmag in Freetown vir toestemming om in te gryp in die land se voortslepende burgeroorlog. Intussen is dit vir die NPFL-rebelle 'n wedloop teen tyd om pres Samuel Doe se oorblywende 1 500 troepe te oorweldig en bewind oor te neem voordat die vredesmag ingryp. Die Wes-Duitse, Egiptiese en Morokkaanse regerings besluit om hul ambassades in Monrovië te ontruim.

## Zambië hulle s'n

President Kenneth Kaunda van Zambië sê hy sal nie toelaat dat druk om 'n veelparty-stelsel in die land aanvaar te kry, hom van sy posisie as leier van die land beroof nie. Met die loodsing van 'n veldtog vir die referendum, waarin daar in Augustus volgende jaar besluit sal word of Zambië na 'n veelparty-stelsel moet verander, sê Kaunda "die tyd het aangebreek dat die United National Independence Party sy kragte loslaat, want Zambië is ons s'n".

## Vrede vir Mosambiek

Verteenwoordigers van die regering van Mosambiek en van Renamo ontmoet vir 'n tweede keer in Rome, Italië, vir samesprekings om die burgeroorlog in Mosambiek te beëindig. Die eerste ronde samesprekinge is in Julie gehou. Volgens 'n gesamentlike verklaring wat na die jongste samesprekings uitgereik is, was die gesprek vrugbaar en het dit wedersydse begrip en respek bevorder.




Summers van Orlando Sentinel in Newsweek van 20 Augustus 1990

## Hongersnood in Uganda

Minstens 26 mense sterf weens hondersnood in Uganda se Karamoja-streek sedert die Wêreld voedsel-program drie weke gelede die voorsiening van noodvoedsel aan die gebied opgeskort het. Die program is opgeskort nadat 'n vragmotorbestuurder van die organisasie in 'n lokval vermoor is. 'n Regeringsamptenaar sê daar bestaan die vermoede dat plaaslike handelaars die lokvalle stel omdat die noodvoedsel hulle handel benadeel.

## Genoeg kos

Die totale graanproduksie van die wêreld behoort vanjaar vir die eerste keer in vier jaar in die planeet se behoefte te voorsien. Die Verenigde Volke se organisasie vir Voedsel en Landbou, sê graanproduksie behoort in die 1990/91 seisoen 1,93-biljoen ton te oorskry. Die organisasie wys daarop dat produksie en verbruik mekaar net-net sal uitbalanseer.

## Unita wil praat

Unita vra die regering van Angola om na die onderhandelingstafel terug te keer in 'n soektog na vrede in die land. Dit volg op die uitstel van die derde ronde vredesamesprekings wat in Lissabon sou plaasvind. 'n Regeringswoordvoerder sê die jongste samesprekings is uitgestel na die jongste Unita-aanvalle op regeringsmagte in die suide van Angola. Intussen ontken die regering van Namibia beskuldigings dat hy voorbereidings tref om MPLA-troepe te help in 'n aanval op Unita in die suide van Angola.

# Suid-Afrika:

## 'n Groot bluf

Staatspresident FW de Klerk se visie van 'n nuwe Suid-Afrika is niks meer as 'n groot bluf nie. Só sê die leier van die Konserwatiewe Party, dr Andries Treurnicht, by die KP se Vrystaat-kongres. "Waar is regverdigheid wanneer onskuldige gematigde mense blootgestel word aan geweld en wanneer jou volk verklein word?" vra Treurnicht.

## AWB-onskuld

Die leier van die AWB, Eugene Terreblanche, sê hy staan nie geweld teen swart individue voor nie. Terreblanche sê 'n revolusie sal nie in Suid-Afrika deur blankes of verregses begin word nie, maar deur "kommuniste" wat sê dat hulle die opskorting van die gewapende stryd voorstaan, maar nie geweld wil afsweer nie.

## Samesprekings verhoed

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, word deur elemente in sy eie organisasie verhoed om in gesprek te tree met die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi. Hierdie stelling word deur Buthelezi in 'n TV-onderhoud gemaak. Hy sê daar is geen hoop op 'n einde aan die geweld in Natal as gesamentlike vredesvergaderings nie deur homself en Mandela albei toegespreek word nie.




Dov Fedler in The Star, 15 Augustus 1990

## Spanning laai op

Militêre spanning tussen Pakistan en Indië laai op. Die eerste minister van Indië, Vishwanath Pratap Singh, waarsku dat Indië reg is vir 'n tweede vyheidsoorlog eerder as om toe te gee aan terrorisme op die land se grense. Intussen beskuldig die regering van Pakistan Indië van 'n aanval op 'n een van sy grensposte.

## Ciskei hoort in SA

Ciskei sal nie 'n referendum hou om te besluit of die land by Suid-Afrika heringelyf moet word of nie. 'n Woordvoerder van die militêre regering sê die burgers van Ciskei het reeds aangetoon dat hulle weer Suid-Afrikaanse burgers wil word. Hy sê daar word nie 'n referendum beplan nie, omdat dit duidelik onnodig is.

## Huurboikot bespreek

Geen finale besluite is nog geneem oor die beëindiging van die vyf jaar-oue huurboikot in Soweto nie. Hoewel die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Soweto People's delegation en drie plaaslike besture verskeie voorstelle van die Gesamentlike Tegniese Komitee bespreek, word geen finale besluit geneem nie.

## Bande herstel

Pres De Klerk en die president van Madagaskar, Didier Ratsiraka, herstel ekonomiese en kommersiële bande tussen die twee lande na 15 jaar van vyandighede. Tegniese en kulturele bande sowel as toerisme tussen die twee lande sal deur beide regerings bevorder word.

## Polisie betoog

Afgedankte lede van Venda se polisiemag betoog teen die land se departement van Wet en Orde en dring aan op hul heraanstelling. Hulle dring ook aan op die afdanking van die Kommissaris van Polisie in Venda, luit-genl DK Denies, erkenning van hul vakbond, Popcru, en die inhegtenisname van offisiere wat hulle voor die bewindsoorname skuldig gemaak het aan misdade.

## Bop en ANC

Die regering van Bophuthatswana sinspeel op die moontlikheid van 'n ontmoeting met die ANC. 'n Regeringswoordvoerder sê so 'n vergadering sal beide logies en raadsaam wees. "Die regering ondersoek die houdings van alle politieke groeperings in Suid-Afrika en wil ook sy eie mening laat blyk", lui die verklaring van Bophuthatswana.

## Geen onderwys

Onderwys in die Witbank-omgewing kom tot stilstand met 'n sitstaking deur meer as 400 onderwysers by die kantore van die Departement van Onderwys en Opleiding. 'n Woordvoerder van die Hoëveld-streek van die Departement sê alles in hul vermoë is reeds gedoen om die griewe van die onderwysers tegemoet te kom en dat die Departement bereid is tot verdere gesprek met die onderwysers.

## Bester nou vry

Charles Bester, wat ses jaar tronkstraf uitdien vir weiering om in die SA weermag diens te doen, word na 20 maande gevangenisstraf uit die Kroonstad Gevangenis vrygelaat. Die Randse Hooggeregshof staan Bester se appèl teen sy vonnis toe en sê dat die 20 maande wat hy reeds uitgedien het, genoeg is. Die End Conscription Campaign doen 'n beroep op die regering om nie gewetensbeswaardes verder te vervolg nie en om vir 'n alternatief tot militêre diensplig voorsiening te maak.

## SA en Irak

Suid-Afrika het geen uitstaande kontrakte vir die voorsiening van wapens aan Irak nie en sal alles in sy vermoë doen om aan die Verenigde Volke se boikot van dié Midde-Oosterse land te voldoen. Só sê die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha. Op 'n vraag in 'n televisiedebat of Suid-Afrika se kontrak vir die voorsiening van die G5-kanon ook die voorsiening van ammunisie aan Irak insluit, sê Botha dat dit regeringsbeleid is om nie hierdie soort inligting bekend te maak nie.

## Boesak en politiek

Dr Allan Boesak sê hy gaan voort met sy betrokkenheid in die politieke arena. Die World Alliance of Reformed churches vra Boesak om by die politiek in Suid-Afrika betrokke te bly ná sy bedanking as president van die organisasie. Hy ontken enige moontlikheid dat hy sy eie politieke party gaan stig. Intussen word 'n Amerikaanse teoloog, prof Jane Dempsey Douglass, verkies tot nuwe president van die World Alliance.

*Alle berigte deur AFP, Sapa

# James Baldwin en die bevrydingstryd

# 'God se swart mond'

**Daar is 'n biografie uit oor die Amerikaanse skrywer en vryheidsvegter James Baldwin en 'n dokumentêre rolprent oor sy lewe, 'The Price of the Ticket', wys binnekort by die Weekly Mail-Filmfees. KOOS PRINSLOO doen verslag**



James Baldwin in Instanboel, die stad wat hom sewe jaar lank 'n toevlugsoord teen rassisme gebied het

*Foto: Sadat Pakay*

OP die "uitdagende" vraag van 'n joernalis waarom hy so baie skryf oor hoe dit voel om swart en homoseksueel te wees, het James Baldwin met 'n effense glimlag geantwoord, "I didn't have a lot of choice."

Nie dat een van dié twee benouende etikette Baldwin juis aangestaan het nie: "From my point of view, no label, no slogan, no party, no skin color and indeed no religion is more important than the human being."

In 1956 het hy in sy roman "Giovanni's Room" openhartig geskryf oor 'n homoseksuele liefdesverhouding, lank voor die Stonewall-opstand van 1969 wat die begin van die sogenaamde gay-bevrydingstryd in Amerika inlei: "'Giovanni's Room' comes out of something which tormented and frightened me, the question of my own sexuality. It also simplified my life...nobody could blackmail me. You know: You didn't tell me, I told you."

Maar Baldwin se bevrydingstryd was nie beperk tot seksuele politiek nie. Hy het hom in Frankryk gaan vestig om weg te kom van Amerika se rassisme, net om te besef die Franse het ook "Negroes", die Algeryne.

"Once I found myself on the other side of the ocean I could see where I came from very clearly, and I could see that I carried myself, which is my home, with me. You can never escape that. I am the grandson of a slave, and I am a writer. I must deal with both," het hy aan die New York Times gesê.

Baldwin het daarmee ge-"deal" deur in 1962 terug te keer na Amerika en sy gewig in te gooi as 'n woordvoerder vir die swart bevrydingstryd, 'n rol wat van hom 'n prominente openbare figuur gemaak het.

Hoewel hy baie ontnugter is deur die sluipmoord op drie van sy vriende en kollegas (Medgar Evers, Martin Luther King, Jr. en Malcolm X), deur die manier waarop die WASP-establishment sy woede geïnstitusionaliseer het tot prime-time vermaak en deur die Black Panthers se verwerping omdat hy teen geweld was, het hy tot en met sy dood homself verwoed beywer vir menseregte.

Baldwin het die volle verantwoordelikheid, op persoonlike én maatskaplike vlak, vir hierdie gebrek aan "a lot of choice" aanvaar - sónder om die humanisme van sy kunstenaarskap prys te gee. Amiri Baraka se woorde by Baldwin se begrafnis som dit goed op: "Jimmy was God's black revolutionary mouth - if there is a God."

Sedert Baldwin se dood drie jaar gelede aan maagkanker het 'n nuwe belangstelling in dié legendariese mens se lewe ontstaan. Onlangs is 'n biografie, "James Baldwin: Artist on Fire", van WJ Weatherby gepubliseer en 'n huldigingsbundel, "James Baldwin: The Legacy", saamgestel deur Quincy Troupe. (Kyk elders op die blad Breyten Breytenbach se huldigingsgedig aan Baldwin uit sy nuwe boek, "Soos die so".)

By die Weekly Mail-Filmfees binnekort in Kaapstad en Johannesburg draai ook 'n dokumentêr deur die New York-filmmaker Karen Thorsen: "James Baldwin: The Price of the Ticket". Dié ontroerende portret bevat argiefmateriaal wat sy dwarsoor die wêreld heen gaan uitsnuffel het, selfs filmmateriaal van die skrywer as jongeling in Frankryk en Turkye.

Prikkelende stof oor Baldwin kom uit 'n nuwe boek van Lynne Segal, "Slow Motion - Changing Masculinities, Changing Men" (Virago, R39,95). Veral in die hoofstuk, 'Competing Masculinities: Black Masculinity and the White Man's Black Man' voer Segal 'n interessante betoog:

"If you're a Negro," sê Baldwin in 1968 in 'n onderhoud, "you're the target for everybody's fantasies. If you're a *black* woman you know how to do *dirty things!* And if you're a *black boy* you wouldn't believe the holocaust that opens over your head with all these despicable *males* looking for somebody to act out their fantasies on."

Baldwin was een van die eerste skrywers wat daarop gewys het dat witmans altyd nog iemand nodig had om hul fantasieë op uit te leef, sê Segal.

"The white man's unadmitted - and apparently, to him, unspeakable - private fears and longings are projected onto the Negro," skryf Baldwin in "The Fire Next Time".

Segal wys daarop dat in die Westerse bewussyn "ras" dikwels die assosiasie "seks" oproep, en seks weer die hel, die dood, donkerte en die verleidelike weg na ondergang. Swart word verbind met die "vuil" geheime van seks. En hierdie assosiasie tussen swartmans en seks was die onderliggende motivering vir die "lynchings" (witvroue moes beskerm word!) in die Suide van Amerika - een van die vreesaanjaende temas waaroor Baldwin skryf in sy bundel kortstories "Going to Meet the Man".

As jy wil weet van die ongesonde psige van die witman, vra 'n swartman, verklaar Baldwin herhaaldelik: "I have spent most of my life, after all, watching white people and ouwitting them, so that I might survive. I think I know something about the American masculinity which most men of my generation do not know because they have not been menaced by it in the way that I have been. It is still true, alas, that to be an American negro is to be a kind of walking phallic symbol: which means that one pays in one's own personality, for the sexual insecurity of others."

Dis juis hierdie prys wat Baldwin betaal het, vir sy velkleur en sy seksuele oriëntasie, wat hom tot en met sy dood in 1987 een van die kragtigste en oortuigendste manlike kommentators oor wit Amerikaanse manlikheid maak, sê Segal.

Baldwin beskryf die ongelooflike skok oor betasting deur van die "most powerful, most 'nigger'-hating", wit Amerikaanse mans met sy eerste besoek aan die Deep South: "it is absolutely certain that white men, who invented the nigger's big black prick, are still at the mercy of this nightmare, are still, for the most part, doomed in one way or another, to attempt to make this prick their own."

Daar is min goed wat moeiliker verstaanbaar én vergeefbaar is, sê Baldwin, as die Amerikaanse idee van manlikheid: "On every street corner, I was called a faggot. This meant I was despised, and, however horrible that is, it is clear. What was nót clear at that time of my life was what motivated the men and boys who mocked me and chased me; for, if they found me when they were alone, they spoke very gently and wanted me to take them home and make love ... The bafflement and pain this caused in me remain beyond description."

In "No Name in the Street", wat in 1972 gepubliseer is, skryf Baldwin: "If Americans were not so terrified of their private selves, they would never have needed to invent and could never have become so dependent on what they still call 'the Negro problem'. This problem, which they invented in order to safeguard their purity, has made them criminals and monsters, and it is destroying them."

Wat sekerlik ook van 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse samelewing gesê kan word.

## *Blues vir Mister Jimmy*

*2 Oktober 1988*

*Die Harmattan waai 'n grys versluierde gestalte*
*oor Gorée-eiland*
*palmbome kruin en kreun in die wind,*
*'n boot staan witseil teen die blou*
*soomlose verdiepings van 'n waterskeiding*
*waar hemel en brander wisselvloei*
*soos stroom en droom*

*En die hart staan lyk*
*met gespitste pyn*
*die rou-sing in die mond*

*"Goeie aanlêplek, gasvrye klimaat,*
*die toue sing, die huise ruim*
*oor 'n preweling van kelders,*
*die oseaan lê oop na 'n brave new world,*
*flambojante smeul, haaie en aasvoëls praat*
*nog van vergange feeste"*

*Vlak onder die geheue dobber en bloei die baie*
*blougeswelde kadawers*
*as uitkalwerende opdamming*
*van Afrika se kus*

*BREYTEN BREYTENBACH*

*(Uit: "Soos die so", 'n dagboek-bundel wat eersdaags by Taurus-uitgewers verskyn.)*

# Notes of a Native Son: 'n fragment

JAMES BALDWIN

**"But as for me and my house," my father had said, "we will serve the Lord." I wondered as we drove him to his resting place, what this line had meant for him. I had heard him preach it many times. I had preached it once myself, proudly giving it an interpretation different from my father's. Now the whole thing came back to me, as though my father and I were on our way to Sunday school and I were memorizing the golden text: *And if it seem evil unto you to serve the Lord, choose you this day whom you will serve; whether the gods which your father served that were on the other side of the flood, or the gods of the Amorites, in whose land ye dwell; but as for me and my house, we will serve the Lord.* I suspected in these familiar lines a meaning which had never been there for me before. All of my father's texts and songs, which I had decided were meaningless, were arranged before me at his death like empty bottles, waiting to hold the meaning which life would give them for me. This was his legacy: nothing is ever escaped. That bleakly memorable morning I hated the unbelievable streets and the Negroes and the whites who had, equally, made them that way. But I knew that it was folly, as my father would have said, this bitterness was folly. It was necessary to hold on to the things that mattered. The dead man mattered, the new life mattered; blackness and whiteness did not matter; to believe that they did was to acquiesce in one's own destruction. Hatred, which could destroy so much, never failed to destroy the man who hated and this was an immutable law.**

**It began to seem that one would have to hold in the mind forever two ideas which seemed to be in opposition. The first idea was acceptance, the acceptance, totally without rancor, of life as it is, and men as they are: in the light of this idea, it goes without saying that injustice is a commonplace. But this did not mean that one could be complacent, for the second idea was of equal power: that one must never, in one's own life, accept these injustices as commonplace but must fight them with all one's strength. This fight begins, however, in the heart and it had now been laid to my charge to keep my own heart free of hatred and despair. This intimation made my heart heavy and, now that my father was irrecoverable, I wished that he had been beside me so that I could have searched his face for the answers which only the future would give me now.**

## *Stalin loop deur*

# Terreurbewind word oopgevlek

PIERRE GLACHANT

MOSKOU - In die Sowjet-Unie is daar nou 'n duidelike besef dat hernuwing nie moontlik is sonder dat 'n onverskrokke veroordeling van Stalin se arbitrêre terreurbewind - wat verpligte kollektivisme onder die boerestand en die verdrukking van etniese en geloofsgroepe afgedwing het - plaasvind nie.

Dié rehabilitasie-bevel van Sowjet-president, Mikhail Gorbatsjof, behels dat Stalin se miljoene naamlose slagoffers nou openlik aangespreek en ondersoek gaan word.

Westerse waarnemers meen dat tussen 15 en 20 miljoen mense, insluitende slagoffers van hongersnood, tydens die Stalin-bewind dood is, terwyl die Britse geskiedkundige Robert Conquest die sterftesyfer tot so hoog as 40 miljoen skat.

Die Sowjet-geskiedkundige Roy Medvedev sê die terreur van die dertigerjare het drie miljoen lewens geëis, terwyl daar in die daaropvolgende wêreldoorlog nog 10 miljoen uitgewis is. 'n Verdere miljoen is in die tydperk 1947 - 1953 dood.

Ander Sowjet-geskiedkundiges waarsku dat dit onmoontlik is om 'n akkurate syfer van dié verwoesting te gee, omdat Stalin aan die sensus van 1937 gepeuter het.



President Mikhail Gorbatsjof

Stalin se opvolger, Nikita Kroestsjof, het begin om die skade te herstel deur duisende onskuldige aangehoudenes teen die einde van die vyftigerjare uit die strafkampe vry te laat.

In Gobatsjof se aankondiging word daar gemeld dat daar reeds by die twintigste kongres van die Kommuniste Party in 1956 'n poging gemaak is om geregtigheid te herstel, maar dat die proses met stampe en stote gepaard gegaan het.

Teen die laat sestigerjare tydens die Bresjnef-bewind, het dié herstelfase heeltemal tot stilstand gekom.

Die rehabilitasie van sommige vooraanstaande persone het vinnig gevorder nadat Gorbatsjof in 1985 aan bewind gekom het, omdat hy ook teenstanders van Stalin in sy regering opgeneem het. Onder hulle tel Kamenev, Zinoviev en Bukharin.

Die stigter van die Rooi Leër, Leon Trotskie, se naam moet egter nog steeds gesuiwer word. Sy naam is dekades lank uit die geskiedenisboeke van die Sowjet-unie gelaat, maar nou kry hy darem erkenning vir sy betekenisvolle rol in die geskiedenis. Gorbatsjof se bevel maak egter geen spesifieke melding van Trotskie of enige ander persone in die geskiedenis nie.

Daar is voorstelle van die sentrale en republikeinse regerings aangevra oor hoe om burgerregte aan die slagoffers van Stalin te herstel.

Dié herstelprogram hou egter aansienlike probleme in. Die verskeie etniese groepe wat na Sentraal-Asië gedeporteer is na beweerde sameswering met die Nazi's, gaan nou hulle pogings verdubbel om na hul tuislande terug te keer.

Sowat 100 000 Tartare is reeds terug na die Krim en hulle hervestiging skep groot probleme vir die owerhede.

Ander groepe wat sal verwag om gerepatrieer te word, sluit in Mekhitiaanse Turke wat oorspronklik van Georgia kom, Koreane wat van die Verre-Ooste na Kazakhistan verskuif is, en die Koerde wat hoop om na Azerbajan terug te keer.

Gorbatsjof het die rehabilitasie-program onder beheer van sy presidensiële raad geplaas omdat hy dit as "sosiaal en polities belangrik" ag.

'n Komitee van die Politburo was voorheen in beheer van dié program. - AFP

# Museum bied blik op donker kant

HERVE CLERC

PARYS - Die knelverband, die pynbank en ander minder bekende toerusting wat gebruik is vir marteling en moord, word tans in 'n nuwe museum in die middel van Parys uitgestal. Daar bied dit aan belangstellende besoekers 'n blik op die "donker kant" van die Europese geskiedenis.

Die museum, wat in 'n byderwetse winkelkompleks in die Les Halles-distrik geleë is, lok daagliks sowat 1 200 besoekers, nou volgens die Britse bestuur van die museum.

Die tema van die museum is nou wel so 'n bietjie grillerig, maar die bestuur hou by hul standpunt dat die beperking van die Franse ministerie van binnelandse sake dat kinders jonger as twaalf nie die museum mag besoek nie, oorbodig is.

Die bestuur meen dat as die twee Britse prinsies, Willian en Henry, hulself by die "London dungeon", die Britse museum waarop die nuwe een in Parys gegrond is, kan geniet, dan is dié uitstalling heel geskik vir enige ander jeugdige besoekers. "Bloed"-spatsels teen die mure, gille en 'n gekerm wat op band opgeneem is en die gekraak van beendere wat uit hul posisies geskeur word, bied iets vir elke smaak.

Die eerste vloer van die museum word gewy aan die meer grusame tydperke in die Franse geskiedenis: die teregstelling van Louis XIV; die teregstelling van die meester van die Tempeliers-orde, Jacques de Molay, in die 14e eeu; en die marteling van Catherine Voisin, wat in die 17e eeu van heksery verdink is - sy word gillend uitgebeeld met haar vingers stokstyf in pyn uitgesper...

Die tweede verdieping fokus op die metodes van marteling, met natuurlik die nodige klankbaan en selfs die gepaardgaande reuke soos modder, was en brandende kole, daarby. Hier word die besoeker ingelig oor die verskil tussen marteling met die doel om inligting te bekom, en marteling met die doel om op die lang duur tot dood te lei.

In die eerste kategorie val byvoorbeeld die marteling deur die bok; volgens oorlewering 'n eg Franse uitvinding. Eerstens het jy 'n oortreder nodig. Laat hom vir so 'n tydjie met sy voete en bene in soutwater staan. Laat dan 'n paar minute toe vir die soutoplossing om aan die oortreder se bene droog te word. Trek dan 'n bok nader. Die bok begin om met sy growwe tong die soutoplossing van die slagoffer se bene af te lek, en stukkie vir stukkie sy vel daarmee saam... - AFP




MONROVIË - 'n Rebel en ondersteuner van Charles Taylor kyk na die lyk van 'n slagoffer wat deur een van sy comrades geskiet is. Die slagoffer was 'n vlugteling wat uit die oorlogsone na veiligheid probeer vlug het (Foto: AFP)

# Schnapsgate word 'n Poolse skandaal

MARYAN KAFARSKI

WARSKOU - Hulle verwys daarna as Schnapsgate: 'n Poolse skandaal waarin ingevoerde belastingvrye drank uit die Weste 'n paar gelukkige Pole baie ryk maak.

Derduisende mense het al 'n fortuin gemaak en verskeie staatsdepartemente is deur dié skandaal geskud.

Die hele gemors het in Desember 1988 begin toe Pole se ekonomie in die rigting van 'n vryemarkstelsel begin beweeg het.

Die departement van buitelandse ekonomiese verhoudinge het invoerbeheer uit die Weste verslap. Ongelukkig het dié besluit saamgeval met 'n regeringsbesluit om prysbeheer af te stel - en gevolglik het die prys van wodka die hoogte ingeskiet.

Die departement het elke Poolse burger toegelaat om onbeperkte hoeveelhede drank in die buiteland te koop en dit was voldoende om dié drank by die doeane-kantoor "vir eie gebruik" te verklaar.

Die Pole het die geleentheid aangegryp en die drank is teen tot 500 persent wins van die hand gesit.

Die sluise is oopgemaak: meer as 10 miljoen liter sterk drank en 7,5 miljoen liter wyn het Pole binnegestroom.

So het daar byvoorbeeld 'n vrou met 40 000 liter se alkohol in haar tenkwa by die doeanepos by Szczecin opgedaag. "Dis vir eie gebruik," het sy aan die verbaasde doeane-amptenare gesê.

Mense staan tou met emmers om drank regstreeks uit tenkwaens te koop.

Die media het op loop gegaan met dié "skandaal": die publiek was glo ontstoke en die betrokke staatsdepartemente - finansies, buitelandse ekonomiese verhoudinge en binnelandse sake - het opgetree. Of so het hulle gedink.

Hulle het die belasting gehef - net vir Pole, nie buitelanders nie.

Skielik het "buitelanders met Poolse verbintenisse" die drankmark betree, en tussen 12 en 30 Maart vanjaar het twee miljoen liter sterk drank die land binnegekom.

Pole en buitelanders word toe onder dieselfde kam geskeer.

Maar smokkeldrank word steeds oral verkoop: in die strate, deur tot deur, of in staatswinkels waar die verkoopsmense en die smokkelaars kop in een mus is.

En die boere sukkel om hul aartappels, waarvan wodka gemaak word, te verkoop.

Die Poolse regering moet nou besluit: word die oorsaak van die hele gemors voor onvermoë of georganiseerde misdaad se deur gelê? - AFP

## *Hitler, Nasser of Rambo?*

# Hoessein die Palestyne se held...

CHARLES WEGMAN

GAZA - Palestynse kinders sê hy lyk soos Rambo, en hul ouers beskou hom as 'n tweede Nasser - die president van Irak, Saddam Hoessein, is die held in die Israeli-besette Gaza-strook.

Hoessein se gewildheid het sedert Sondag, toe hy die ontsetting van die Gaza-strook deur Israel as voorwaarde tot 'n skikking van die Golf-krisis gestel het, met rasse skrede toegeneem.

"Saddam is reeds in besit van Koeweit se olie. Nadat hy klaargespeel het met die Verenigde State van Amerika, sal hy met die Sioniste (Israeli's) afreken," sê die elfjarige Mahmoud, en spog met 'n tekening van 'n groot Irakese vuis wat Israel verpletter.

Hoessein, wat deur die Westerse media as 'n "slagter" beskryf word en meer onlangs met Hitler vergelyk word, word in die Palestynse vlugtelingskamp by Shati as die "Verlosser van Bagdad" uitgebeeld.

Die Hamas - 'n fundamentele Palestynse groep - het dié week 'n beroep op die mense gedoen om 'n algemene staking in die Israeli-besette gebied te hou "ter ondersteuning van Irak en om protes aan te teken teen Amerika se besetting van die Moslem-state".

Sedert die eerste Amerikaanse troepe in Saoedi-Arabië geland het, is pro-Irak-optogte so te sê daagliks in die besette gebied gehou.

Sekulêre en godsdienstige Palestyne besing Hoessein, en Irak se Koeweit-inval is deur 'n Arabiese lid van die Israeli-parlement as "die eerste stap na Arabiese eenheid" beskryf.

Die ondergrondse leierskap van die Palestynse populêre opstand wat dié gebied sedert Desember 1987 teister, het hul klaarblyklik agter Hoessein geskaar.

"Hou moed, Saddam," sê 'n slagspreuk teen 'n muur met die teken van die ondergrondse leierskap daarby.

"Saddam is die held van die Arabiese nasie," lees 'n ander.

Ahmad Al-Yazigi, 'n dokter by die Shifa-hospitaal in Gaza, sê: "Saddam Hoessein het net so gewild soos die PLO-leier, Jasser Arafat, geword."

Talle Palestynse volwassenes beskou Hoessein as die geestelike erfgenaam van die gewese Egiptiese leier Gamal Abdel Nasser, die groot voorstander van Pan-Arabiese Nasionalisme.

"Saddam verstaan en verwoord die vryheidaspirasies van die nuwe Palestynse geslag. Ek vertrou hom, want ek glo hy is eerlik as hy sê hy wil die verwaarlose Palestynse kwessie oplos," sê Yazigi.

As bewys van Yazigi se stelling, het hospitaalamptenare aangekondig dat die ouers van ses babaseuns wat op dieselfde dag gebore is, hul seuns Saddam genoem het.

Maar nie almal in die besette gebiede is so geesdriftig oor Hoessein se besetting van Koeweit nie.

'n Gebedsleier by die die Bethlehem-moskee, Imam Omar Ibn Khatab, is deur aanbidders aangeval en uit die gebou gegooi omdat hy gesê het die besetting van Koeweit is "ongeregverdig".

'n Vooraanstaande Palestynse prokureur en kenner van Palestynse uitgewekenes in die Golf, Shahabi Al-Zaeem, sê: "Ons kan nie geskok wees deur die onlangse besetting van Koeweit as ons in ag neem dat Israel die Arabiese gebiede al die afgelope 23 jaar beset nie."

Zaeem is ook oortuig van Hoessein se "eerlike strewe" om die Israeli-besetting te beëindig, maar hy waarsku dat Palestynse ondersteuning vir Bagdad 'n prys het.

"Palestyne in Saoedi-Arabië (as gevolg van die PLO se steun aan Irak) word toenemend as die vyand beskou en die Riyadh-owerhede het onlangs geweier om die verblyfpermitte van nagenoeg 5 000 Palestyne te hernieu," sê hy.

Hy voorspel dat dié Palestyne binnekort na Jordanië gestuur sal word.

Volgens Zaeem is daar 250 000 Palestyne in Saoedi-Arabië en 300 000 in Koeweit.

Intussen probeer die PLO om 'n politieke skikking in die Golf te vind. Die onder-bevelvoerder van dié organisasie, Salah Khalaf Abu Iyad, het aan verslaggewers in Tunisië gesê dat Arafat die Golf, Jemen en Soedan besoek het om 'n oplossing van die krisis te bespreek. - AFP



'n Israeli-grenspolisieman skiet rubberkoeëls na Palestynse oproeriges wat Saddam Hoessein openlik steun. *(Foto: AFP)*



Duisende volgelinge van die Moslem-broederskap dié week in gebed. Ná die gebed het hulle 'n reuse-protesoptog teen Amerika se teenwoordigheid in die Golf gehou. *(Foto: AFP)*



Die bekommerde Emir van Koeweit, Jaber Al Sabah, dié week tydens die sitting van die Arabiese lande om die Golf-krisis te bespreek. *(Foto: AFP)*

# ...en die Jordaniërs wil hom help

AMMAN - Jordaniërs is besig om in hul tienduisende aan te meld ter verdediging van Saddam Hoessein en die "nuwe kruistog" teen die Arabiese wêreld.

Altesame 80 000 Jordaniërs - woedend oor Amerika se ontplooiing van troepe in Saoedi-Arabië - het aangebied om sy aan sy met die Irakese weermag te veg indien dié land aangeval word, volgens woordvoerders van die vrywilligers.

Die populêre Jordaniese komitee ter ondersteuning van die Irakese weermag sê die afgelope twee dae, sedert aanmeldkantore geopen is, het 'n gemiddeld van 10 000 Jordaniërs daagliks aangemeld.

Die toeloop van vrywilligers is aangevuur deur Amerika se besluit verlede week om sy lugmag en voetsoldate in Saoedi-Arabië te ontplooi. Dié Amerikaanse optrede word deur die militantes beskryf as 'n "nuwe kruistog van die Weste op Arabiese grondgebied".

In die toenemende spanning het koning Hoessein van Jordanië dié week opdrag gegee dat burgerlike beskerming- en eerstehulpsentra in die woongebiede gestig word.

Jordanië se weermag - meer as 85 000 troepe - is sedert Irak se inval in Koeweit op 'n gedeeltelike gereedheidsgrondslag geplaas en alle offisiere se verlof is opgeskort. - AFP

## Afrikaans en die struggle

# 'n Vreeslose verkenning nou nodig

Kollegas, dames en here, kamerade -

Gewoon die vreemdheid waarmee hierdie openingsgroet 'n mens op die tong lê - en daarby gesê: 'n tong wat deur en deur Afrikaanssprekend is - laat jou al klaar besef hoe noodsaaklik hierdie besondere simposium is.

"Comrades", "Maqabane" - dié het glad geslypte gebruikswoorde gaan word waarmee deelnemers aan en simpatiseerders met die demokratiese stryd hul onderlinge meelewing met en verbondenheid tot mekaar aankondig en betuig. In hierdie deel van die land, ten minste, is daar duisende en duisende Afrikaanssprekendes wat ook deel is van daardie stryd, hetsy aktief of in simpatieke ingesteldheid; en tog val "kameraad" minder natuurlik op die oor as groet tussen die demokratiese strydendes as wat die geval is met "comrade", "Qabane" of sommer gewoon net "com".

***'Daar is hedendaags weer 'n opbloei in daardie bedryf wat hom toespits op bekommerde en beswaarde besinnings oor die toekoms en die lot van Afrikaans.'***

Dit is dus nie asof daar nie Afrikaanssprekende comrades is nie; dis meer net dat die comrades moet uitwerk en deurwerk hoe die taal staan met betrekking tot die struggle en veral dan hoe die taal gaan staan met betrekking tot die non-racial democracy wat hopelik aan die komme is as gevolg van daardie struggle.

Daar is hedendaags weer 'n opbloei in daardie bedryf wat hom toespits op bekommerde en beswaarde besinnings oor die toekoms en die lot van Afrikaans. Dit is opmerklik hoe daar sulke swaaiende konjunktuur-bewegings is in die voorkoms van sulke gesprekke oor Afrikaans. In die detente-fase van die Vorster-heerskappy, toe daar die skyn gekom het van die vaste verkrampte orde wat deur vlae van verligtheid versteur word, het die bedryf vir die eerste keer knaend kop uitgesteek. Vasvat en onderdruk van opstand na Soweto het egter weer daardie vrese gaan besweer en die beswaardes het hul beswaardheid vergeet. Die begin van die PW Botha-era, toe dié nog "adapt or die" gepreek het - kan iemand nog onthou dat Botha met donderende hervormingsretoriek op die verhoog verskyn het?, kan iemand nog PW Botha onthou? - het weer die bevreesde gesprek oor die toekoms van Afrikaans ingelui; weer was daar sterwensgedagtes gedink, oor voortbestaan en toekoms gepeins en is dié op die taal geprojekteer. Toe die Generaal in Botha egter onverbloemd te voorskyn kom en die Casspirs begin brom en die buffels brul, was die gegrens oor die toekoms van die taal weer stil.

Noudat die land 'n heel nuwe politieke fase begin betree, met die ontperking van die politieke organisasies van die mense - selfs ook die leer van die mense - en die twee hoof strydende partye in gesprek met mekaar is, en die ou politieke orde onteenseglik gedoem is, slaan die vreesgesprek weer uit. Sal Afrikaans oorleef in "'n nuwe Suid-Afrika"? Kan daar 'n lewensvatbare Afrikaans wees sonder Apartheid, sonder blanke beheer?

(Tussen hakies, ek is pynlik besig om myself te probeer Xhosa leer. En ek het altyd vir myself die idee dat ek 'n taal wil aanleer sodat ek vir iemand kan sê dat ek lief is vir haar, met fyn nuanses kan aandui hoekom ek lief het en met hiperbole kan verduidelik hoe lief ek is. Maar in die drie verskillende stelle leerboeke wat ek gebruik val dit my telkens op hoe die sosiale magsverhoudinge weerspieël word, ook in iets soos hoe en waarom taal onderrig word. Soveel van die handige frases wat hierdie boeke my probeer leer, het te doen met die gee van diensopdragte. Wat my laat wonder in die geval van Afrikaans en sy bekommerde beskermers: dink hulle Afrikaans is onmoontlik sonder 'n baas was Afrikaans praat? Laat mens dink aan een van Breyten se skerp formulerings: "Wat weet hulle van die res van Suid-Afrika? Het hulle enige ander kennis as die bevreesde kennis van die baas?")

Die selfversekerde formulering van die onderwerp van hierdie simposium staan in die skerp en volkome kontras tot die gees van daardie soort bekommerde mymeringe.

Ek hoor nou die dag op een van daardie "rap"-plate waarna my tienerseun luister, skynbaar in onskuldige oortuiging dat dit rerig musiek is, hoedat John F Kennedy se bekende "ask not what America can do for you; ask what you can do for America", geparodieer word tot "Ask not what you can do for your country; rather ask what the hell it has done for you." Die ontluistering ten spyt, wil mens tog iets van die oorspronklike sentiment van toepassing maak op die verskillende wyses waarop daar oor Afrikaans en sy toekoms besin word. Die een kwel hom oor wat 'n toekomstige demokratiese samelewing, en besonderlik staat, vir Afrikaans sal doen, gewoonlik met donkere suspisies oor wat aan Afrikaans gedoen sal word. Daarteenoor is die gees waarin daar in hierdie simposium besin en beplan word, een wat al begin dink en werk maak van hoe Afrikaans in sy verskeie wyses en vlakke van uitlewering gaan bydra tot die instandhouding, bevordering, ontwikkeling en bestendiging van daardie demokratiese en nie-rassige bestel.



**Hier is die openingstoespraak van die rektor van die Universitiet van Wes-Kaapland, JAKES GERWEL, by 'n simposium oor die onderrig van Afrikaans in 'n demokratiese Suid-Afrika**

***'Het hulle enige ander kennis as die bevreesde kennis van die baas?'***

As sprekers en onderwysers van Afrikaans het die van u wat hierdie simposium georganiseer het en wat hier saamgetrek het, genoeg kennis van die taal, van die kommunikasievaardighede wat hy ontwikkel het, van die seggingsrykheid wat hy in hom dra, om met selfversekerdheid te kan weet oor die voortbestaan van Afrikaans, van die bloei wat hy kan en sal beleef in 'n sosiale ruimte van vryheid, los gemaak van die juk van andere boei. En as demokrate weet u ewe vas en seker dat geslagte van Suid-Afrikaners teen politieke, sosiale en kulturele verdrukking gestry het, daarvoor gely het en te dikwels daarvoor die lewe gegee het - nie om weer enige Suid-Afrikaner te onderdruk en kultureel te verneder nie.

Wat nou ook met 'n dringendheid op die agenda van demokrate is, is die taak van nasie-bou, die skepping van die fondamente waarop 'n nie-rassige eenheid gebou moet word. Daar moet ontginning wees van die weë en middele waardeur binding bewerkstellig kan word in 'n nasie wat vir so lank sistematies verskeurd en verdeeld gelaat is. En die heerlike paradoks is dat daardie binding in ons nasie waarskynlik net kan geskied deur die verskeidenheid in hom te erken, te leer ken en in te span.

Die besinning waarvoor hierdie simposium gereël is, is deel van daardie soeke na weë tot nasie-bou. Die uitdaging van nou in Suid-Afrika te leef, van nou Suid-Afrikaner te wees, is oorweldigend. Op soveel terreine, ook op hierdie een wat betrekking het op die reëling en skepping van die kulturele onderbou van 'n demokratiese nie-rassigheid, het ons soveel geleenthede om te leer uit dié wat ons voorafgegaan het. Ons het die besondere historiese geleentheid om die "benefit of hind-sight" te hê, en dan wel die "hind-sight" van andere se ervaring waarvan ons toeskouers of aanskouers kon wees. Ons het in ons midde die oudste bevrydingsbeweging in Afrika, terwyl ons die laaste land op die kontinent sal wees om ons nasionale bevryding te bekom. Dit bied ons die kans om uit al die ervarings en foute van ons vasteland te leer. Ons het in ons midde een van die oudste kommunistiese partye in die wêreld, gestig kort na die Russiese revolusie; en nou aan die vooraand van ons nasionale bevryding staan ons ook aan die einde van 'n era in die geskiedenis van die sosialisme - weer eens met die ongekende geleentheid om uit die afgelope geskiedenis van die sosialisme in Oos-Europa te mag leer.

'n Openheid in ons debat- en gesprekvoering, die vreeslose verkenning van alternatiewe, die vermyding van dogmatiese posisies, die weiering om deur middel van etiketering te argumenteer, die wetenskaplike en kritiese ondersoek van posisies waarvan ons verskil, 'n kompromislose respek vir demokrasie en demokratiese gebruike: dit is waartoe ons almal, en dan besonderlik ook u as intellektuele, histories geroepe is. Dat hierdie gesprek wat u sal voer oor aspekte van die kulturele reëlings in 'n demokratiese Suid-Afrika, in daardie gees sal plaasvind en sal bydra tot die vestiging en bestendiging van daardie gees, twyfel ek vir geen oomblik aan nie. Dat u nader sal beweeg tot antwoorde vir die spesifieke vrae wat u aan uself stel as vakmense, is sekerlik nie eers te bevrae nie.

# Nie woorde nie, maar dade



**TEKS EN KONTEKS**

DIE afgelope week het getoon dat daar nog heelwat verskuiwings moet plaasvind voordat 'n behoorlike gesprek tussen die mense van dié land op dreef kan kom. Dit geld al die deelnemers, want ons is oor die jare so gekondisioneer oor mekaar en teen mekaar dat dit baie moeilik geword het om van die ou stereotipes ontslae te raak.

Een van die diskoerse wat ingrypend sal moet verander, is die gesprek tussen die Christendom en Marxisme. Aan die een kant is daar pre-perestroika Marxiste wat nie die verskuiwinge in Oos-Europa meegemaak het nie en halsstarrig glo dat Rusland se enigste fout was dat hy sosialisme nie behoorlik toegepas het nie.

Aan die ander kant is daar Christene van die ou Antikom-benadering wat vas daarvan oortuig is dat die Wêreldraad van Kerke eintlik deur die Kremlin beheer word en dat Suid-Afrika vinnig op pad is om 'n provinsie van Rusland te word.

Die gesprek tussen die Christendom en Marxisme het in Europa 'n hoë vlak van intellektuele skerpheid en sofistikasie bereik. Dit het grootliks by Suid-Afrika verby gegaan, waar die SAKP tot onlangs 'n verbode organisasie was en kommuniste per definisie "non-persons" was.

Die terugkeer van die ANC kan nog deur die meeste wittes op 'n manier verwerk word, maar dat die SAKP aan sy sy is en selfs deel uitmaak van die mees sensitiewe samesprekings tussen die regering en die ANC, is vir baie net te veel om te sluk.

Dit was nie om dowe neute nie dat groot druk op die Staatspresident geplaas is om van Joe Slovo ontslae te raak as lid van die ANC-afvaardiging na die jongste onderhandeling in Pretoria. Maar, toe die beraad begin, het Slovo doodluiters sy plek aan die tafel ingeneem.

Hoe moet die kerk dié nuwe spel speel? Hoe moet hy die gesprek met die Marxisme voer in hierdie veranderde omstandighede waarin die SAKP 'n wettige party geword het?

In die eerste plek is 'n duidelike begrip van die teologiese aspekte wat hier ter sprake is, nodig. 'n Rubriekskrywer van 'n Sondagblad verwys na Nelson Mandela se weiering om sy rug op die SAKP te draai om daardeur sy Christelike verbondenheid met alle mense in die land te bevestig, en neem dan Frank Chikane kwalik omdat hy Mandela verdedig met dié argument dat dit immers die kommuniste was wat solidariteit met die onderdrukte swart massas getoon het, en nie wit Christene nie.

Die rubriekskrywer noem dit "sonderlinge teologie", omdat hy altyd gereken het dat "godsdiens met saligheid te make het en nie met aardse solidariteit nie".

Solank Christene saligheid en aardse solidariteit op dié skrisofreniese wyse van mekaar skei, solank sal hulle nie in staat wees om die trefkrag van die Marxisme te begryp of om 'n doeltreffende teenargument te vind nie.

In die tweede plek moet besef word dat dit in die gesprek met die Marxisme om dade en nie om woorde gaan nie. Daarom kan die situasie nie beredder word deur eenvoudig in woorde geloof te bely nie. Mense wat nou so daarop aandring dat Mandela openlik sy Christenskap moet beken (om blykbaar daarmee die breuk met die SAKP-ondersteuners af te dwing) begryp nie dat dit hier om veel meer as woorde gaan nie.

Die dade van kommuniste wat bereid was om hulle in 'n tyd van onreg en verdrukking met lewensgevaar aan die kant van die swart bevolking te stel, het harder gespreek as die vroom woorde van Christene wat hulle geloof bely het, maar die voortduur van die onreg geduld en selfs in die naam van die Evangelie probeer regverdig het. "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here', sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van die Vader wat in die hemel is." (Mt 7:21).

Daarom kan Chikane sê dat swart Christene geen ervaring het van kommunistiese onderdrukking of van 'n kommunistiese aanval op hul geloof nie. Daarteenoor het talle swart Christene fisiek en psigies gely onder die stelsel van apartheid, wat in die naam van die Christelike Westerse beskawing instand gehou is.

Sou goedgelowige en goedbedoelende Christene nie besef nie dat as dit slegs by woorde bly, daar steeds 'n gaping so wyd soos 'n waenhuisdeur vir die Marxisme oopstaan?

Al die openbare belydenisse wat afgedwing kan word en al die vrome uitsprake in die naam van die Christendom sal nie help as dit nie gepaard gaan met konkrete stappe wat onreg beëindig en konsekwent 'n nuwe begin moontlik maak nie. Eers dán sal die aantreklikheid van die Marxisme verdof, en eers dan sal effektiewe gesprek gevoer kan word. Eers wanneer dade aan woorde inhoud en substansie gee, sal die saak van die Christendom bevorder kan word.

*(Teks en konteks word deur 'n paneel van bekende teoloë versorg)*

MENINGS

*Dis nie meer Transgariep of Duitswes nie, maar is dit nou*

# Namibia of Namibië?

**'n Dosent in Afrikaans aan die Universiteit van Namibia, Theo du Plessis, voer nou al maande lank 'n verbete eenman-stryd teen die spelwyse van dié land se naam as Namibia. Ná verskeie telefoongesprekke en briewe aan Vrye Weekblad en ander publikasies, het**



**MAX DU PREEZ besluit om hom uiteindelik te antwoord - ook om aan ander wat dalk wonder, te verduidelik hoekom Vrye Weekblad ons buurstaat Namibia en nie Namibië noem nie**

KOM ons lees eers wat Du Plessis in sy jongste brief skryf:

Hy sê: "Vir ons wat Afrikaans in Namibië daagliks skryf en gebruik, val u vreemde skryfwyse van ons landsnaam ongemaklik op die oog. U skryf nie, soos byvoorbeeld die gebruik in alle Namibiese nuusblaaie, Namibië (met die dotjie-e) nie, maar Namibia. Skynbaar poog Vrye Weekblad hiermee om 'n anti-establishment statement te maak. Indien wel - en ek deel u sentiment - wonder ek nou net hoe anti- u werklik is.

"Soos u sekerlik van bewus is, kan die oorsprong van die Namibia-skryfwyse teruggevoer word na 'n besluit deur die sogenaamde "tussentydse regering" net voor hul ontbinding. Dit was een van die reeks laaste desperate pogings deur 'n "regering" wat koorsagtig legitimiteit probeer koop het: almal weet hulle het probeer "regeer" sonder enige populêre steun onder die breë bevolking en was bowendien deurentyd verdag vanweë koloniale konneksies; 'n "regering" in stand gehou deur die Afrikaanse establishment teen die wil van Namibiërs.

*'Gooi maar gerus die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls weg saam met die borstrok wat jy Afrikaans wil aantrek. Steur jou eerder 'n slag aan hoe die mense van Namibia Afrikaans praat'*

"Daarom het ons eie anti-establishment-koerante hierdie halfhartige besluit destyds op gepaste wyse geïgnoreer en volg hulle vandag nog die Afrikaanse skryfwyse in Afrikaanse insetsels.

"U is dus die enigste nuusblad wat nog legitimiteit verleen aan die besluite van 'n "regering" waarvan ons liefs probeer vergeet. Dit smaak vir my u ondermyn sodoende u anti-establishment statement.

"Mag ek net meld dat ons huidige en wettige regering nie 'n besluit geneem het oor die skryfwyse van ons land se naam in Afrikaans nie. Hulle het nie nodig om met sulke truuks steun te verwerf nie!"

Tot sover ons geleerde vriend.

Namibia is die enigste land buiten Suid-Afrika waar Afrikaans 'n belangrike spreek- en skryftaal is. Die mense van Zambië en Tanzanië skryf nie hul land se naam op Afrikaans nie, en dit verskyn ook nie op hul amptelike vorms, dokumente, kaarte of aanwysings nie.

Alle Zambiërs praat net van Zambia, of hulle in Engels of een van hul plaaslike tale skryf of praat.

Ons gun dit ook aan die mense van Namibia om almal hul land op een naam te noem. Namibia is Namibia, of dit nou uit die mond of pen van 'n Owambo-sprekende, Herero-sprekende, Engelssprekende of Tswana-sprekende kom.

Toe die naam aanvanklik, láánk voor mnr Du Plessis gebore is, algemeen deur swart nasionaliste begin gebruik is, het hulle nie van Namibië gepraat nie, maar van Namibia. Die oorgrote meerderheid van die bevolking spreek dit dan vandag nog met 'n ia-uitgang uit - ook as hulle Afrikaans praat.

Die ia-uitgang is boonop nie vreemd op die Afrikaanse tong nie, soos blyk uit Pretoria, Kenia, Villieria, ensovoorts.

Ons glo wanneer daar te kiese is tussen die volkswil soos uitgedruk in die daaglikse gebruik van die naam en allerlei taalreëls en regulasies wat deur wit Afrikaners in Suid-Afrika - meestal Broederbonders - as lede van taalkommissies en Akademies neergelê is, dan kies ons die volkswil.

Ons vind dit vreemd dat mnr Du Plessis, wat volgens die sentimente wat uit sy brief spreek, nie homself as 'n wit Afrikaner-chauvinis sien nie, nie ook dieselfde keuse kan maak nie.

Namibia is tog duidelik 'n spesiale geval omdat Afrikaans daar waarskynlik steeds die lingua franca is en die amptelike naam nog redelik jonk is. En taal gaan seker eerder oor mense en kommunikasie as oor verstokte reëls, of hoe?

Terloops, Vrye Weekblad praat ook van Azania eerder as Azanië wanneer daar oor die Swart Bewussynsgroepe berig word wat dié term bo Suid-Afrika verkies. En al dieselfde argumente geld - al was hier nie 'n tussentydse regering wat besluite daaroor geneem het nie.

Vrye Weekblad wil graag help om Afrikaans 'n bietjie los te maak van sy Boere-kettings. Dit is die taal van mense, nie van taalkommissies of dosente in Afrikaans nie. Daar is baie ander voorbeelde van waar Vrye Weekblad hom/haar afvee aan die gebruik van ander publikasies - ons praat byvoorbeeld deurgaans van Aids eerder as Vigs, en van township eerder as swart woongebied.

Mnr Du Plessis is duidelik 'n onlangse aankomeling in Namibia. Daarom maak hy stellings soos dat die "oorsprong van die Namibia-skryfwyse teruggevoer word na 'n besluit van die sogenaamde tussentydse regering". Namibia was Namibia jare voordat die tussentydse regering nog 'n vonkeling in PW Botha se oog was.

Hy praat ook van "ons eie anti-establishment-koerante (wat) die besluit destyds op gepaste wyse geïgnoreer het". Sou hy die DTA se Die Republikein en die Nasionale Party se Die Suidwester as anti-establishment beskryf - altans in die tyd vóór die VVO-beheerde verkiesingsproses? Want dit was dié koerante wat die gebruik van Namibië in Namibia gevestig het. Waar 'n koerant soos die heelwat jonger Namibian (maar dié is mos deesdae weer establishment, dan nie?) soms in van sy Afrikaanse berigte die spelwyse Namibië gebruik, volg dit bloot dié voorbeeld.

Perdedrolle is nie vye nie. Die spelwyse Namibië het sy oorsprong in die geledere van die wit taalpuriste van Namibia se gewese koloniale heerser - en daaraan kan selfs 'n ywerige Afrikaanse dosent nie verander nie.

Ons vriend se argument dat Vrye Weekblad "legitimiteit" probeer verleen aan besluite van 'n vorige regering is sommer simpel. Dis soos 'n kind wat 'n malvalekker in 'n spaarbussie se gleufie probeer druk.

Sterkte met die aanhelp van ons liewe, lekker ou taal daar in ons buurstaat, broer! Maar gooi maar gerus die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls weg saam met die borstrok wat jy Afrikaans wil aantrek. Steur jou eerder 'n slag aan hoe die mense van Namibia Afrikaans praat.

En totdat die regering van Namibia besluit dat Namibia op Afrikaans eintlik Namibië is, sal Vrye Weekblad hou by Namibia. (Ons sien juis mnr Du Plessis se tikmasjien het nie 'n deelteken nie en hy moes die kolletjies met 'n pen aanbring!)

Naskrif: Ons sien jy spel ons naam verkeerd, Theo. Dis Vrye Weekblad, nie Vrije Weekblad nie. Gee jy om as ons ons eie naam uitkies?

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

# See-energie eerder as Koeberg?

TWEE weke gelede was die energieprobleem bespreek. Ons doen dit weer.

Die meeste energie is van die son afkomstig, maar die see bied ook 'n energiebron wat reeds elders met welslae benut word. 'n Kragsentrale wat met behulp van golwe en sonder besoedeling krag aan die mense verskaf, sou beslis beter vertoon as Koeberg. Nie waar nie?

In Noorweë word daar die afgelope 15 jaar al pionierswerk gedoen ten opsigte van golf-krag. Die daling in die oliepryse wat in die tagtigerjare plaasgevind het, het navorsingsgeld op dié gebied in Japan, Engeland en Amerika laat opdroog. Nie in Noorweë nie - die regering het ondanks 'n plaaslike energie-surplus (hidro-elektriese opwekking en Noordsee olie en gas) steeds fondse beskikbaar gestel - tot dusver 100 miljoen Noorweegse Krone.

Teen die einde van 1988 het geweldige storms die kus van Noorweë geteister. Reuse-golwe van tot 20 meter hoog het vir dae aanmekaar die kus gehamer en groot skade aangerig.

Dié storm was 'n onbeplande toets vir die ekperimentele kragtoring wat Kvaerner Brug A/S by Toftestallen in die see opgerig het. Die toring het nie die toets geslaag nie: onder die aanhoudende wateraanslag het die aanleg gesink en lê vandag op die seebodem.

Die opposisie, Norwave A/S, het egter in 'n alternatiewe model belê. Dié "kanaal-kragopwekker" het die storm weerstaan. Die suksesvolle weerstand word toegeskryf aan die feit dat die aanleg nie regstreeks aan die golwe nie blootgestel was nie, en ook aan die eenvoud van die ontwerp - konvensionele masjinerie en konstruksie-metodes is deurgaans gebruik.

Norwave se kragopwekker werk as volg: 'n tagtig meter lange kanaal of lagune word gebruik. Die mond- of seekant van die kanaal is by Toftestallen met behulp van plofstof tot 'n drie-meter opening verbreed.

Hiervandaan loop die water tussen die granietrotse op tot 'n punt van slegs dertig sentimeter. Die golwe stoot die seewater hierdeur tot in 'n houer wat met die oorloopslag die water deur 'n turbine jaag wat soortgelyk is aan bestaande hidro-elektriese kragopwekkers. Die water word daarna toegelaat om terug te dreineer na die see. Die natuurlike rots en die kanaal self beskerm die masjinerie wat agter die rotse geplaas word. Só 'n aanleg kan 350 kilowatt per uur verskaf.

Norwave se eerste uitvoer-kontrakte is reeds geteken. Indonesië en Tasmanië kry nou "kanaal-opwekkers". Die Azores en Mauritius stel ook belang en 'n Verenigde Volke-ontwikkelingsprogram kan moontlik die ontwerp uitvoer na die klein eiland-gemeenskappe in die Indiese en Stille Oseane. Kvaerner Brug is steeds besig met ontwikkeling, ten spyte van hul terugslag. Hulle MOSC-torings (multiresonant oscillating water column) word op 'n platform teenaan die see gebou. Die golwe breek teen die platformbasis en lug word deur openinge in die beton in die toring opgedruk. Bo-op die toring gebruik 'n turbine, gekoppel aan 'n opwekker, dan dié energie om krag te skep.

Tonga, Nieu-Seeland en Samoa ondersoek tans die moontlikhede van die inwerkingstelling van sulke kragtorings. Daar is ook nou 'n oplewing in die belangstelling in hierdie vorm van energie-verskaffing in Europa en Engeland. Studies het getoon dat die kragpotensiaal van die see bykans die helfte van die energie-vraag van die Europese Gemeenskap kan lewer.

Dit is net eenvoudig 'n gesonder manier van energie-ontwikkeling as kernkrag. In lande soos Suid-Afrika, miskien nie heeltemal prakties nie - dis jammer Johannesburg is nie by die see nie, nè?

Maar dié soort ontwikkeling is in ieder geval nie vreeslik relevant hier in Afrika nie. Die grootste verbruik van energie in Afrika is in die voorbereiding van kos. Miljoene mense het hitte nodig om te eet.

Tegnologie moet hier nie net "alternatief" wees nie, maar ook "toepaslik en toeganklik". In die eerste plek kan Afrika nie duur toerusting bekostig nie. "Instandhouding" is 'n nadeel wat vele tegnologiese wonders hier al in wit olifante verander het. En die uitgestrektheid van gemeenskappe maak voorsiening van energie 'n kopseer waarmee ons nog lank opgeskeep gaan sit - ons kan nie almal by die see gaan woon nie.

(Ex Magazine, April 1990; p.19-23)

*(Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers)*

## ALF se bomme beseer onskuldiges

IN Junie vanjaar het daar in een week in Engeland drie bomme ontplof. Een daarvan het die gedeeltelike verwoesting van 'n militêre gebou in Londen veroorsaak - geplant deur die IRA.

Die ander twee het onderskeidelik in Wiltshire en in Bristol motors vernietig. In die een ontploffing het die eienaar van die motor, 'n veearts, ligte wonde opgedoen. In die ander is 'n dertien maande oue baba ernstig deur skrapnel beseer. Dié laaste twee ontploffings was die werk van die Animal Liberation Front (ALF). Die tydsberekening was sekerlik toevallig en daar bestaan geen rede om 'n verband tussen die IRA en die ALF te sien nie.

Maar 'n verdere ironie tot die verloop van die "oorredings"-veldtog van die ALF is dat die slagoffers van die bomme in der waarheid "onskuldig" was. Die jong seuntjie was in 'n stootwaentjie langs die motor toe die bom ontplof het. Max Headley, die eienaar van die motor, is 'n wetenskaplike wat by die Universiteit van Bristol homself besig hou met die welstand van diere wat in eksperimente gebruik word. Die beseerde Margaret Baskerville van die Chemical Defence Establishment in Porton Down, Wiltshire, is daar aan die hoof van 'n soortgelyke "etiese komitee". Nie een van die wetenskaplikes doen self enige eksperimente op diere nie.

In Suid-Afrika was die ALF onlangs in die voorste linies in die "vryheidstryd" van die robbe by Kleinsee.

(New Scientist, 16 Junie 1990)

*Vrye* **Weekblad**

## Bloed in die townships

Die politieke temperatuur in ons land is gevaarlik hoog.

Die geweldige bloedvergieting in die Randse townships is seker die mees sinnelose gebeurtenis in 'n baie lang tyd in ons geskiedenis. Niemand, maar niemand, kan daarby baat nie.

Dat dit juis nou moet gebeur, nou dat ons almal vryheid en demokrasie op die horison sien glimmer, maak dit nog meer tragies.

Buiten die lewensverlies van landsburgers en die verdriet en ellende wat dit aan duisende gesinne gebring het, het dié week se gebeure 'n sterk negatiewe invloed op ons politieke ontwikkeling.

In die swart gemeenskap lei dit tot intense bitterheid tussen etniese groepe en opponerende politieke organisasies wat nasionale versoening al moeiliker maak.

In die blanke gemeenskap lei dit tot vrese dat dié soort anargie en geringskatting van die menslike lewe Suid-Afrika se voorland onder 'n meerderheidsregering sal wees.

Die gebeure is die verantwoordelikheid van alle leiers: die regering, die ANC, Inkatha en die kerke.

Die tyd vir holle retoriek en verskonings soek en vingers wys is verby as daar soveel lyke in die townships lê.

Maar daar is tog min twyfel dat dit hoofman Mangosuthu Buthelezi se Inkatha-beweging is wat primêr agter die geweldpleging sit.

Lank reeds bestaan die vermoede dat daar planne in dié beweging is - wat die goedkeuring van sekere sekurokrate wegdra - om die Natal-situasie na die res van die land uit te brei.

Hoofman Buthelezi self het lank gelede al op rekord gegaan dat hy 'n man van vrede is, maar dat hy en sy beweging die vermoë het om die hele land in bloed te dompel.

Ons kan maar net bid dat wat nou gebeur, nie dié strategie is wat in werking gestel word nie.

Hoofman Buthelezi het dié week tydens 'n televisieprogram hoog opgegee oor sy vredeliewendheid en verantwoordelikheid as 'n nasionale leier.

Ons glo hom nie meer nie.

Suid-Afrika moet hom nou tot verantwoording roep vir sy dubbelpratery.

## Charles Bester

Charles Bester was 'n jong seun met 'n groot hart toe hy aan die einde van 1988 ses jaar lank tronk toe gestuur is omdat hy geweier het om diensplig in die SA Weermag te doen.

Dié week het die jong Charles ná 20 maande as 'n vry man uit die tronk gestap nadat 'n Johannesburgse regter besluit het dat hy genoeg tyd van sy oorspronklike vonnis uitgedien het.

Mag die vrylating van Bester die einde van die staat se ongenaakbare houding jeens dienspligweieraars beteken.

In die proses is waardevolle mannekrag verloor en onskuldige jong manne se status tot dié van kriminele verlaag.

Daar kon tog geen twyfel wees dat Charles Bester, en voor hom David Bruce en Ivan Toms en na hom Saul Batzofin en Douglas Torr, werklike en geregverdige besware gehad het om in die SA weermag te dien nie.

Hulle het almal gesê dat hulle nie sal dien in 'n weermag wat die huidige regering se apartheidsbeleid beskerm of in 'n immorele en sinnelose oorlog in Namibia betrokke geraak het nie.

Vrye Weekblad salueer vandag hulle besluit om liewer in die tronk te gaan sit as om in 'n bruin uniform in 'n Buffel deur 'n township te ry of vir 'n samjoor koffie te maak.

In die buiteland is daar vandag honderde jong Suid-Afrikaners wat in ballingskap leef omdat hulle nie kans sien om in die tronk te gaan sit nie.

Mag dié nuwe gees en houding hulle in staat stel om spoedig terug te keer. Ons het in die huidige omstandighede elke persoon wat bereid is om 'n bydrae tot 'n nuwe toekoms te maak, bitter nodig.

Dit is verblydend dat daar vandag nie meer 'n enkele dienspligbeswaarde in die tronk is nie. Mag Charles Bester die laaste beswaarde wees wat ooit deur die Sentrale Gevangenis in Pretoria se swaar tronkdeure hoef te stap.

Bester, Bruce, Toms, Torr en Batzofin is 'n monument vir vryheid uit 'n donker en sinistere tydvak in ons geskiedenis.

## *So sê hulle...*

"The mother of the child, her own house was on fire. She took it to the neighbour because she wanted to take her clothes across the railway line. When she came back, the shack was burning - three months child." - Mev Tisani, inwoner van die plakkerskamp Crossroads gedurende die week se geweld aan die Oos-Rand.

"That would imply dr Mandela was God and that I was a protegé of dr Mandela. While I have a lot of respect for him I don't regard him as God." - Hoofminister Mangosuthu Buthlezi, op die vraag of hy nou aan die einde gekom het van sy politieke loopbaan, omdat hy uitgelaat is uit 'n ontmoeting tussen Mandela en tuislandleiers.




## BRIEWE

***Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.***

# Open jou eie boekwinkel, Koos

**Thomas Olver van Pretoria skryf:**

I will take this opportunity to congratulate the ever alert and fearless Koos Prinsloo on his recent valiant attack against free enterprise.

Not only does Prinsloo show his ignorance of basic economic principles, but also blatant disregard for the freedom of choice open to every Exclusive Books customer. I myself must disagree with the intrepid Prinsloo; Exclusive Books should be lauded for their contribution to the book selling trade. In no other bookshop will Prinsloo find the (radical) selection of books on sale at Exclusives, and should Prinsloo feel that the Literary Group is exploiting the market, he should avail himself of his freedom to risk his own capital, and start his own bookshop.

Until such time however, he will have to carry on shopping at the bookstore that not only has what he wants (or will get it for him) but also offers a civilised atmosphere and a competent friendly staff.

## Los vir Naas

**Theo Meyer van Pretoria skryf:**

Tinus Horn het verlede week die volgende geskryf: "Naas Botha se ongelooflike welslae het 'n klomp jong losskakels - wat nie sy talent het nie - aangespoor om hul speelstyl op syne te baseer. Dit verklaar waarom die rugby wat in ons plaaslike reekse opgedis word, so droog en voorspelbaar is."

Kan Naas regtig die hele rugbytoneel in Suid-Afrika droog en voorspelbaar maak?

Tinus wonder ook of Danie Gerber in 1984 sy beroemde drieë-driekuns sou behaal as Naas sy losskakel was. Maar in hoeveel van dié drieë het Errol Tobias 'n betekenisvolle rol gespeel? (Kyk eers weer na die video).

By 'n vorige geleentheid het Tinus van Naas en Robert du Preez geskryf "Hulle skop hul teenstanders eers moeg voordat hulle met die agterlyn begin slaan. (As hul eie senters nie van skok aanslaan nie, betrap hulle gewoonlik hul teenstanders onverhoeds, wat verklaar waarom die Noorde so baie drieë druk)."

Is dít hoe objektiewe sportjoernalistiek lyk?

*(Tinus Horn antwoord: Die sleutelwoorde in die eerste aanhaling is "Naas Botha se ongelooflike welslaë" en "'n klomp jong losskakels wat nie sy talent het nie". 'n Aanval op Naas is dit dus beslis nie. Maar kan 'n mens sy invloed op die spel van Joel Stransky en Cameron Oliver miskyk?*

*Wat Danie Gerber se driekuns betref: Tobias se rol was om die bal by sy senters te kry; die lof kom Gerber toe en die berig probeer niks anders voorgee nie. Die vraag is of Gerber drie keer in een wedstryd aan die bal sou raak as Naas aan sy binnekant was.*

*Die laaste grappie moet in konteks gelees word; as deel van 'n lofgesang oor Naas en Robert se doeltreffendheid.*

*NS: Die "objektiwiteit" wat u verlang, sien 'n mens net in Pretoriase dagblaaie.)*

## Direct hulle, Chris!

**Fred du Preez van Tuine, Kaapstad skryf:**

Dank die Gode (en VryDag) vir enigeits van Chris Pretorius wat die blaaie sien. Die Portugese inligting is vir my die highlight, en sy super-vlymskerp humor en kernkragsinisme (met tong in die kies regdeur - no holy cows!) is net wat ons society met sy vreeslike eng grense nodig het.

Dit is wonderlik om iemand se werk te lees wat nie 'n bepaalde ideologie onderskraag nie, maar elke situasie as individu opsom. Die Cultural Desks en menige Cultural Union sal baat vind as hulle 'n bietjie deur Pretorius direct kan word.

Hulle het nodig om te leer hoe om buite die groep te survive!

Die artikel oor People's Culture was manna tussen al die dogma, en ek gaan beslis soek na 'n lewenslange whisky-sponsor vir Chris.

Skryf asseblief, die Kaap soek nog!

## Witvel waarheen?

**MG Schultz van Sunnyside, Pretoria, skryf:**

As student en toekomstige bewoner en bewerker van Suid-Afrika, is die hewige reaksie van die ver-regses kommerwekkend. Te lank is die Afrikaner beskerm deur sy wit vel, en nou dat tradisionele eieregte op die onderhandelingstafel lê, blyk dit dat hy in werklikheid nie veel meer is as net 'n wit vel nie.

Is dit al wat ons oor die Drakensberge gedra het? Het ons wit vel die Vryheidsoorlog gewen, die eerste hart oorgeplant, of sy eie taal tot stand gebring?

So dikwels hoor ek die regses se arg ment dat verskille nie net 'n velkleur is n As dit waar is, waarvoor is die Afrikan dan bang? Ek het nie 'n vel nodig om mys te handhaaf nie, ook nie 'n wet om my v gegewe-voorregte te beskerm nie.

Ek handhaaf norme wat ek by my oue en voorgeslagte geërf het, geen wet kan afneem of beskerm nie. Die instandhoudi waarin ek glo en hoop? Ek sorg self daa voor in my keuse van vriende, tydsbest ding en manier van doen. Ek braai vle trek my buurman se been. Kyk rugby Loftus en skree in my moedertaal. Is dit n geleentheid om ons Afrikanerskap te la voorleef nie?

Is dit nie waar dat ons Afrikaners tr disioneel 'n Christenvolk is nie? Waaro dreig die regses dan met geweld as 'n skew ding eerder reguit gepraat moet word. Is nou nodig om Jerigo se mure plat te skree Daar is te veel op die spel, aan albei kan van die muur is Afrikaners.

Nou is die tyd dat ons Afrikaners han moet vat, ons regering ondersteun en toekoms beding wat vir ons kinders se inhou. Ons is nou soos die seevaarders v ouds op die einde van die aarde. Ons ide titeit lê hier. As ons nou weer die loop nee is môre se geskiedenisboeke vol wit haksker sonder eindbestemming.

## Thank God, and Hennie...

**Judith Mason van Kalkbaal skryf:**

On page 10 of your paper, 10th Augu 1990, two wonderful photographs. The upp is of FW and Nelson Mandela, both apol getic, both awkward - the embarrassed ward and the apprehensive prisoner on displa contrasted with the businesslike, unsel conscious image of two men after a ha days work.

Thank God for them, thank Hennie Se fontein for remarkable reportage, thank yo for your excellent paper, thank goodness read Afrikaans even if I hesitate to write i

PS. Give your layout people a bonus.

**Vervolg op bl 22**

# Vind Marike se frons en wen 'n gratis nose-job



BROLLOKS EN BITTERGAL

Die getuienis voor die Swazilandse hooggeregshof dié week het weer die ou verbeelding vreemde draaie laat loop.

Armando Lecula het in 'n verraadsaak getuig prins Mfanasibili het hom Rozanne Botha as vrou belowe as hy hom help om die koning te onttroon. Daarby sou hy 'n droomwittebrood met Rozanne in die Filippyne kry, 'n goue geweer en 'n ontmoeting met pres George Bush.

Die moontlikhede vir ander vergoedingspakkette is eindeloos.

Daar was natuurlik die ou ene - enigsins in slegte smaak: Raai Tannie Elize se gewig en wen 'n tuisland.

Wat van: Gooi Winnie se vuurhoutjies nat en wen 'n Nobelprys?

Of: Kry Koos van der Merwe van die KP se mond toe en wen twee Boerestate. Woon 'n AWB-vergadering by en wen 'n gratis rol toiletpapier.

* Raai wat Andries Treurnicht tussen die reëls sê en wen 10 kilogram kommersiële plofstof...

## Tien van hulle?

Die storie in dié week se koerant oor hoeveel vordering gemaak word met kloning, maak 'n mens half skrikkerig dat dit ook op die mens toegepas kan word.

Kan jy jou tien identiese Eugene TerreBlanche'e voorstel? Of Magnus Malans? Of Chris Hani's? Of meer Gatsha Buthelezi's, al is dit net twee?

* Aan die ander kant, as Brolloks so kyk na hoe die All Blacks vir Australië platvee, kan ons miskien doen met tien Wahl Bartmann's, tien Robert du Preez's en tien Danie Gerbers - ons moes net 'n paar jaar gelede al van Danie se selle gekry het.

## Bobbejaan en leeu

Vir dié wat dit nou nog nie gehoor het nie, hier is die storie van die leeu en die bobbejaan.

Bobbejaan sit dié middag windmaker agteroor in die mik van 'n boom en vyl aan sy naels. Seekoei kom verby en groet hoflik: Dag, neef Bobbejaan, hoe gaan dit vandag? Wat maak jy alles?

Bobbejaan versit so effens en sê: Nee, niggie, dankie, dit gaan goed. Ek sit myself sommer en mooi maak want sien jy daai lieflike jong leeuwyfie daar in die vlei? Voor die son vanaand sak vry ek vir haar vuurwarm.

'n Rukkie later stap kameelperd verby en vra ook na bobbejaan se welstand en doen en late. Nee wat, sê bobbejaan, dit gaan nie te vrot nie. Maar vanaand gaan dit nog beter gaan. Sien jy daai leeuwyfie daar onder in die vlei? Vanaand is die aand dat sy gevry word dat sy hop. Ek sit myself juis nou en mooi maak vir die okkasie.

'n Rukkie later stap renoster verby, nog 'n ruk later rooibok, en elke keer vertel die windgat-bobbejaan sy storie.

Hy sit nog so en vyl en in sy baard glimlag, toe stap leeu reg onder die boom verby. Wat maak jy, Bobbejaan? vra hy onverwags met sy bulderende stem.

Ag, ek praat sommer twak met my vriende, sê bobbejaan skugter.

Maar g'n bobbejaan leer mos sy les nie. Toe leeu diékant toe stap, gly hy by die boom af en nie heelwat later nie het hy die leeuwyfie in 'n dubbele nelson en dis net 'n gehyg en 'n gelek.

Maar voor die ding té ver kon vorder, brul leeu skielik hier agter hulle. Neef bobbejaan hardloop dat jy net 'n stoffie sien trek, maar die gevryery het hom uitgeput en leeu haal hom al meer in.

Bobbejaan besef hier gaan hy kort kom, en hy glip skielik agter 'n boom in waar hy 'n kopie van Vrye Weekblad sien lê. Hy sit ewe nonchalant teen die boomstam met sy bene gekruis en hou die koerant oop voor hom toe leeu verbystorm.

Verskoon, neef, vra leeu. Jy het nie dalk 'n bobbejaan hier sien verbyhardloop nie?

Is dit die bobbejaan wat die leeuwyfie gevry het? vra bobbejaan ewe besorg.

Magtag, is dit al in die koerant? vra leeu.



**Ons spotprenttekenaar, Alastair Findlay, het dié tekening van hoofman Mangosuthu Buthelezi 'n hele klompie weke gelede gemaak. Dié week se gebeure aan die Oos-Rand en Soweto het gewys hóé in die kol hy was: die Man van Vrede en Redelikheid toe hy op TV verskyn, terwyl sy impi's elke aand die bloed van hul spiese gewas het.**

# *Siel van die dierbare volk soos 'n wildsbok oopgevlek...*

EGBERTUS had toe die vooreg om die Hexrivier oor te steek om in die bakermat van Afrikanerdom te gaan luister na die Afrikaner se sielswroeging. Dit was 'n aardigheid. Die siel van die dierbare volk is oopgevlek soos 'n wildsbok nadat 'n minister hom uit 'n helikopter geskiet het.

Een van die verrassings van die New left, Jan Momberg, het die onmoontlike gevra: dat die uitverkore volk moet bieg. Seg hy dis nie genoeg dat apartheid as verkeerd verwerp word nie: daar moet verskonings gevra word boonop. Seg miesies Klaagvoort: dis ontboeseminge soos dié wat die Afrikaner se naam dalk nog kan red.

Sy moes hoeka al verskonings aanteken vir die baksel koeksisters van 1983, die stomme goed is mos anti-clockwise gevleg. Die verskoning het nie goed afgegaan in Louis Trichardt nie, maar die Koeksistersgilde se geloofwaardigheid is gered.

Mister Glen Babble, bekende Inspector of Indians (Canadian, retired), het die dinge kwyt geraak (insluitende die kluts). Maar ons weet darem almal nou met welke hoge siele van die wêreld hy al self, persoonlik, ek jok nie, gesels het.

Hy het egter nie sy mak Somali saam gebring nie. Sappigheidjie so tussen die geBabble door was die kêrel se stelling dat die Harmskommissie nie buitelandse moorde kan ondersoek nie omdat die internasionale reg dit sou fnuik. As nouja, hoekom ondersoek hulle dan nie die samewerking en onwettige opdragte wat tog binnelands gegee is nie? Seg Oswald die storie van internasionale reg is iedergeval onsin.

## Stert in die lug

'n Pittigheidjie wat 'n wintersnag draagliker gemaak het, was 'n ander siel se stelling dat die Afrikaner, soos die donkie, 'n wonderlike ding is wat staan op die brug met sy stert in die lug (om te voel watter kant die wind waai.)

Die brug is dié oor die Rubicon, en op die regteroewer sit "die baardboepens-bandolierbrigade met hul simboliese osseswaens vasgevang in die moeras van 'n mitiese Boererepubliek".

Seg hierdie insigvolle wese dat die Afrikaner se rol in 'n toekomstige Suid-Afrika daarin lê dat hy moet opoffer en deel wat hy het. Vergeet van groepregte, vrinde. Dis een van die oorblywende skelmstreke van madam De Klerk se party: dit beteken tog niks anders as verskansing van wit voorregte nie.

Hoe voel julle, vrinde, oor Spaans as amptelike taal? Dan kan die Afrikaner-exiles mos ook terugkeer, uit Paraguay.

## Nog 'n happie trifle

Dit was 'n eye-opener, vir dié wie se oë nog toegeswys is, en nou die aand vir sy Hoogdrawendheid Veldmaarskalk Buthelezi op TV te sien. Dis darem al te pateties dat 'n mens jou eie beuel so aanhoudend moet blaas, dit wys maar net hoe 'n groot rol die ego dalk speel in die nie-beslegting van geskille. En vir 'n man wat so liggeraak is oor sy eie waardigheid was dit verbasend hoe sy Hoogdrawenheid sy opposisie neergehaal het.

Maar genoeg hiervan, 'n mens voel eintlik na 'n ruk of jy te veel trifle poeding in het. Of te veel koeksisters.

## Stomme DP

Die stomme DP raak nou so haaks met hulself dat dit net 'n kwessie van tyd is voordat die hele on spul ontplof.

Tony Leon ou rammetjie-uitnek pantomime is 'n laagtepunt: om die ANC so op 'n afstand te wil hou as "toestanders" beteken dat daar weinig oorbly van wie hy bondgenote kan maak.

Hoeveel kontak het die jonge heer Leon nou juis met die ANC in besonder, of met swartmense in die algemeen? Is hy betrokke by removals of by plakkers? Seg moeder daar's seker nie te veel sulke bedrywighede in Houghton nie.

'n Pluimpie vir Jan van Eck en Jan Momberg en Peter Gastrow wat die man in die bek geruk het. 'n Rasberry vir Zach de Beer, wat die verkeerde perd opgesaal het.

Seg Miesies Klaagvoort ja, 'n holruggeryde perd. Maar dis 'n teken van die tye, vrinde, dat party-leiers hul volgelinge aanprys of vergruis, na gelang van die sterkte van die drang.

Dis natuurlik hoog tyd dat Womandela 'n bietjie briek aandraai met die poëtiese retoriek. Ek meen te sê, poetic licence is een ding, maar licence to kill? Daar kan net goed van kom dat sy oor die vingers getik is deur Walter Sisulu, miskien die wysste van die ou garde. Egbertus wens hy kon hulp van die buite inroep om miesies Klaagvoort te beteuel, maar niemand sal dit waag nie.

## Dirk se job

Geliefdes, Lothar die Vernuftige is op die litigasiepad. 'n Koel R1,5 miljoen is die prys wat hy in alle beskeidenheid op sy reputasie plaas. Seg Oswald hy wens hy het self so 'n expensive model van 'n reputasie, dan kom hy dit by die pawnbrokers gaan inruil. Goedkoper as om hof toe te gaan.

Iedergeval, dinge staan nou na 'n punt toe: die moontlikheid is in die lug dat Dirk Coetzee dalk oor die affêre in London sal moet getuig. Dit raak al amper soos 'n voltydse job vir hom. Kan regter Harms nie sommer namens hom getuig nie?

## Wellustige Ciskei

Die prettigste klub het in die Ciskei oopgemaak.

Daar kan jy als te sien kry wat moeder 'n oorval kan gee - gebruik net jou verbeelding. Seg die Ciskeise staatshoof, brig Oupa Somebody, dis als hunky-dory. Blybaar meen die Ciskei dat hulle hul nou in die 20e eeu bevind. Te oordeel aan die "konserwatiewe" mans wat na die klub stroom, is daar vele siele wat polities in die 18e eeu staan, maar wat immoraliteit betref, in die 21e. So 'n klub is voorwaar 'n teken van onafhanklikheid.

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

## Moeilike man

Geliefdes, 'n prisonier wat 'n houtvingerafdrukbord na 'n landdros gegooi het, is na ondersoek bevind fit te wees om sy verhoor voort gaan. Dis nie bekend of die landdros sal kan voortgaan nie. Die prisonier is 'n moeilike man, na bewering en dies meer: hy staan daarvan aangekla dat hy 'n toiletbak in die tronk stukkend geslaan het. Geen detail is te klein vir die regspleging nie. Egbertus hoop die hof sit nie die pot mis nie.

## BRIEWE

(Van bl 20)

### Winnie en heuning

**Aluta Discontinua van Lynnwoodrif skryf:**

Winnie wil nie weet dat die stryd verby is nie. Haar onlangse uitspraak dat geweld nog steeds aangewend kon word, nieteenstaande die feit dat die ANC die gewapende stryd laat vaar het, laat die vraag opkom waarom sy so hardnekkig met radikale uitsprake volhard, terwyl ander se oë reeds oopgegaan het.

Dalk sit sy, soos "Winnie the Pooh", te lank met haar vingers in die soet heuning, en vind dit moeilik om die werklikheid te hanteer?

Selfs 'n "boxes and necklaces"-uitspraak kon haar nie ontmasker nie - nie God se volmaakte vrou nie.

Of is dit haar herinneringe aan al die jare daar in Brandfort wat die revolusionêre vlam te hoog laat brand, sodat sy voel die fort moet steeds gehou word?

Miskien is dit spanning van 'n verhoor waar een van haar handlangers weens moord skuldig bevind is en waar die vraag gevra word: wie gaan volgende vervolg word?

Die feit van die saak bly staan, Nelson se Waterloo is dalk nader aan sy hart as wat goed is vir die Nuwe Suid-Afrika (en dit is nou nie net vir die mense wat die huis op Trafalgarplein moet beman nie).

Soos wat Nelson destyds 'n albatros om iemand anders se nek geword het, lyk dit asof hy ook 'n albatros om sy eie nek gekry het.

Niemand kan ontken dat hy 'n belangrike versoeningsrol speel in die Suid-Afrikaanse politiek nie. Hy is egter nie 'n gesonde persoon nie en stap ook al aan op die lewenspad. Watter rol eien sy vrou haarself toe op die kruispad van ons geskiedenis? Is sy 'n getroue wederhelf langs Nelson se sy?

Behoede Suid Afrika, Winnie "Cora Aquina" Mandela.

Die kruks van die saak is: wat Winnie Mandela sê, is nie goed nie - nie vir haarself nie, nie vir Nelson Mandela nie en ook nie vir die Nuwe Suid-Afrika nie.

Geen land kan 'n staatsman bekostig wie se vrou 'n ondersteuner van geweld is nie.

Of is ons almal se vingers in die heuningpot sodat ons dit nie kan agterkom nie?

*(Brief verkort - redakteur)*

### ANC en Christene

**GG Julles van die Strand skryf:**

Namens wie dink prof Johan Heyns praat hy wanneer hy Nelson Mandela se verhouding met die Christelike godsdiens bevraagteken?

Vanaf 1912 het Christene 'n groot rol binne die ANC gespeel. Inteendeel, die ANC is die enigste organisasie wat so 'n wye spektrum van godsdienste onder hulle lede openbaar.

Heyns en andere het nie die NP-regering se "Christenskap" van die afgelope 42 jaar bevraagteken toe:

* Aanhouding sonder verhoor aan die orde van die dag was;
* Jong kinders in 1976, 1980, 1984-85 voor die voet gedood is;
* Aangehoudenes die ewigheid op 'n koekie seep ingegly het;
* Swartmense toegang geweier is tot woongebeide, godgegewe strande, biblioteke, ensovoorts;
* Duisende swartmense se gesinslewe verbrokkel is deur die nie-toelating van vroue in die stede;
* Swartmense hongerlone vir lang werksure betaal is;
* 'n Dominee se bril in sy gesig stukkend geslaan is tydens die Pollsmoor-optog nie.

Heyns, asook ander geestelike leiers, moet konsekwent wees en almal wat onmenslik optree, NP-regering of ANC, aanspreek.

Ek is 'n belydende Christen en wil dit duidelik stel dat Heyns nie namens my of 70 persent Christene die vrae aan Mandela gestel het nie.






## Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

### PERSOONLIK

Alle Bles Bridges- en Danie Botha-plakkate kan gestuur word aan: Jaco, Swanstraat 92, Eastlynne. Tel: 880-2368

Die Takhare vir Vrede slaan weer eens, hul oë op na die mynhope en weet hulle hulp sal nie daarvandaan kom nie

Die Bleskoppe teen Apartheid sê die vredesduif het die Oos-Rand verlaat

### WOONPLEK

Quiet house with pool in Orange Grove: Two rooms, private bath, separate entrance. R600-00. Tel: 483-2528 Gwyne

Auckland Park: Kingsway Mansion, pragtige woonstel om te deel, het balkon, kaggel, en swembad. R375.00 per maand, bel 447-3298 en los 'n boodskap vir Katinka

Garden Route: Riverside House, Great Brak River. R50.00 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. For more information phone (04442) 3387

### DIENSTE

AFRICAN LANGUAGES: An introductory Zulu language and culture course will be commencing on Tuesday the 21st of August. The course will be 12 weeks in duration, and will comprise 12 consecutive Tuesday evenings. Meetings will be held from 7pm - 8.30pm and the venue will be in Parktown. To secure a place phone Viv at 483-1572. All welcome

*AGGRIEVED BY AN UNFAIR DISMISSAL FROM WORK?* You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job. Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance

REGTERBREIN DINAMIKA
Vergroot jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. 'n Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

**BEDREWE VERWER**
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011)728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734

TIK EN VERTAALWERK - Bel Louise by (012)46-6577

TAROT READINGS
Uncover what you really are, by letting yourself be yourself, by letting that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies oor diensplig. Skakel: Durban (031) 301-5663 Richard (w); Pietermaritzburg (0331) 94-4079 Mark (h); Kaapstad (021) 689-1194 (5:30 nm); Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae 4:30 - 7:00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

*VISUAL ART COURSES*
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the oppurtunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

### GEBEURE

Woensdagaand, 22 Augustus om 7.30nm is daar 'n poësievoorlesing by die Johannesburg Art Foundation: Achmat Dangor, Francis Faller, Lucas Malan en Don Mattera. Musiek deur Deborah James, Geoff Thomson en Winty Thomson (laasgenoemde bespeel die amadinda - 'n Ugandese xilofoon). Lede van die gehoor kan ook kort voorbeelde van hul werk voorlees. Almal welkom

Die Departement Afrikaans en Nederlands by Wits bied aan: 'n Lesing deur Breyten Breytenbach - "A Partial Reading of South Africa". Donderdag, 23 Augustus, 5.30 nm, Basement 5, Senaatshuis. Almal welkom

USIS bied aan: "A Town Meeting" onder voorsitterskap van prof Tom Farer van die American University Law School oor "Minority Rights and Majority Interests: Where should the Line be Drawn?" Die publiek is welkom. Dit begin om 17h00 in die USIS-ouditorium, 111 Commisionerstraat, 3e vloer. Tel: (011) 29-3451

### CRAFTS

Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788-3994

### MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night

Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

***Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan***

JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

*Suid-Afrika nou beslis 'n wêreldkrag in die marathon*

# Uiteindelik! Erkenning vir David en Frith

HAZEL WOODWARD

DAVID Tsebe is die derde beste marathonatleet in die wereld en onder die vroue is Frith van der Merwe die vierde beste vrou - en dis amptelik.

Hulle verskyn op die ranglyste wat vandeesweek deur die toonaangewende Britse atletiektydskryf, "Athletics Today" gepubliseer is.

Myrtle Bothma, wat haar eintlik op hekkieswedlope toespits, word as die beste vrou oor 400m gereken en die spiesgooier Tom Petranoff, wat Amerika onlangs vir Suid-Afrika verruil het, is ook onder die eerste tien.

Dit is jammer dat daar nie 'n keurlys vir ultra-marathonatlete is nie (die afstande wissel; tye kan dus nie vergelyk word nie). Oor 90 of 100km ken Bruce Fordyce nie sy gelyke nie. Sy enigste nederlaag in 'n ultra die afgelope agt jaar was die gevolg van 'n liederlike maagaandoening in België 'n jaar of twee gelede.

En oor 56km vergelyk Willie Mtolo goed met die wêreld se bestes.

Die erkenning wat ons atlete nou kry kom nogal uit 'n onverwagse oord. Tot vroeër vanjaar sou 'n mens kon sweer Suid-Afrikaners was deursigtig. Hul prestasies is eenvoudig verswyg, hoe goed hulle ookal was.

Hoewel Suid-Afrikaners vanjaar skitterend in baan- en veldnommers presteer het, kan daar min twyfel wees oor die feit dat ons eintlike krag in padwedlope lê.

Die baanseisoen in die Noordelike Halfrond is nog lank nie verby nie, wat beteken dat Myrtle se tyd nog oortref kan word. Al Europa en Amerika se vernaamste padwedlope vind egter aan die begin van die jaar plaas.

Drie Suid-Afrikaners spog met tye onder twee uur 10 minute in die marathon: Tsebe (2 uur 9 min 50 sek), Zithulele Sinqe, wat die Suid-Afrikaanse rekord hou met sy tyd van 2:08:04 en Willie Mtolo (2:08:15).

Al drie gaan op 9 September in Durban vir die Ford-Marathon aantree. As die weer saamspeel, is 'n nuwe rekordtyd beslis binne hul bereik. Kenners meen veral Tsebe kan nog heelwat beter tye behaal.

Hy kan straks die eerste Suid-Afrikaner word wat die lint in onder 2:08 breek.

Zinqe wil natuurlik nie die rekord afstaan nie en Mtolo meen hy kan albei klop. Hy het die Stad-na-Stadwedloop misgeloop omdat hy bitter graag in Durban wil wen.

'n Verdere aansporing vir die drietal is 'n Ford Laser 1600 Sport.

Frith, wat 'n bietjie in Frankryk kuier, herstel nog van die stresfraktuur wat haar vanjaar uit die Comrades gehou het en sal nie vanjaar 'n wêreldtyd behaal nie.

Maar sy gaan haar voortaan op die marathon toespits, wat net 'n verbetering in haar tye tot gevolg kan hê. Haar beste tyd is 2:27:36. Sy kan nog 'n hele paar minute daarvan afsny.



Frith van der Merwe


## *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.


**ALL BLACK-RUGBY oorheers die volgende paar dae se TV-sport op die SAUK se kanale én op M-NET.**

**"Mud and Glory", M-NET se opwindende reeks oor die helde van All Black-rugby, kyk Saterdagmiddag (3.30) na die loopbane van John Kirwan en Brian Williams, en gaan die SAUK se uitsending van die Curriebekerwedstryd tussen Natal en die Vrystaat stellig kwaai opdraand gee.**

**En Maandagaand (9nm) wys die SAUK die derde en laaste toets in die reeks om die Bledisloe-beker tussen die All Blacks en Australië.**

**Vrystaat se ondersteuners durf nie die wedstryd teen Natal misloop nie. Dis die Blikore se reg-of-weg-wedstryd; as hulle verloor, is hul kanse om die Goue Beker te wen, finaal daarmee heen.**

**Saterdagaand (9nm) wys die SAUK 'n opname van die wedstryd tussen Transvaal en die Oostelike Provinsie, wat baie belangrik vir die manne van die Baai is. As hulle Natal nog wil vang, móét hulle dié wedstryd wen.**

**M-NET het vandeesweek aangekondig dat Britse sokker voortaan wye dekking op dié betaalkanaal gaan ontvang. Hulle skop af met die wedstryd tussen Tottenham en Mancester City, wat volgende naweek uitgesaai word.**

## All Blacks oorheers sport op TV

*Gaan Minnie die volgende slagoffer van Luyt se ysterhand word?*

# Transvaal is terug in die woestyn

**LOUIS LUYT is ses jaar gelede as die redder van Transvaal se rugby gesien. Hy was die man wat die groot skade wat in die Jannie le Roux-tydvak aangerig is, ongedaan moes maak. Nou, ses jaar later, begin rugbymense in Transvaal wonder of die verandering ten goede was. TINUS HORN gee sy indrukke van die rugbywêreld se eie Animal Farm**

DAAR kan nou geen twyfel meer wees nie: Transvaal se rugby is presies waar hy was voor die paleisrevolusie waarin Jannie le Roux as voorsitter uitgeskop is om vir Louis Luyt plek te maak.

Soos Le Roux regeer Luyt met 'n ysterhand en soos Le Roux is hy só deeglik ingegrawe dat dit bitter moeilik sal wees om van hom ontslae te raak, al doen hy ook wat.

Verlede week is Luyt daarvan beskuldig dat hy keurder gespeel het toe Transvaal ses manne die trekpas gegee het ná die groot nederlaag teen die Vrystaat.

Dit was dié keer nie die geval nie. Die keurkomitee het self die besluite geneem. Maar dit is ook so dat Luyt uit sy pad uit gegaan het om hulle te laat verstaan hoe hy oor die saak voel.

Na afloop van die wedstryd teen die Vrystaat het Luyt die spelers lelik in die kleedkamer uitgetrap. Hy het dit duidelik gestel dat hy wou hê die koppe moes waai.

Die afrigter, Derrick Minnie, was hierteen gekant. Hoewel hy ook teleurgesteld was, het hy gemeen dat kwistige gebruik van die snoeiskêr net die probleme in die span sou vererger.

Die uiteinde van die saak was dat Minnie hard aangespreek is. Hy is glo aangesê om in die toekoms meer met sy voorsitter en minder met die pers oor spankeuses te praat.

Nou wonder die spelers of Minnie nie uiteindelik dieselfde paadjie as sy twee voorgangers, Pa Pelser en Apies du Toit, gaan loop nie. Albei is onder baie onaangename omstandighede van hul pligte onthef.

Pelser het redelike welslae met die span behaal, maar toe die Rooibontes eers in twee Curriebeker-eindstryde geklop word en die jaar daarna heeltemal uitsak, was die skrif aan die muur vir hom.

Baie mense was verbaas toe Apies du Toit as sy opvolger aangewys is. Hy was immers 'n groot "Le Roux-man" en was regstreeks betrokke by die voorval wat uiteindelik tot die einde van Le Roux se termyn as voorsitter gelei het.

Ockie Oosthuizen, die destydse kaptein, het sy ontevredenheid met die Transvaalse bestuur te kenne gegee deur by 'n oefening sy rug op Du Toit te keer en te sê dat hy nie meer vir die span wou speel nie. Verskeie spelers het hul steun aan hom toegesê.

Toe Du Toit verlede jaar weer nader geroep is, het Luyt dit egter duidelik gestel dat die verlede vergete was.

Maar toe die "skrum-dokter" nie met die kits-kuur wat Luyt verlang het vorendag kon kom nie, was sy doppie ook geklink. Die gevolg? Transvaal het in die middel van die seisoen sonder 'n afrigter gesit.



Pa Pelser

Hoewel Transvaal goed na sy spelers omsien, was die manne al by verskeie geleenthede bitter ontevrede met die manier waarop Luyt hulle behandel.

Sy kleedkamer-tirade ná die wedstryd teen die Vrystaat was g'n nuwigheid nie; In 1987, na die Curriebeker-halfeindstryd teen Suidwes, wat Tranvaal met 6-3 gewen het, het hy hul vertoning as "pateties" beskryf. Niemand het gedink dit is die regte manier om met spelers te praat wat 'n week later in 'n eindstryd moet speel nie.

Toe Transvaal die eindstryd verloor het hy geen tyd gemors om die skuld daarvoor op Wahl Bartmann en Daan Badenhorst te pak nie. Dié voorval was een van die redes wat Bartmann aangevoer het vir sy besluit om vir Natal te gaan speel.

Die ander redes kan ook voor Luyt se deur gelê word.

Hy het Bartmann verlede jaar as kaptein vir die seisoen aangewys; 'n paar maande later, toe Jannie Breedt uit Italië terugkeer, was Bartmann die kapteinskap kwyt.

Om alles te vererger moes Bartmann later in die seisoen in 'n koerant lees dat hy uit die span geskop is ten gunste van Francois Pienaar - 'n besluit wat regstreeks deur Luyt geneem is.

'n Beampte wat jarelange bande met die Transvaalse Rugby-unie het, het vandeesweek gesê Luyt het selfs meer mag as wat Le Roux destyds gehad het.

"In JZ (soos Le Roux in rugbykringe bekend was) se dae was daar darem manne soos Corrie Bornman, Wouter du Toit en Valois Terblans wat hul stem kon dik maak. Nou is almal te bang vir Louis."

Luyt speel nie met sy teenstanders nie: George Rautenbach, voormalige keurder en in een stadium een van Luyt se vertrouelinge, het die fout begaan om vir Chris van Coller te steun toe hy Luyt vroeër vanjaar as voorsitter teengestaan het.



Louis Luyt

Tot in daardie stadium het Rautenbach se promosie-saak flink met die Transvaalse Rugby-unie sake gedoen. Dit is feitlik onmiddellik stopgesit.

In die lig hiervan kan 'n mens nouliks verwag dat enigiemand Luyt openlik sal teëgaan.

Daar is ook 'n klousule in die Rugby-unie se grondwet ingebou wat die voorsitter se posisie in 'n groot mate verskans.

Niemand mag hom vir meer as een pos beskikbaar stel nie. As die adjunk-voorsitter dus die voorsitter teenstaan en hy verloor, is hy sy pos as adjunk ook kwyt, wat presies is wat met Van Coller gebeur het.

Selfs Luyt se vyande stem saam dat hy wel die belange van Transvaal se rugby op die hart dra. Maar almal is dit eens dat hy niks en niemand sal ontsien om die welslae waarna hy streef, te behaal nie.

# Namibia-rugby ses toetsspelers kwyt

**TINUS HORN**

NAMIBIA se rugbyspan gaan aan die einde van die seisoen minstens ses toetsspelers aan Suid-Afrika afstaan.

Dit is die gevolg van 'n onlangse besluit deur die Namibiese regering dat slegs burgers van dié land hom voortaan op die sportveld mag verteenwoordig.

Volgens Henning Snyman, afrigter van die nasionale span, is dit 'n slag waarvan Namibia se rugby moeilik sal herstel.

"'n Mens moenie net dink aan die ses topspelers wat ons verloor nie. Ons diepte word ook kwaai geknou. Sewe of agt van die B-span se spelers word ook deur die besluit geraak."

Daar is aanvanklik besluit om die nuwe reël dadelik van krag te maak, maar Buddy Wentworth, adjunk-minister van sport, het die Namibiese Rugby-unie verlede week laat weet dat hulle die "uitlanders" nog tot die einde van die jaar mag kies.

Dit beteken dat Namibia darem op volle sterkte sal wees vir sy toer na Frankryk en Brittanje aan die einde van die jaar.

Die manne wat van volgende jaar af nie meer vir Namibia sal mag speel nie, is die senter Johan Swart, die losskakels Shaun McCulley en Moolman Olivier, die skrumskakel Basie Buitendach, die flank Alex Skinner en die agtsteman Theo Oosthuizen.

As dié sestal nie die toer kon meemaak nie, sou dit in 'n volslae klug ontaard het, omdat Namibia in hul afwesigheid glad nie teen Frankryk opgewasse sou wees in die beplande reeks van twee toetse nie.

Vroeër vanjaar het die Franse B-span Namibia twee keer oortuigend geklop.

Hoewel die Internasionale Rugbyraad nie vereis dat spelers burgers moet wees van die lande wat hulle verteenwoordig nie, was die besluit nogal te wagte, omdat die Opperraad vir Sport in Afrika dit wel vereis.

'n Mens kan aanvaar dat hulle eintlike oogmerk is om te verhinder dat Suid-Afrikaners die sportboikot omseil.

Dit is egter 'n oor-reaksie. Sedert Namibia vroeër vanjaar onafhanklik geword het, het net twee Suid-Afrikaanse spelers, Olivier en Skinner, daar gaan speel - en nie een van hulle het tot in daardie stadium juis in Suid-Afrika naam gemaak nie.

Daar was sprake dat Michael du Plessis ook 'n aanbod ontvang het om daar te speel, maar omdat sy rugbyloopbaan einde se kant toe staan het hy die Oostelike Provinsie as langtermyn-belegging bo Namibia verkies.

Swart en McCulley word dubbel getref omdat hulle ook vir Namibia krieket speel.

Laasgenoemde sal stellig nou na die Westelike Provinsie terugkeer. Hy het juis vroeër vanjaar 'n goeie werkaanbod uit daardie geweste van die hand gewys.

Skinner, wat al vroeër in sy loopbaan vir die WP se B-span uitgedraf het, sal stellig ook Kaap toe koers kies.

Olivier staan voor 'n moeilike besluit. Gaan hy terug OP toe, sal hy met sy tweelingbroer, Morris, om 'n plek in die uitsoekspan moet meeding.

Oosthuizen het homself vanjaar as 'n skitterende losvoorspeler bewys, en kan byna kies vir watter Curriebekerspan hy wil speel.

Buitendach se loopbaan staan einde se kant toe en dié knou sal seker sy uittrede bespoedig.

# Vrydag

**onder redaksie van**
**ANDREA VINASSA**



*Carlos Saura se 'Carmen - The Ballet' is een van die beste dansprente wat nog gemaak is. Dit is nie 'n blote verfilming van die 'Carmen'-verhaal nie. 'n Intrigerende storie - die danser wat die hoofrol dans en die choreograaf raak betrokke in 'n obsessiewe verhouding - word met die dans ineengevleg. Saura is Spanje se voorste choreograaf en het in die afgelope vyf jaar 'n regisseur geword - nie net van dansprente nie. Hy het ook die prent 'El Dorado' geregisseer, maar 'Carmen' bly sy beste. Die prent draai nou by die Seven Arts in Grantlaan, Norwood*



*Fans van Denzel Washington kan hom van vandag af in 'Heart Condition' sien. Hy speel teenoor Bob Hoskins in hierdie prent wat oor rassisme handel. Washington speel 'n prokureur en Hoskins speel 'n LA-polisieman. Hulle wantrou mekaar, maar mettertyd besef hulle dat hulle op dieselfde vrou verlief is ... en later word Washington se hart in Hoskins oorgeplant!*

*'The Miraculous Mandarin' is 'n verwerkte ballet wat Sondagaand 11nm gebeeldsaai word. 'Mandarin' is gechoreografeer deur die Naruk-Dansgeselskap se artistieke direkteur, Ashley Killar, en die regie is behartig deur Raymond Sargent. 'Die mediums van dans en televisie word moeilik vereenselwig - televisie maak in wese gebruik van die nabyskoot, terwyl met dans moet die hele liggaam gesien kan word. Net as die regisseur en choreograaf nou saamwerk kan 'n suksesvolle huwelik teweeggebring word,' sê Sargent.*
*'The Miraculous Mandarin' is te midde van groot omstredenheid vir die eerste keer in 1926 op die planke gebring. Die musiek van Béla Bartok word gebruik en 'n tema wat baie van Bartok se musiek kenmerk - die sinloosheid van verhoudings tussen mans en vroue - word in die bewegings uitgebou. Selva Hannam dans die rol van die meisie, Mark Hawkins die mandaryn, Izak Coetzee die ou man en Henk Kodde die jong gas. Die boewe is David Krugel, Gabor Tasfi en Bertus Dreyer*

*Pierre van Pletzen, Truk se Hoof van Drama, is terug van sy oorsese reis. Hy ontken dat hy deels op die onkoste van die Departement van Buitelandse Sake as 'n sogenaamde ambassadeur vir Suid-Afrika in die buiteland gereis het, soos deur Chris Pretorius te kenne gegee is. (Vrydag, 3 Aug). Elke jaar gaan iemand van Truk (op Truk se onkostes) oorsee om kontak te maak met agente en om stukke te kyk. Vanjaar was dit sy beurt, sê Van Pletzen*

# Prys van boikotbestuur

***Progressiewe kultuurliggame raak by die dag meer uitgesproke, daag die establishment uit en beskuldig staatsinstellings van rassisme. Die Suid-Afrikaanse Musiek-Alliansie (Sama) het die SAUK aangevat oor beweerde ongerymdhede met betaling en speeltyd; die National Interim Cultural Co-Ordinating Committee (NICCC) het dié week 'n aanslag op die kunsterade geloods en die Film and Allied Workers Organisation (Fawo) se Campaign for Open Media het 'n opmars aanstaande Saterdag na die SAUK geörganiseer. (Dit lyk of die struggle en die Grahamstad-Fees se 1820-Stigting uiteindelik akkoord gaan oor 'n beleid vir die toekoms.) ANDREA VINASSA bekyk die kultuurslagveld van 'n veilige afstand***

WAT ek nou gaan sê mag miskien 'n bietjie vreemd klink, maar dat die NICCC vereistes stel soos: verteenwoordiging deur benoemdes van "people's organisations" op die bestuurskomitees van staatsgesubsidieërde kultuurinstellings en die geriewe van die uitvoerende rade moet beskikbaar gestel word vir die gebruik van alle kulturele organisasies, beteken eintlik vooruitgang.

Dis nie 'n nuwe aanslag nie, soos die NICCC te kenne wil gee. Nog voor Mzwakhe en sy Cultural Desk is plekke soos Truk en die Staatsteater geboikot. Maar ten minste word daar nou ook die "gees van onderhandeling" geskep.

Sulke "affirmative action" deur progressiewe groepe is welkom. Maar wat my geweldig pla is dat die vooruitgang met 'n klomp teenstrydighede gepaard gaan. Ook opvallend is die geskarrel na mag noudat "alternatiewe strukture" geskep is.

Dis interessant dat die boikot 'n belangrike wapen in dié magstryd is. Dat niemand op konsekwentheid aandring nie, bevoordeel net die magsugtiges.

Die doel van die boikot was om apartheid-kultuur te isoleer en progressiewe kultuur te bevoordeel, maar die boikot is deesdae só 'n klug dat dit progressiewe groepe se geloofwaardigheid meer skade aandoen as wat dit apartheid-kultuur leed aandoen.

'n Onlangse voorbeeld van die boikotklug is die aankondiging van Mara Louw ('n voormalige uitvoerende lid van Sama) en Abigail Kubeka se deelname aan Sun City se Wheel of Fortune ('n dobbel-show). Net 'n paar liedjies sing, nie 'n hele vertoning nie. Sama sê, gaan voort, almal moet eet. Beteken dit dat Bophutatswana nie meer 'n homeland is nie, en dat alles simbolies vergewe is?

'n Mens neem nou aan dat jy nie eintlik integriteit hoef te hê nie, jy hoef net te KONSULTEER ... dié towerwoord is die kultuurwêreld se "open Sesame".

Dit klink vir my eenvoudig soos dubbele standaarde. ('n Mens dink aan die luidrugtige boikot wat op die jazz-musikant Ernest Cole neergedaal het toe hy 'n paar gigs in Suid-Afrika wou speel. Hy het ongelukkig nie genoeg of betyds gekonsulteer nie, maar toe hy hier aankom, het hy aangebied om gratis meesterklasse in Dorkay House te gee. Steeds is hy huis toe gestuur met sy stert tussen sy bene.)

Toe Barbara Masekela daarvan beskuldig is dat sy die boikot breek deur by die Grahamstad-Fees te praat, het sy haar nie daaraan gesteur nie. Daar word nou gekerm oor die beplande optrede van Abdullah Ibrahim by die Weekly Mail-Filmfees. Dollar Brand gaan beslis in die oë van 'n klomp mense die kulturele boikot breek.

## *Mark-Teater*

Terug by Truk en die NICCC wat, as ek dit nie mis het nie, aangestel is om nog 'n komitee te benoem en nie om allerlei beleidsdokumente op te stel nie.

Van hulle beskuldigings is inderdaad geldig. Truk is nie vry te spreek van rassisme nie.

As verweer wil ek net vra: Hoe kon dit anders as daar sedert die bestaan van die Staatsteater 'n boikot geld? Het die boikot nie deels gesorg dat dié instellings 'n rassistiese profiel kry nie? En natuurlik sou progressiewe teatermense verkies om by die Mark-Teater te werk.

Maar ... by Truk is daar inderdaad geen swart persoon in enige bestuursposisie nie. Daar is wel hooggeagte akteurs soos Peter Se-Puma, Nomsa Nene en Momhle Nkonyeni wat jare lank al hul artistieke merk maak (en ook kwalifiseer vir dinge soos huislenings, ens), maar agter die skerms is alles spierwit.

"Jong vroue uit dramaskool is aangestel bo swart tegnici wat 15 of 20 jaar diens gedoen het by Truk," sê 'n oud-lid van die geselskap, "Die verskoning was altyd dat jy 'n swart mens nie in 'n gesagsposisie kon plaas nie, want jy kan hulle nie vertrou nie." Die ergste verskoning wat ek gehoor het was dat die verhoogbestuurder nie die teks tydens repetisies kon volg nie.

"Die raad is eenvoudig nie ingestel op swart gehore nie. Ja, die geselskap is geïntegreerd, maar die stukke is nog steeds op wit gehore gerig."

Ek stem nie heeltemal saam dat Truk se opvoerings in die afgelope tyd net 'n wit gehoor sou trakteer nie. "Macbeth", "Animal Farm", "Mary Stuart" en "Demea" was elkeen pogings om 'n geïntegreerde geselskap te gebruik.

"Koning Lear", "Donderdag se Mense" en "Die Storm" ook, maar hulle was in Afrikaans. En as 'n mens versigtig na die rolverdeling kyk, het die swart lede gewoonlik bediendes gespeel. Hulle ondersteun die status quo, dus.

"Place of Stones" (oor Sol Plaatje), "The Blacks" en "Sekunjalo" het nader beweeg aan 'n swart gehoor. "Houd-den-Bek" is waarskynlik die naaste aan die ideaal. Maar kyk waar die stuk op die planke gekom het ... die Roodepoortse Stadsteater en die Staatsteater, Pretoria. Miskien het die NICCC 'n saak. Die Dansgeselskap is egter oorwegend swart en tree dikwels in die townships op.

Maar is dit nie tyd om te begin soek na 'n gemene menslikheid nie en ooreenkomste pleks van verskille te benadruk nie? Want dié kleurbewustheid is so tydrowend en belaglik soos boikotbestuur. (Ai, Truk het hoeka vandeesweek weer die boikot gebreek deur 'n Amerikaanse dramaturg Steven Dietz hierheen te nooi. Hy het "God's Country" geskryf. Dit handel oor rassehaat.)



*Die verbod op Shawn Slovo se outobiografiese rolprent 'A World Apart' is opgehef - sonder snitte, maar met 'n ouderdomsperk van 2 tot 16. Die prent sal deur Fawo versprei word. Barbara Hershey speel die hoofrol in dié prent oor die verhouding van 'n 13-jarige kind, gespeel deur Johdi May (bo), met haar politiek-betrokke ma*

*Fynproe*

**NETTIE PIKEUR**

# Kitskos uit die Amerikas

OU kookboeke is fassinerende goed - veral wanneer hulle streekskos van toentertyd bevat. Deesdae se kokke met hul nouvelle-ertjies en blomradysies staan nie die outydse kok aan nie.

Neem nou maar vir Julia Child, 'n meester op haar gebied. Die Amerikaanse vrou, wat ook 'n TV-ster is, se reeks kookboeke is indrukwekkend en bowenal uiters bruikbaar. Niks nonsens aan haar kos nie, en boeta, sy kan verduidelik hoe jy 'n gereg aanmekaarslaan.

Dus juig ons almal oor haar lieflike nuwe boek "The Way to Cook". Dis 'n koffietafel-uitgawe, vol kleurfoto's en tekeninge. Dit kos amper R100 maar dis 'n heerlike publikasie met glashelder verduidelikings en die lekker kommentaar wat Julia se spesialiteit is. Een van die redes vir haar gewildheid is omdat sy Franse kos vir die Amerikaners toeganklik gemaak het - en eintlik andersom. Anders as by die hogere Franse driester-kokke, is niks benede Julia se waardigheid nie, nie eers die lae hamburger nie.

In die nuwe boek is daar 'n lang hoofstuk oor deeg, insluitende brooddeeg vir hamburgers. O, en skielik verlang ons almal na Saterdae in ons kinderdae, toe ma vir ons heerlike hamburgers gemaak het, juis met brood wat so effens bros en warm was, glad nie soos die wol-en-watte wat braairestaurants uitgee nie.

Ma het op die tafel uitgestal: 'n Bakvol bruingebraaide frikadelle gegeur met koljander, nog 'n bak met die perfekte hamburgerbrood, en dan tamatie, blaarslaai, uieringe en natuurlik piekels, regte brandpiekels en suuruitjies en behoorlike tamatiesous en blatjang.

Jy bou jou hamburger na smaak, en eet dit met jou hande. Ons het nie eers daaraan gedink om tjips te vra nie, en brosgebraaide uieringe was ongehoord. Nee, 'n hamburger op sy eie, op eerlike brood, is uithalerjunk food.

Julia se resep vir brooddeeg is te lank om hier te herhaal, maar sy gee 'n interessante wenk vir iets wat jy met pizzadeeg kan maak: Calzone. As jy nie kan pizzadeeg maak nie, loop na enige van die derduisende pizza-joints en bedel 'n bolletjie rou deeg.

## Calzone

Tuis laat die deeg nog een keer uitrys, en rol dan vinnig in 'n sirkel uit met 'n koekroller, of leë wynbottel - werk net so goed.

Intussen sny jy fyn snytjies cervelat-wors, en 'n klomp snye gruyerekaas. Stoom ook liggies een groente soos vinkel, wat nou beskikbaar is, tot gaar en sny ook in snytjies.

Nou drup jy eers olyfolie op die deeg, net soveel as jy begeer. Dan pak jy net op die een helfte van die deegsirkel - die wors, en dan stukkies kaas, vinkel, weer wors en so aan, tot alles opgebruik is. Tussenin strooi jy peper en 'n kruid soos oreganum, en nog olyfolie. Vou nou die ander helfte van die deegsirkel versigtig bo-oor sodat jy 'n halfmaanvorm het. Druk die rande ferm op mekaar om die pakkie toe te maak. Bak die heerlikheid in 'n taamlike warm oond, sê so 220 grade Celsuis, vir 'n halfuur tot die deeg gaar is.

'n Wonderlike happie, baie Italiaans, en smaak soos 'n kleinniggie van pizza.

'n Ander skrywer wat sogenaamde junk food kan omtoor in aptytlike kos, is Len Deighton. Die vermaarde skrywer van spioenromans was op sy dag 'n pretty fancy kok, en hy het verskeie boeke daaroor geskryf, ryklik geïllustreer.

Hy beweer dié gereg wat afkomstig is uit Suidoos-Amerika (veral Texas) is in Mexico onbekend, die naam ten spyt. Dis 'n cowboy-junk food soort gereg, en Len se resep het interessante resultate opgelewer.

## Chile Con Carne

Week 250g droë rooiboontjies oornag in koue water. Kook die volgende dag die bone in dieselfde water tot amper sag - prut saggies. Braai een ui in botter of vet (dis mos cowboy-kos!), en wanneer dit mooi bruin is, voeg 'n teelepeltjie komynsaad en 'n knypie oreganum by. Roer, en voeg dan twee blikke vol afgeskilde tamaties by, of skil vier groot tamaties self.

Nou vir die brandgedeelte: sommige mense hou van baie warm chile, en voeg by een rooi of groen brandrissie, fyngekap, 'n skoot Tabasco of 'n teelepel vol paprika- of cayenne-poeier. Oordeel self en proe maar.

Nou word 750 g maalvlies, 'n goeie graad, bygevoeg. Roer goed deur en prut tot die vlies netnet gaar is.

Len sê vier minute, maar ons het dit darem te min gevind. Sê so 15, net vir die geure om mooi deur te trek.

Jy skep dié konkoksie in diep bakkies op en eet net so. Miss Pikeur het natuurlik fiemies en drup 'n paar lepels jogurt oor.

Terwyl ons hier onder in die suide van die Amerikas kuier, maak soos hulle en gebruik daardie klomp avokadopere wat almal tegelyk aan die boom ryp word.

Dis eg Mexikaans, ryk en geurig, en het vele gebruike.

Smeer op brood, gebruik dit as 'n doopsousie (gewoonlik 'n euwel, maar so is dit nogal lekker) en gooi die res uiteindelik by 'n blikkie of twee goeie consomme vir 'n lekker sop.

## Guacamole

Neem soveel avokadopere as jy benodig, skil af en maak die vleis fyn met twee vurke.

Gooi dadelik die sap van een tot vier suurlemoene by anders word die fyn groen vleis swart.

Nou sny jy 'n vars tamatie fyn en voeg by, asook 'n klein bietjie vars uie, ook fyngekap. Sout en peper, natuurlik, asook 'n paar blare dhania, oftewel vars koljanderblare.

'n Knypie fyn komynsaad verbeter die smaak nog meer, en daar is mense wat sê guacamole moet ook knoffel by hê.

Besluit self, maar waarsku dan jou gaste eers.

En wys dan vir die kinders hoe kweek 'n mens jou eie boom van 'n avokadopeerpit, in 'n fles, met vuurhoutjies om dit te stut.




Die volume Sauvignon Blanc

wat die Pierre Simond

wingerd lewer, is —

dit moet ons erken —

beperk.

Die genot wat dit verskaf is gelukkig nie.

Al is dit beskeie, lewer die Pierre Simond wingerd 'n wyn wat beslis meer as die som van sy dele meebring. Grootte, ligging en unieke grondsoorte span saam om 'n Sauvignon Blanc te skep wat, alhoewel dit nie maklik verkrygbaar is nie, 'n ryke beloning bied aan diegene wat gelukkig genoeg is om 'n bottel in die hande te kry.

BOSCHENDAL

WAAR DIE FRANSE HUGENOTE DIE WYNKULTUUR GEVESTIG HET.

Kuper Hands 7827/A


*BJ LANKWARDEN skryf oor wyn*

# Hou ons by, hm?

HOEWEL wynmaaktegnieke die laaste dekade baie verbeter het, trap te veel vervaardigers nog in die slaggat van te veel produkte bemark en slaag hulle dus met baie van hulle nie.

Dit is belangrik dat ons wynmakers 'n nis in die mark probeer kry om sodoende hul naam hoog te hou en groei in verkope te verseker. Ons gehalte neem toe, maar die gehalte in die res van die wêreld ook. Hou ons by?

Noudat wyne van die New World-Wynveiling eindelik in die winkels beskikbaar is, kan 'n mens interessante wyne gaan proe wat gewoonlik nie hier rond te sien is nie.

Die Chileense wyne in die besonder is van hoë gehalte en 'n plesier om nou te drink. Wyne soos die 1987 FJ Correa Errazuriz Cabernet Sauvignon, die 1986 San Pedro Cabernet Sauvignon, die 1984 Gran Tarapaca Cabernet en die 1985 Valdivieso Cabernet is almal baie aantreklik en drinkbaar.

Hul pryse is selfs aantrekliker as die van die uitstekende 1989 Los Vascos Sauvignon Blanc en die 1988 Miguel Torres Gewürztraminer.

Die Chileense Chardonnays smaak anders as waaraan ons gewoond is omdat hulle nie in nuwe eike verouder word nie en dus net vrugte het. Steeds 'n interessante en gemaklike wyn om te drink en wyne soos die 1989 Los Vascos Chardonnay en die 1987 Santa Carolina Chardonnay moet nie misgeloop word nie.

Veral besonders is die 1988 San Pedro Merlot - 'n tipiese merlot wat baie vrugte vertoon en 'n briljante rooi kleur. 'n Wyn om weer en weer te drink.

Hierdie is die gemaklike drinkwyne wat nou gedrink kan word sondere enige verdere veroudering.

Iets wat nie gesê kan word van baie van die wyne van die VSA, Australië en Nieu-Seeland nie.

Daar is natuurlik baie Australiese witwyne wat nou gedrink kan word, soos die 1981 Chateau Reynella Coonawarra Ryn Riesling, die 1983 McWilliams Mount Pleasant Hunter Semmilon, die uitstekende 1984 Tyrrell's Vat 47 Chardonnay en die 1987 Wyndham Verdelho.

Maar meeste van die Aussie-rooiwyne en van die ander witwyne kan met veiligheid nog 'n paar jaar lank rus.

***Lees volgende week verder***


Galery

Standard Bank Sentrum

**Wenners van Standard Bank se Jongkunstenaarstoekenning**

*Bonnie Ntshalintshali*

*en*

*Fèe Halsted-Berning*

*Plek:*

**Standard Bank Sentrum Galery**

H/v Simmonds- & Frederickstraat

Johannesburg

**U word uitgenooi om die uitstalling te besigtig**

Reël vir parkering: Tel: 636-2354

**Galery-ure:**

Maandag - Vrydag 08:00 - 16:30

Saterdag 8:00 - 12:30

Die uitstalling sluit op Saterdag, 25 Augustus 1990

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde bank) Reg. no. 62/00738/06

SBSA 207213 15x3/BW

# Dollar, Woody, Krzysztof, Elaine, Idrissa en ander



*Abdullah Ibrahim*

**ANDREA VINASSA**

DIS amptelik. Die man van Mannenberg kom huis toe. Abdullah Ibrahim, die Suid-Afrikaanse jazz-pianis wat negentien jaar gelede die land as Dollar Brand verlaat het, sal ook die eerste keer sedert sy ballingskap in Suid-Afrika optree.

Hy is deur die organiseerders van die Weekly Mail-Filmfees genooi om vanjaar se fees - onderskeidelik by die Great Hall, Wits in Johannesburg en die Luxurama-Teater in Kaapstad - te open. Hy sal ook na die vertonings 'n uur lank optree. Die fees begin op 27 Augustus in Kaapstad en op 3 September in Johannesburg.

Ibrahim, wat in New York woon, sal 'n week lank in Suid-Afrika vertoef.

Ibrahim is genooi, sê die fees-organiseerder, Lisa Key, omdat hy die rolprentmusiek geskryf het vir twee van die prente wat vertoon sal word.

Die een is Idrissa Ouedraogo se "Tilai" en Claire Denys se "Chocolat" - dié prent handel oor die verhouding tussen die koloniale magte en die inboorlinge van Kameroen.

Die vertonings van Ouedraogo - hy kom van Burkina Faso - se prente "Tilai" en "Yaaba" is opsigself 'n gelukslag vir die fees. Afrika-regisseurs het in die verlede weggebly by die fees weens die kulturele boikot. Dit is die eerste Afrika-prente wat op die fees vertoon word.

"Ons onderhandel met organisasies soos die Federation of Pan Africanist Filmmakers en hoop om in die toekoms meer Afrika-prente te kry," sê Key.

Nog 'n gelukslag is Woody Allen se jongste prent, "Crimes and Misdemeanors". Mia Farrow, Alan Alda, Claire Bloom, Anjelica Houston, Martin Landau, Sam Waterston en Allen self speel in dié Manhattan-verhaal.

Op die fees word ook Krzysztof Kieslowski se "A Short Film About Love" - onthou sy "A Short Film About Killing"? - vertoon wat beloof om 'n hoogtepunt te wees. Dit handel oor 'n poskantoorwerker se obsessiewe liefde en begeerte vir 'n vrou wat oorkant hom in sy woonstelblok woon. Hy loer haar deur 'n teleskoop af.

Die fees dien as 'n vertoonkas vir talle plaaslike en internasionale prente wat jare lank in argiewe gelê het. Daar is 'n week van "resistance cinema", met behulp van die Film and Allied Workers Organisation, en 'n kort rolprentwedstryd. Elaine Proctor se "On the Wire", wat in Zimbabwe verfilm is, Chris Austen se prent oor 'n Maleier-musikant, "Salif Keita - Destiny of a Noble Savage", en Gavin Younge se dokumentêr oor 'n swart kunstenaar, "Sixpence a Door", is ook op die program.

# Banaliteit seëvier in 'televisie'-stuk

**THE HEIDI CHRONICLES**
**Met Dorothy Ann Gould, Nicky Rebelo, Jonathan Rands, Fiona Ramsay**

**ANDREA VINASSA**

TERWYL Truk die afgelope maande konsekwent - en suksesvol - probeer om 'n nie-rassige teater te skep en in stand te hou, sukkel die "bastion van progressiewe teater", die Mark-Teater, om 'n beleid te kry wat die wisselvallighede van loket en gehoor kan bevredig.

Dit wil trouens voorkom of nie-rassige teater nie eintlik vir die Mark gewerk het nie en dus had ons produksies soos "Burn This" waarmee "gesofistikeerde" wit gehore uit die noordelike voorstede kon identifiseer en "Township Fever" vir die swart gehore. "Double Thick Dreams" en sy swart eweknie, "Blues Afrika Café", was onverteerbare mengsels van kos en didaktiek, met wyd uiteenlopende teikengehore. Sedert Athol Fugard en Barney Simon - "Born in the RSA" en "Black Dog Njemnyama" - se pogings, het die Mark in individuele stukke al meer uitsluitend geword.

'n Mens verstaan die Mark se penarie. Anders as die staatsgesubsidieërde Truk, is die Mark verplig om baie meer mense gelukkig te hou - soos hul borge in die sakewêreld en die struggle in die algemeen - én hulle moet hulle bekommer oor die loket. Hulle kry beslis swaar.

Die keuse van die vreemdsoortige "The Heidi Chronicles" kan 'n mens net toeskryf aan buitengewone druk om kop bo water te hou. Wat die stuk vir geïntegreerde SA-gehore te sê het, weet nugter.

Objektief beskou het "The Heidi Chronicles" beloof om 'n ervaring en 'n half te wees. Dit het 'n Tony-prys en 'n Pulitzer-prys gewen! Bid jou dit aan. Heimwee en LSD-flashbacks het die beoordelaars se verstand seker belemmer.

Buiten 'n monoloog waarin die sentrale karakter, die feministiese kunsgeskiedkundige Heidi Holland, oor vroue in 'n gym praat, is "Chronicles" net 'n luidrugtige, oppervlakkige, episodiese terugblik op die sestigs, sewentigs en tagtigs. En banaliteit seëvier.

Holland is 'n soort "Misfit for All Seasons"... sy kon nie juis inpas by die seksuele revolusie of die militante feministe nie en het toe ook agtergebly toe die Women's Libbers van die sestigs die Baby Boomers van die tagtigs geword het. Holland het haar meer tuisgevoel in die Romantiese skilderye van weleer ... haar feminisme het ontwikkel uit die miskenning van vroue-kunstenaars van vervloë dae. Holland se buitestaanderstatus sorg dat nòg die ander karakters nòg die issues enige verdiepende behandeling kry.

Dis ironies dat die stuk uitvaar teen die oppervlakkigheid van televisie. Dit het nie veel meer lig te werp op die wêreld as "thirtysomething" nie. Al wat ek gemis het was die ads. Amerikaanse televisie gaan met rasse skrede vooruit en die teater probeer net na-aap.

"Chronicles" is ook vol walglike stereotipes: die moffie, die dyke, die Southern bride, die glibberige Don Juan, die hippie-slet, ens, ens, ens. Om dinge erger te maak, laat Clare Stopford die hele simpel affêre soos 'n parodie lyk. Daar is talle histrioniese tablo's en gillende vroue wat feminisme 'n slegte naam gee.

Stopford se rolverdeling is dikwels in die kol, maar soms nie. Dorothy Ann Gould gee 'n fyn genuanseerde en verwikkelde vertolking van Holland; Fiona Ramsay glip gemaklik van karakterisering tot karakterisering; Jonathan Rands worstel moedig met 'n rol wat uiteindelik té ligsinnig sinies is. Jennifer Steyn, Charlotte Butler (buiten die verskriklike dyke in combat gear), Warrick Grier en Michelle Scott doen aanvaarbare werk. Stopford se een groot glips was die keuse van Nicky Rebelo in die rol van Holland se Joodse minnaar. Dié ekstroverte, verwaande kêrel pas Rebelo se speelstyl glad nie. Hy is bloot gespanne en sukkel geweldig met die Amerikaanse aksent.

# Minimale liefde



*Guy de Lancey*

**A LOVE STORY**
**Met Megan Kruskal en Guy de Lancey**
**Regie, teks en ontwerp: Chris Pretorius**

**ANDREA VINASSA**

AS jy dringende, indringende teater verlang, hoef jy nie verder te soek as die Laager by die Mark-Teater nie.

Met "A Love Story" vertoon Chris Pretorius vir die eerste keer werklik sedert hy Johannesburg toe verhuis het, die eiesoortige kenmerke wat hom berug gemaak het in die Kaap. (Hy het ook duidelik 'n ding of twee oor body language by sy vrou geleer.)

Op die letterlike vlak gee Pretorius vir ons twee jongerige karakters in 'n hotelkamer in Maputo: post-koloniale Afrika, nostalgie vir 'n vervloë Europese kultuur word veronderstel. 'n Liefdesverhaal speel voor ons oë af.

Op 'n meer universele vlak postuleer Pretorius: "Elke keer wanneer die eksistensialisme terugkeer, is dit erger as die vorige keer." Die grondslag is 'n minimale teks - dit is nie net om minimalisme se onthalwe nie - met 'n ryk subteks.

Die ontredderde karakters het niks om vir mekaar te sê nie ... dié verlies aan woorde is die uitdrukking van hul onvermoë om hul dilemma te omskryf of te verstaan. Vervreemding, ontwrigting, verlatenheid ... dit word alles - met humor - meegedeel in 'n shorthand wat 'n mens uiteindelik emosioneel verwoes laat. Maar, soos 'n yuppie-vriend van my opgemerk het "Hulle het geen probleme nie. Hulle het nie huislenings en baba's nie."


dié week by die

## MARK-TEATER

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
Dorothy Ann Gould in

THE HEIDI CHRONICLES deur Wendy Wasserstein
Regie deur Clare Stopford - 'Nie net 'n snaakse stuk nie, ook 'n wyse een' - NY Daily News

DIE LAAGER

Guy de Lancey en Megan Kruskal in
A LOVE STORY -
regie en teks deur CHRIS PRETORIUS
- Die keersy van 'thirtysomething' -
Ma tot vr 8.15nm; Sa 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

Bruce Cassidy en Barney Rachabane se CONVERSATIONS -
20 Augustus tot 15 September - Ma - Sa 8.30nm/ Sa 2nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 9nm

Township Fever Band - Met Mfaniseni Thusi en Duke Makasi - 832-1646

MARK-GALERYE

Ralf Grunder - 'Grafitti van die Berlynse muur'

Telefoon 832-1641

**Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040**
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.

# Die stryd duur voort

**MY CHILDREN! MY AFRICA!**
**deur Athol Fugard**
**Met John Kani, Kathy-Jo Ross en Rapulana Seiphemo**
**Regie: Athol Fugard**
**In die Baxter-Teater**

**SPOKE**
**Deur Henrik Ibsen**
**Met Paul Malherbe, Louw Verwey, Isabella Mostert, Antoinette Kellermann en Gustav Geldenhuys**
**Regie: Marthinus Basson**
**In die Nico Malan Arena**

**ARNOLD BLUMER**

DIS verstommend hoe veranderende situasies 'n mens se persepsies verander. Verlede jaar toe ek Fugard se stuk met dieselfde rolbesetting sien, was my indruk een van valerige langdradigheid oor 'n saak waaraan in elk geval geen salf meer te smeer was nie. Wanneer Mr M., die onderwyser (John Kani), die deugdes van boeke teenoor klippe opweeg, het hy outydse idees verkondig wat geen kans op oorlewing had nie. Boonop was hy 'n "government stooge" en hy wás 'n "police informer".

Nou, by die heropvoering van die stuk na 2 Februarie, nadat die jeug deur die ANC en NECC aangesê is om terug te gaan skool toe, kry hierdie onderwyser amper martelaarstatus. En as in die nie alte verre toekoms die minister van nasionale opvoeding iemand van die ANC is, sal Fugard se stuk nogeens 'n ander boodskap lewer.

Die huidige opvoering sien ek teen die agtergrond van die diskoers oor Eurosentrisme versus "people's culture", en in dié verband wil ek vra of Fugard se stuk nie iets is soos "elitist people's culture" of "eurocentric popular culture" nie? Iets wat 'n brug kan slaan in hierdie debat tussen twee eksklusiewe standpunte? Want vasklou aan net een van hulle ten koste van die ander sal dodelik wees vir ons toekomstige kultuur.

Hoe dodelik word gewys deur die ontkiemende vriendskap tussen die leerlinge Isabel Dyson (Kathy-Jo Ross) en Thami Mbikwana (Rapulana Seiphemo) wat dan ter wille van die struggle uitmekaarbreek. En vandag is dit ironies, want dis nie meer so duidelik sigbaar hoekom Thami dit nodig vind om sy skoolopleiding te staak en die land te verlaat nie.

John Kani is 'n formidabele, iewat ouderwetse onderwyser met outoritêre grille en al, wat soos 'n kind bly word wanneer "sy kinders" sukses behaal.

Miskien moet die dramaturg 'n paar van sy moraliserende toesprake inkort. En weer eens is ek getref deur die twee "skoolkinders" se spel: die jeugdige woede en frustrasie van Ross en die subtiele verandering van outoriteitshorige leerling tot uitdagende rebel by Seiphemo. Die eenvoudige dekor deur Susan Hilferty en Fugard se ingetoë regie dra grootliks by tot die sukses van hierdie heropvoering.

Nerina Ferreira se lekker loslit-vertaling van Ibsen se meer as 100 jaar-oue stuk plaas dit midde-in 'n Suid-Afrikaanse (Afrikaanse) werklikheid wat vir menige stedeling miskien verby is, maar op die platteland tot baie onlangs, miskien vandag nog, kopsere veroorsaak.

Dit gaan oor 'n bekrompe dominee (Paul Malherbe) wat sy siening van wat reg en verkeerd is so in sy kudde se kele afdruk dat niemand meer wil sê wat hy/sy rêrig voel of dink nie.

Tot daardie een aand voor die inwyding van die weeshuis, vernoem na die oorlede kamerheer Alving, 'n vooraanstaande lid van die gemeenskap. Sy weduwee, Helene Alving (Antoinette Kellerman) laat die spoke van die verlede uit die klerekaste en agter die gordyne te voorskyn kom. Kamerheer Alving was glad nie so voorbeeldig soos almal gedink het nie, die diensmeisie is sy buite-egtelike kind. Sy seun het sy geslagsiekte geërf en sy vrou het 'n verhouding probeer aankoop met die einste dominee wat so hoogheilig optree.

Hier word gewys hoe lewens op leuens gebou word, hoe huigelary hoogty vier en hoe lewens daardeur verwoes word. Marthinus Basson het heel bedeesd regie gevoer binne die "realistiese" dekor van Birrie le Roux.

Die sterkste persoonlikheid op die verhoog van begin tot einde is Antoinette Kellermann, 'n toonbeeld van selfbeheersing wat selfs haar emosionele uitbarsting teen die einde kan beperk tot 'n paar droë snikke. Teenoor haar kom Paul Malherbe se dominee effens bleek voor: dis byvoorbeeld nie heeltemal verstaanbaar hoekom hy so 'n gesag in sy gemeenskap het nie. Op die verhoog het Antoinette Kellerman baie meer gesag. Kostelik is Louw Verwey se emosionele afperser, Engstrand. Met snaakse trekkings rondom sy mondhoeke en 'n sagte huilerige, maar nogtans hoorbare stem, smeer hy so baie heuning rondom die dominee se baard dat dié skaars meer sy mond kan oopmaak van al die kleverigheid.

Gustav Geldenhuys se rol as Osvald Alving stel eise aan hom wat hy lankal moes baasraak, en hy doen dit uitstekend, veral op plekke waar hy maklik melodramaties oorboord sou kon gegaan het. Isabelle Mostert in die rol van Regine Engstrand (wie se voornaam terloops op drie verskillende maniere uitgespreek word) bly taamlik op die agtergrond, maar dis hoofsaaklik die teks se skuld. Hier sou ek 'n bietjie meer waagmoed van die regisseur verwelkom het om te verduidelik hoekom Osvald so behep raak met die meisie.

Dis verblydend om na 'n lang tyd weer 'n Afrikaanse vertaling van Europese "klassieke" werk in die Kaap op die verhoog te sien, en moontlik mag dit bydra tot 'n verdieping in die debat tussen "Eurosentriste" en die voorstanders van "people's culture".

Dis in elk geval die moeite werd om hierdie opvoering by te woon, ongeag aan watter kant jy staan, al is dit net om nuwe argumente vir jou kant se standpunt te kry.

# Gruwelike Viëtnam-home movie

**84 CHARLIE MOPIC**
**Met Richard Brooks, Christopher Burgard, Nicholas Cascone**
**Regie: Patrick Duncan**

**ANDREA VINASSA**

HOPELIK is "84 Charlie MoPic" die laaste Viëtnam-prent wat ons sal sien. (Waarskynlik nie). Dit is seersekerlik die spannendste een.

Die regisseur Patrick Duncan bevry die genre van enige romantiek, glans, aanloklikheid, heldhaftigheid of mitiese grootsheid wat nog daaraan kleef. Oliver Stone lyk teenoor hom soos 'n feëtjie uit 'n Broadway musical.

"MoPic" is soos 'n slegte home movie, maar het meer trefkrag as al die Viëtnam-flieks wat ons voorheen gesien het.

Duncan se doel was om die banaliteit, die verveligheid en die vreesaanjaende besonderhede van 'n bosoorlog onpartydig en sonder emosionele manipulering uit te beeld. En hy slaag.

"MoPic" se aanslag is so intiem dat 'n mens deurgaans die gevoel van 'n voyeur kry ... die dialoog is nie deur 'n draaiboekskrywer goedgekeur nie en baie daarvan verstaan jy nie eens nie.

Daar is geen taalversorging nie. Daar is geen sensurering nie. Die Viëtnam-jargon, die grappies en die subkultuur van oorlewing is veral insiggewend. Dinge soos: "Sarge, my shit's gone all flaky" dui aan presies hoe bang 'n soldaat is.

En "I'm so short you have to dig a hole to kick my ass" ... hulle weergawe van "min dae".

Die effektiwiteit van die prent - dit maak jou so gespanne dat jy naderhand naar en duiselig word - is te danke aan Duncan se tegniek.

Hy gebruik 'n "hand held"-kamera en 'n mens word regstreeks getrakteer op wat 'n oorlogkameraman op 'n recce deur die lens sou sien.

Eina!



*'Ripoux Contre Ripoux' is die kwintessensiële Franse komedie. Meegevoel en humor word nooit geskei nie. Dis 'n 'cop movie' oor twee korrupte Paryse polisiemanne gespeel deur almal se gunsteling oom, Phillippe Noiret (bo), en Thierry Lhermitte. Julle sal miskien die prent 'Ripoux' onthou, ook met dié twee. Die regisseur, Claude Zidi, het hom só geniet met hierdie een, dat hy weer met Noiret en Lhermitte moes werk. Die jongste prent - dit is nie 'n opvolgprent nie, dit speel iewers in die middel van 'Ripoux' af - is die meer as bevredigende eindresultaat. Gaan kyk gerus*

# 'n Skietsel in Kaapstad

**'N ONE SKIETSEL SHOW**
**Met Antoinette Butler**

**LOUIS DE VILLIERS**

EEN van die genotvolste musikale ervarings was 'n optrede van Antoinette Butler en die Skietsels vroeër vanjaar. Skietsel is 'n afkorting vir "oorskietsels", maar die musiek wat hulle maak, bewys weer eens dat oorskietsels dalk die lekkerste gereg is.

Antoinette Butler en die Skietsels se musiek is regte "nuwe Suid-Afrikaanse musiek" - in die beste betekenis van die woord, vóór FW dit verdag begin maak het.

Johnny Clegg, soveel as wat ek sy musiek waardeer, het 'n "wit Zoeloe" geword en Paul Simon, hoe suksesvol dit ookal was, het wit lirieke met swart musiek gekombineer.

Die Skietsel het dit daarenteen reggekry om 'n totaal nuwe klank te skep wat 'n harmonieuse nuwe geheel skep uit die wit/Europese en swart kulturele invloede.

Die groep het onlangs probeer om in Johannesburg 'n opname te maak, maar hulle kon niemand kry om dit op hulle voorwaardes te doen nie. Ek hoop hulle kry dit tog reg. Dit sal jammer wees as die happening toegelaat word om te verskiet.

Butler het onlangs "A One Skietsel Show" sonder die band aangebied. Die show behels 'n kombinasie van kabaret en toneel.

Die program bestaan uit sketse wat put uit Butler se liefde vir ons bittersoet land en haar eie ervaringe. Dis vol deernis, maar lewer ook skerp sosiale kritiek.

Sy vertel hoe sy haar verlustig het in die vars, groen gras en fynbos van Rondebosch Common en terwyl sy onderstebo opkyk na die blou lug, oorval word deur twee "manne in blou" wat haar gedrag verdag vind. "Deursoek haar vir dagga, sersant!" Sy vertel dat sy 'n Karoo-meisie is en doen 'n pragtige skets van 'n bloukop-koggelmander en 'n plattelandse meisie wat in die groot stad moet konformeer met die sosiale norme van hoëhakskoene, grimering en Engels-praat. ("Now I can't remember, does one speak English or do you talk English?")

Dit alles met die minimum van begeleiding.

Die tweede helfte van die program, getiteld "Wild Honey", beslaan 'n dansstuk van Southern Women wat glo op Grahamstad groot sukses geniet het. Dit begin met Joy Macnab se mooi opera-agtige komposisie, terwyl vier skugter, versluierde Mediterreense dansers op die verhoog verskyn. Later verskyn 'n meer selfversekerde en sensuele danser sonder 'n sluier. Naderhand begin die skugter dansers hulle inleef in die bevrydende, kleurvolle choreografie.



# Isintaliano is to Soweto what the Lambada is to Brazil

***A new dance craze has hit town. THANDEKA GQUBULE investigates***

"Every movement means something," shouts the dance teacher at the Federated Union of Black Artists in Johannesburg, "In our movements lie our physical and mental concerns".

But his unruly students don't share his enthusiasm for the movements and concepts. Occasionally they defiantly burst into dance - an unconventional new dance.

This dance is a new infection, an epidemic in the townships of South Africa. From Johannesburg to Cape Town toddlers, children, teenagers and young adults have caught the bug - Isintaliano or the "skybird".

They hoist arms in the air as if to imitate an eagle in flight. They then rhythmically gyrate their pelvises in sexually suggestive movements. They shuffle their feet as in the toyi-toyi. Then they bend over and rock their arched backs.

Often in the heat of the night in one of Johannesburg's night clubs someone shouts "Lahlumlenze" - Zulu for "throw out your leg". A few hundred legs fly permissively up into the air. Then a minute later every one on the dance floor is bent over double, perspiring and rocking.

Loved by the young and dreaded by the old, as a manifestation of a deviant younger generation, Isintaliano is to Soweto and Guguletthu what the Lambada is to Brazil, Paris, Madrid or New York.

But it is not just a dance, it is a cultural movement sporting its own hairstyles, music, fashions and social venues.

Already a polemic is raging as to the exact roots of the dance. Some say the dance is derived from the toyi-toyi which is accompanied by freedom songs. Those who hold this view also believe because the toyi-toyi is sung at funerals, night vigils and other sorrowful occasions, a need developed for a dance for times of pleasure. "The new South Africa, perhaps?" asks playwright and journalist Khaba Mkhize.

There are those who believe the dance and particularly the bending movement derive from the wine-pickers of the Cape.

Others say it heralds the return of Italian fashion to the South African fashion scene: The return of pallazzo pants, suede shoes, floral shirts and thin, turned-down belt worn as high fashion by township youths. This is the reason the dance is called Isintaliano.

Out of fashion are the amaPantsula who once dominated the scene with their Florsheim and Crocket and Jones shoes. According to the dance students at Fuba the Mapantsula who danced as if their waists would snap, modelled themselves on big money spending American gangsters. They are old news.

They have gone out of fashion with the states of emergency and shebeen culture, say the children of ex-Sophiatown shebeen habitues. The students say that the drug dealers and motor thieves of Soweto these days don pure linen shirts and Italian shoes.

But Sinyaka Kunene, currently known for Zulu rap music and a few "bubble gum" hits, says he invented the craze. "You see I began this whole thing. No, amaPantsula have not become extinct, they have just grown up. I recognised this new trend and began to compose music for it.

"I put young children of about four or five on the stage and they would dance this dance to my music. The popularity of my music has gone hand in hand with the popularity of this new craze."

But before this dance fashion, a dance considered even more outrageous caused an outcry in the black press. It was called Isitshwetla. At the height of the State of Emergency youths would strip off their clothes and dance on the rooftops. They also started taking off their clothes at music festivals in the townships.

According to Debra James of the Social Anthropology Department at the University of the Witwatersrand, who has conducted research into dances and how they relate to social conditions, "dance is not only an art form, but often a way of expressing views. In this sense it is not unique from other art forms."

One of the reasons Isintaliano is so sexual could be that men and women dance together, says James. Unlike rural dances where men dance in a group and women dance in a seperate group.

There is also evidence that dances often arise to express responses to new conditions. Both music and dance changed after residents of Sophiatown were moved from their homes to Orlando in the '50s.

But no one can quite identify the conditions that have generated Isintaliano.

According to a representative of the South African Musicians' Alliance: "It is as a result television's influence that the young in urban areas have caught the fever." He says the dance, the haircuts, the new dress styles have been popularised by TV2 and TV3.

Before TV2 and TV3 youth in various areas had very localised subcultures and ways of dressing and dance. Due to the penetration of television in South African youth culture, trends spread rapidly throughout the country, he says.

Not only is the dance performed in the night clubs, but it has revolutionised the toyi-toyi. The dance, according a Fuba student and choreographer, has found its way back into mass meetings.

Instead of dancing the normal fierce toyi-toyi steps the students add to it a number of Isintaliano's jazzy steps.

# Belated release proves Masekela's prowess

***Hugh Masekela's 'Home is Where the Music is' is brilliant, but has the music come home? SHAFAATH-AHMAD KAHN believes not***

SOUTH AFRICAN exile Hugh Masekela is a legend in his own time in the ghettoes but what he recorded eighteen years ago in London, simply won't whet the appetites of the folk who begin to get excited when the racy sound of sharpened marabi, mbaqanga and kwela reverberates in their community halls.

His "Home is Where the Music is", which the fledgling Johannesburg-based Sun Music Company is presently marketing together with several other international oldies for Tusk Records, is for lovers of "pukka" jazz that has been nurtured on another continent, namely America.

And it's delightfully mesmeric stuff - except that the closest it gets to home is that, among others, the late Kippie Moeketsi ("Blues for Huey") and exile Caiphus Semenya ("Nomali", "Moesha" and others) composed some of the tracks and that alto-saxophonist Dudu Pukwana and drummer Makhaya Ntshoko accompanied Masekela on the album.

When the Johannesburg-based Jazz Foundation and exiled music professor in the US, Hotep Idris Galeta, recently signalled that the music of many of our exiled musicians would need to be showcased in concert halls - that had yet to be set up in the country - when they eventually return, they were not sucking fanciful notions from their thumbs.

Masekela, for one, proves with this 1972 album that his music could provide excellent concert hall material. The maestro proves too, that as far back as 1972, he was a jazz athlete capable of attaining olympic heights with his horn.

Much of this jazz giant's musical inspiration is known to have emanated from South Africa's sprawling townships but, in this album, there is only one track ("Minawa") that has the sound most likely to bellow from a black dormitory.

For ardent international jazz buffs, however, Masekela's incredibly belated release in South Africa is a must for their collection.

# Nuwe galery, nuwe besem?

***Robin Hawkins woel in die Kaap***

DIE Freedom Now-tentoonstelling is 'n debuut vir die nuwe Jacobs Liknaitzky-Galery (Bo-Buitengrachtstraat 93, Tamboerskloof). Sterk en nogal interessant. Die volle titel van die tentoonstelling is eintlik: The "Freedom Now" Namibian Independence Art Exhibition.

In die eerste plek, 'n neteligheidjie: waarom nou "Namibian" as bra min van die werk verwys na Namibia ... en nog minder van die kunstenaars in Namibia woon of gewortel is. Miskien eerder "Freedom Now" en dit daar gelaat. Schluss.

Die paradokse wat die debuut vir my interessant maak, is min of meer die volgende: Die galery self ruik nogal sterk na kapitaal. Kyk, geld is altyd 'n kwessie en besigheid is mos noodwendig besigheid.

Maar die inhoud en oriëntering van werke in hierdie spesifieke versameling staan vir my nogal in sterk kontras met die vertoon/verkoopslokaal. Daarenteen moet ek ook sê dat die uiters verbruikersvriendelike ruimtes van die galery 'n baie aangename plek maak om met 'n tikkie kuns en kultuur te ontspan.

Die opening deur prof. Jakes Gerwel was beslis 'n noemenswaardige gebeurtenis. Dis nie elke dag dat Gerwel so iets doen nie, en gevolglik was die sosiale "mix" buitegewoon... akademici, beleggingsvalke, politici, retorici en die ou bekende openingsvlieë was almal daar. Stampvol, alles in ag geneem, 'n sterk debuut.

En as dié tipe galery nou juis dié tipe versameling vir sy debuut kies, ontstaan die vraag mos onmiddellik of mens dalk hier met die een of ander beleidsverklaring te doen het, of nie.

Van die stygende markwaarde van "struggle"-kuns is ons almal bewus. In welke mate is dit werklik 'n sonde? Die tentoonstelling sal tot 31 Augustus duur. Maak maar 'n draai. Willie Bester se collages/skilderye alleen is die moeite werd.

## Not Even The TV op die verkeerde stasie

Al sê mens nou wat, The Base is eenvoudig nie die regte plek vir dié tipe "band" nie, en die flop is by die mense - nie by die bestuur of die orkes nie. Funky disco pop. Let's bop till we drop. Dis die mentaliteit. En mense, dis nou feit.

Dit was of ek onder apartheid woon. Die gehoor in twee vyandige kampe verdeel: die disko-mense, en die nie-diskomense. Soos olie en water. Disko aan, groep A op die vloer. Disko af, een-twee plekke ruil, Groep B op. Ek wou my klaar lag.

Maar die klank is goed en Ian Horn (klankman van die klub) het soos gewoonlik 'n goeie job gedoen.

Soos ek verlede keer genoem het hou ek van Dave Masters se styl. Dis dikwels egter weens die aard van hulle instrumentering moeilik om hom ordentlik te hoor, maar met Ian se hulp was dit Vrydagaand nie die geval nie. Lieflik. Die verlies van hulle een kitaarspeler het my nie vreeslik gepla nie.

Ook nie verlies van Carl Johnson op tromme nie (hy speel nou kitaar vir Pure War). Die kitaar is nie vervang nie, maar Karl se plek is ingeneem deur die vrou van een van die lede. Vyf maande verwagtend ... en sy het 'n lang, harde stel baie bekwaam oorleef. Dis waarom ek van Not Even the TV hou: hulle werk.

Met die Dolly Rockers was ek egter verveeld. 'n Reputasie het hulle miskien wel, maar oorspronklikheid het hulle maar min. En trefkrag nog minder.

Netjies genoeg, is dit so 'n halfmas vermenging van Simple Minds en allerhande ordinêre Britse invloede. Niks fokuspunte ... niks persoonlikheid ... niks persoonliks nie. Nee wat.

## Rock The Earth 2 - Jamieson Hall, Universiteit van Kaapstad

Melissa Prophet het my die naweek nogal verbaas. By die tweede Rock The Earth- konsert, Saterdagaand op kampus, het die redelik nuwe groep baie goed geklink.

Die klein, klein sangeressie wat gewoonlik soveel hulp moontlik van die klankstelsel nodig het, het pragtig in die meng ingepas en vir die eerste maal het hulle my as iets bo die gewone getref. Weer eens 'n groep wat baie hard werk, en dit wys.

Ses maande terug was hulle maar swak. Haar stemmetjie was pap en redelik dikwels vals, dit kan mens nou nie meer sê nie. Hulle was volkome op hulle gemak, warm en baie professioneel.

Een van die hoogtepunte van 'n lekker aand, met feitlik al die Kaapse groepe op dieselfde platform, nou wel die akoestieke nagmerrie van enige musikant (met daardie aaklige koepel wat so antwoord gee), maar darem een wat deur baie vernuftige klankversorging van Joe Gore getem is. Altesaam 'n woelige naweek.


TRUK-TONEEL bied aan

**GOD'S COUNTRY**

*Steven Dietz se skokkende en omstrede stuk oor die opwelling van regse geweld*

regie: Terrence Shank

met Michael Richard, Dale Cutts, Jacqui Singer, James Borthwick, Graham Hopkins, Shirley Johnston

WINDYBROW, Jhb: 21 Aug - 15 Sep

MOMENTUM, Staatsteater Pta: 20 - 29 Sep

# TEATER

## JOHANNESBURG

Chris Pretorius se A LOVE STORY is by die *Markteater* se *Laager* op die planke. Met Megan Kruskal en Guy de Lancey. Niemand tussen 2-21. Tel: (011) 832-1641.

By die *André Huguenet-Teater* is SINGLE SPIES met Sandra Duncan te sien. Tel: (011) 725-6300.

JESUS CHRIST SUPERSTAR is by die *Victory-Teater* in Louis Bothalaan te sien. Tel: (011) 728-2979. Laaste naweek.

By die *Trust Bank-Arena, Windybrow* is Michael McCabe in THE EMISSARY te sien. Tel: (011) 724-3301.

THE HEIDI CRONICLES met Fiona Ramsay, Nicky Rebelo en Jonathan Rands speel by die *Markteater*. Tel: (011) 832-1641.

By die *Village Manor-Teater* is JUST TE WAY YOU ARE, met Peter Taylor en Vicky Sampson te sien. Tel: (011) 884-1400.

Guy Butler se DEMEA is by die *Alexander-Teater* in Braamfontein te sien. Met Graham Hopkins en Louis van Niekerk. Tel: (011) 339-3461.

By die *Alhambra-Teater* kan Gordon Mulholland en Rex Garner in MOVE OVER MRS MARKHAM gesien word. Laaste twee weke. Tel: (011) 402-7726.

## KAAPSTAD

*Baxter-Teater*, Mainstraat: *Studio*: Berkoff se EAST. Tel: (021) 685-7880.

*Opera*: Die naweek kan die Kruik-Jeugmusiekfees gesien word. Tel: (021) 21-5470.

In die *Arena* is SPOKE tot 1 September. Met Antionette Kellermann en Louw Verwey. Tel: (021) 21-5470.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING: 17-23 AUGUST
* Main Feature starts 15 minutes after advertised times * BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
PRETTY WOMAN
Richard Gere, Julia Roberts (2-14)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MADAME SOUSATZKA
Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE
Rob Lowe, James Spader (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE LITTLE MERMAID
Walt Disney Animated Adventure (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN St. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
PRETTY WOMAN
Richard Gere, Julia Roberts (2-14)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE
Rob Lowe, James Spader (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III
Michael J Fox, Christopher Lloyd (A)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
INTERNAL AFFAIRS
Richard Gere, Andy Garcia (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45
HARD TO KILL
Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
PRETTY WOMAN
Richard Gere, Julia Roberts (2-14)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362
PRETTY WOMAN
Richard Gere, Julia Roberts (2-14)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
PRETTY WOMAN
Richard Gere, Julia Roberts (2-14)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL
MON-FRI 6.00, 9.00 SAT: 2.00, 6.00, 9.00
150 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL
MON-FRI 6.00, 9.00. SAT. 2.00, 6.00, 9.00

NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BACK TO THE FUTURE III
Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
FANTASIA
A Walt Disney Classic (A)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
INTERNAL AFFAIRS
Richard Gere, Andy Garcia (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE
Rob Lowe, James Spader (2-19)
DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 HILLBROW 724-2511
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
THE LITTLE MERMAID
Walt Disney Animated Adventure (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEX, LIES AND VIDEOTAPE
James Spader, Andie MacDowell (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III
Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A)
DAILY. 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LAIR OF THE WHITE WORM
Hugh Grant, Catherine Oxenberg (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE
Rob Lowe, James Spader (2-19)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO RANDBURG 787-0340
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

7 ARTS NORWOOD 483-1680
CARMEN (Ballet)
DAILY: 2.00, 6.00 (2-16)
LIFE OF BRIAN
DAILY 8.00, 10.00 (2-21)

SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50
THE HUNT FOR RED OCTOBER
Sean Connery, Alec Baldwin (A)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
INTERNAL AFFAIRS
Richard Gere, Andy Garcia (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY. 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
IN COUNTRY
Bruce Willis, Emily Lloyd (2-16)
DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III
Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE
Rob Lowe, James Spader (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HARD TO KILL
Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRIPPLED KUNG FU ARTS
(2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SUN: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
BAD INFLUENCE
Rob Lowe, James Spader (2-19)
NEXT OF KIN
Patrick Swayze, Helen Hunt (2-16)
INTERNAL AFFAIRS
Richard Gere, Andy Garcia (2-19)

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Jason Gedrick ROOF TOPS Dance Drama (2-15)



NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 17-18 August

NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867
Revenge
Adult Romantic Thriller (2-18)
Kevin Costner, Anthony Quinn
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096
BAD INFLUENCE
Suspense Thriller (2-19)
Rob Lowe, James Spader
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Judgment In Berlin
A Riveting Drama (A)
Martin Sheen, Sean Penn
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Revenge
Adult Romantic Thriller (2-18)
Kevin Costner, Anthony Quinn
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
The Little Mermaid
A Walt Disney Animated Adventure (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE
Suspense Thriller (2-19)
Rob Lowe, James Spader
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Back To The Future III
Action Comedy Adventure (A)
Michael J. Fox, Christopher Lloyd
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ROBOCOP II
Action and Thrills (2-16)
Peter Weller, Nancy Allen
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Pretty Woman
Romantic Comedy (2-14)
Richard Gere, Julia Roberts
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL
MON-FRI: 6.00, 9.00. SAT: 2.30, 6.00, 9.00
150 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL
MON-FRI: 6.00, 9.00. SAT: 2.30, 6.00, 9.00

NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767
Pretty Woman
Romantic Comedy (2-14)
Richard Gere, Julia Roberts
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ROBOCOP II
Action and Thrills (2-16)
Peter Weller, Nancy Allen
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Lean On Me
A Stunning Drama (A)
Morgan Freeman, Robert Guillaine
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET


# MUSIEK

## JOHANNESBURG

*Jamesons*, Commissionerstraat: Die jol is weer aan met verskeie jazz-groepe wat elke Woensdag, Vrydag en Saterdagaand optree. Tel: (011) 834-2351.

*Piccadilly Bar*, Highstraat, Brixton: Vanaand: Little Sister. Woensdag: Diamond Dogs. Saterdag: Jack Hammer. Tel: (011) 726-6019.

*Roxy Rhythm Bar*, Melville: Maandag: Wired to the Floor, Dinsdag: Little Sister, Woensdag: P J Powers. Donderdag: Mike Faure and Steam Machine, Vrydag: Fat City, Saterdag: Diamond Dogs. Tel: (011) 726-6019.

*Warehouse*, *Markteater*, Newtown: Conversations met Barney Rachabane en Bruce Cassidy. Tot 15 September.

*Rumours*, Rockeystraat: Woensdag: Louis Levy, Donderdag: Stan Jones (klavier) en Art Kelly (bas). Hulle tree ook Sondae saam met Gil Anderson (tromme) op.

*Radium Beer Hall*, Louis Bothalaan: Sondae: The Fat Sound Big Band tree hier op. Bel om uit te vind watter Sondae: (011) 728-3866.

*Kippies*, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.)

*The Junction*, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en poolkamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die platejoggie. Vir "denkende" jollers.

*Late Nite Duke's*, Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

*Club Manzattan*, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.

*Blues*, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

## KAAPSTAD

*Base*: Sondag is Jazz Denn. Tel:(021) 23-3667 vir inligting oor wat in die week daar aangaan.

*La Med*, Victoriastraat, Clifton: Jeff Weiner en Mainstream elke Saterdag van 2 tot 6nm.



*Conversations met Barney Rachabane en Bruce Cassidy kan by die Markteater se Warehouse tot 15 September gesien word. Hulle begin Maandag.*


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 17-23 August

NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman
Romantic Comedy (2-14)
Richard Gere, Julia Roberts
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Revenge
Adult Romantic Thriller (2-18)
Kevin Costner, Anthony Quinn
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404
Revenge
Adult Romantic Thriller (2-18)
Kevin Costner, Anthony Quinn
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman
Romantic Comedy (2-14)
Richard Gere, Julia Roberts
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
ROBOCOP II
Action and Thrills (2-16)
Peter Weller, Nancy Allen
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SNEAK PREVIEW: Thurs 23/8 at 7:45 p.m. only "DIE HARD 2"
Revenge
Adult Romantic Thriller (2-18)
Kevin Costner, Anthony Quinn
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Pretty Woman
Romantic Comedy (2-14)
Richard Gere, Julia Roberts
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman
Romantic Comedy (2-14)
Richard Gere, Julia Roberts
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Revenge
Adult Romantic Thriller (2-18)
Kevin Costner, Anthony Quinn
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE
Suspense Thriller (2-19)
Rob Lowe, James Spader
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585
THE RAINBOW
A Film from Ken Russell (2-19)
Glenda Jackson, Christopher Gable
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040
We're No Angels
Action (A)
Robert DeNiro, Sean Penn
PLUS
The Hunt For Red October
Super Action and Suspense (A)
Sean Connery, Alec Baldwin
MON-FRI. 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00
ROBOCOP II
Action and Thrills (2-16)
Peter Weller, Nancy Allen
PLUS
SHE-DEVIL
Drama (2-14)
Meryl Streep
MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN


# GALERYE

## JOHANNESBURG

*Standard Bank Sentrum-Galery*: Die Jong Kunstenaarwenners Bonnie Ntshalintshali en Fee Halsted-Berning stal hier uit. Tot 25 Augustus.

*Les Art International*, Rosebank: Uitstalling van etse en kunswerke deur verskeie kunstenaars. Tot einde Augustus.

*East Urquhart-galery*, Melville: Uitstalling van blommeskilderye deur Sharland East-Urquhart. Tel (011) 726-6677.

*Kim Sacks-galery*, Yeoville: Uitstalling van werk deur kunstenaars van Namibia, Gazankuku en Zimbabwe. Op die laaste Sondag van elke maand hou die galery 'n oop dag wanneer die publiek die geleentheid kry om kunstenaars in aksie te sien. Mandjiemaak-demonstrasies en so aan. Tel: (011) 648-6107.

*Theresa Jo se Workshop*, Bizarre-sentrum, Yeoville: Handgemaakte juweliersware en 'n verskeidenheid van etse deur Theresa Naude.

*African Magic*: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

*Zona*. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg. Uistalling deur Samson Mudzunga.

## KAAPSTAD

*Suid-Afrikaanse Nasionale kunsmuseum*: Die Japanese Kleurhoutsnee. Tot 7 September.

*Dorspstraat-galery*, Stellenbosch: Uitstalling deur Johan Smith. Tot 25 Augustus. tel: (02231) 72256.

*Baxter-Galery*: Algemene galery-uitstalling.

*Art Scene*, Seepunt: Gemengde galery-uitstalling.

*Chelsea-galery*, Waterloo-weg 51, Wynberg: Uitstalling deur verskeie plaaslike kunstenaars.

*Gallery 709*, Adderleystraat: Uitstalling getiteld Contemporary Trends II. Galeryversameling wat beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars insluit, onder andere: Judith Mason-Attwood, Philippa Hobbs en André Naude.

*Kunskamer*, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

*Gallery International*, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.

## PIETERMARITZBURG

*New Tatham-galery*: Uitstallings deur Jackson Hlungwane en die People's Park-uitstalling.

## FILMS

*****Voortreflik
****Sterk aanbeveel
***Sien gerus
**So-so
*Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

***** JESUS OF MONTREAL - 'n Mengelmoes van realiteit en illusie deur regisseur Denys Archand. Glo uitstekend.

***** SEX, LIES AND VIDEOTAPE - Andie McDowell speel die rol van 'n ongelukkige huisvrou en James Spader speel 'n soort hippie met seksuele probleme in die wonderlike fliek wat 'n Palm D'Or by die Cannes-filmfees ingepalm het.

****RIPOUX CONTRE RIPOUX - Die vervolg op die suksesvolle fliek Ripoux (The Cop) oor twee mans wat 'geframe' word. Met Phillipe Noiret, Thierry Lhermitte en Guy Marchand.

**** PRETTY WOMAN - Richard Gere is 'n sakeman, kompleet met grys 'saidies', wat perongeluk op 'n prostituut verlief raak. Julia Roberts (van Steel Magnolias-faam) is die vriendelike prostituut. 'n Lokettreffer.

**** TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES - Die fliek oor vier baie dapper skilpaaie, 'n pragtige joernalis genaamd April en die boef Shredder is hier en 'n treffer.

*** MOUNTAINS OF THE MOON - Die ware verhaal van twee mans en hulle soektog na die oorsprong van die Nyl. Met Patrick Bergen en Iain Glen.

*** THE HUNT FOR RED OCTOBER - Sean Connery in sy nuutse spioenasiefliek. Ook met Alec Baldwin.

*** QUEEN OF HEARTS - 'n Seun onthou sy jeugjare, verander sy familie se lewe tydens een aand se kaartspeel en verlang na die cuppuchino-masjien. Met Anita Zagaria, Joseph Long en Ian Hawkes.

*** FANTASIA - Die 50ste herdenking van Walt Disney se fantasie-film met Leopold Stokowski en die Philadelphia-orkes.

** I LOVE YOU TO DEATH - Kevin Kline is die een wat vir sy lewe moet veg in die komedie. Ook met Tracey Ullman, William Hurt en River Phoenix.

** THAT SUMMER OF WHITE ROSES - 'n Man probeer wys dat hy nog 'n man is, dis oorlog, 'n mooi vrou raak op hom verlief en op 'n stadium is daar baie spanning. Gebaseer op 'n ware verhaal. Met Tom Conti en Susan George.

** MADAME SOUSATZKA - Shirley MacLaine speel die hoofrol en dit alleen regverdig 'n kuiertjie by die fliek.

** ERIK, THE VIKING - John Cleese is terug in hierdie baie snaakse fliek oor 'n sensitiewe Wiking (Tim Robbins) wat soek na die antwoord op die groot vraag: waaroor gaan dit eintlik nou alles. Daar is natuurlik vrouens by die saak betrokke. Ook met Mickey Rooney.

** THE LITTLE MERMAID - Hans Christian Anderson se verhaal oor 'n meermin wat graag 'n mens wil word. Wenner van twee Academy-toekennings.

** BACK TO THE FUTURE III - Wonder waarheen is hulle dié keer. Steven Spielberg het seker 'n plek gekry. Met Michael J. Fox, Christopher Lloyd en Mary Steenburgen.

** DELINQUENTS - Kylie Minoque in 'n fliek oor twee tieners wat nie hulle mind kan opmaak of hulle wil of nie wil nie, en dis al. Charlie Schlatter is die tienerseun wat die probleem deel.

* LISTEN TO ME - Iemand luister nie vir iemand nie in die drama oor drie vriende met probleme. Met Kirk Cameron, Jami Gertz en Tim Quill.

* STELLA - Bette Midler is 'n ma wat 'n dogter alleen grootmaak en sukkel om haar af te staan toe dit tyd is. Ook met Marsha Mason.

* BAD INFLUENCE - Rob Lowe probeer baie hard om die slegte invloed te wees maar dit werk nie. James Spader is die een wat beïnvloed word.



*'n Toneel uit 'Jesus of Montreal'*

## Kaapstad


SK WORD NOU VERTOON — VRYDAG en SATERDAG 17 en 18 AUGUSTUS 1990
ROLPRENTE
TEATERS — VOORUITBESPREKING BY COMPUTICKET (NAVRAE (021) 21-4715)

**Blue Route Tokai**
Blouroetesentrum, Tel. 75-3030
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (Almal)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
ERIK THE VIKING (ALMAL)
SATERDAG ALLEEN: 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES
VRYDAG: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
SATERDAG ALLEEN: 10.00 vm, 12.30, 2.45 en 5.15 nm
THE LITTLE MERMAID (Almal)
VRYDAG: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
THE HIDDEN (2-16)

**Maynard Mall Wynberg**
HOOFWEG, TEL. 761-0131
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
ROBOCOP 2
PETER WEELER • NANCY ALL!EN (2-16)
DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
PRETTY WOMAN
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
SATERDAG ALLEEN: om 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
VRYDAG: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
I LOVE YOU TO DEATH
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)

**Monte Carlo**
STRANDGEBIED, TEL. 25-3052
VRY/SAT: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
MOUNTAINS OF THE MOON
PATRICK BERGIN • IAIN GLEN (O.T. 2-12)
VITA ROLPRENT-TOEKENNING VERTONINGS
VRYDAG 17 Augustus 1990
09.45 – FOURTH REICH (Almal)
12.00 – LAMBARENE (2-10)
2.15 – THE SCHOOLMASTER (2-18)
5.15 – LAMBARENE (Almal)
7.45 – FOURTH REICH (Almal)
10.00 – THE SCHOOLMASTER (2-18)
SATERDAG 18 Augustus 1990
09.45 – WINDPRINTS (2-16)
12.00 – RUTANGA TAPES (Almal)
2.15 – PARADISE ROAD (Almal)
5.15 – RUTANGA TAPES (Almal)
7.45 – WINDPRINTS (Almal)
10.00 – PARADISE ROAD (Almal)

**Protea Claremont**
HOOFWEG, TEL. 61-7979
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15 nm
BOB HOSKINS • DENZIL WASHINGTON
HEART CONDITION
VOLWASSE AKSIE – POLISIE KOMEDIE (2-18)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
★ SATERDAG om 9.45 vm ALLEEN ★
LAND BEFORE TIME
★ SATERDAG 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm Alleen ★
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (Almal)
VRYDAG: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
SATERDAG: 5.15, 8.00 en 10.40 nm
MOUNTAINS OF THE MOON (O.T. 2-12)

**Constantia Rosebank**
HOOFWEG, TEL. 686-6649
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.15, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
RIPOUX-CONTRE-RIPOUX
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
QUEEN OF HEARTS (Almal)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.20, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 nm
JESUS OF MONTREAL (2-18)

**Goue Akker**
MIDDESTAD, TEL. 25-2720
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15 nm
BOB HOSKINS • DENZIL WASHINGTON
HEART CONDITION
VOLWASSE AKSIE – POLISIE KOMEDIE (2-18)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
ROBOCOP 2
PETER WEELER • NANCY ALL!EN (2-16)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
I LOVE YOU TO DEATH
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)

**Tygervallei**
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948-6710
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.30, 8.15, 10.30 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
ROBOCOP 2
PETER WEELER • NANCY ALL!EN (2-16)
DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
SEAN CONNERY • ALEC BALDWIN
THE HUNT FOR RED OCTOBER
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)
SATERDAG ALLEEN: 10.00 vm, 12.00 en 2.15 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES
VRYDAG: 10.00 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: om 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
I LOVE YOU TO DEATH
'n Ongeloofllike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
PRETTY WOMAN
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

**Kine Parow**
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92-5126
VRY/SAT: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
MAAN-DON: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.30 en 8.00 nm
BOB HOSKINS • DENZIL WASHINGTON
HEART CONDITION
VOLWASSE AKSIE – POLISIE KOMEDIE (2-18)
SATERDAG ALLEEN: om 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES
VRY: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
SATERDAG: 5.45, 8.15, 10.30 nm
MAAN-DON: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45 en 8.30 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
ROBOCOP 2
PETER WEELER • NANCY ALL!EN (2-16)

**Somerset-Wes**
TEL. (024) 51-5581
VRY/SAT: 2.00, 4.45, 7.15 en 9.30 nm
MAAN-DON: 3.00, 6.00 en 8.30 nm ALLEEN
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
ROBOCOP 2
PETER WEELER • NANCY ALL!EN (2-16)
★ SATERDAG om 10.30 vm ALLEEN ★
LICENSE TO DRIVE PLUS BEST OF THE BEST
VRYDAG: 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
MAAN-DON: 2.30, 5.30 en 8.00 nm ALLEEN
RICHARD GERE • JULIA ROBERTS
PRETTY WOMAN
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
— LET OP SPESIALE TYE —
MAAN-VRY: 1.45, 4.30, 6.45, 9.30 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 1.45, 4.30, 6.45 en 9.30 nm
SEAN CONNERY • ALEC BALDWIN
THE HUNT FOR RED OCTOBER
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
SATERDAG: 11.00 vm, 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
BOB HOSKINS • DENZIL WASHINGTON
HEART CONDITION
VOLWASSE AKSIE – POLISIE KOMEDIE (2-18)
VRYDAG: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm
SATERDAG: 11.00 vm, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm
MAAN-DON: 2.00, 4.15, 6.30 en 8.45 nm
SEX LIES AND VIDEOTAPE (2-19)
SATERDAG ALLEEN: 10.30 vm en 2.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
SATERDAG: 4.30, 6.45, 9.00 vm
MAAN-DON: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
RICHARD GERE • JULIA ROBERTS
PRETTY WOMAN
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

IN-RY ★ SAANS OM 7.30 nm ★
★ R11,00 per Motor, Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente ★
Goodwood – Tel 54-4339 – Langs Goodwood Skougrond
ROBOCOP 2 (2-16) — CASUALTIES OF WAR (2-19)
Seabreeze – Tel 701-3309 – Pollsmoorweg, TOKAI
ALWAYS (Almal) — A SUMMER STORY (Almal)
Skyvue – Tel 903-5130 – Hoofweg, KUILSRIVIER
INTERNAL AFFAIRS (2-19) — BLACK RAIN (2-16)



SK STER-KINEKOR
17 AUGUSTUS – 23 AUGUSTUS
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM
ROLPRENTE
LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE

**SENTRAAL**

KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2
Maan-Don: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
Vry-Sat: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8 00, 10 30 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
THE HIDDEN (2-16)
MADHOUSE (2-12)
LISTEN TO ME (2-14)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
INTERNAL AFFAIRS (2-19)
Daagliks 10 00, 2.15, 5 15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – JOHNNY HANDSOME (2-18)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE NA 4 NM MAAN VRY SAT HELE DAG

KINE HILLBROW 1-3 725-3134/724-4116
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30, 5 15, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14) RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks 10 00, 2 30, 7.45 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
Daagliks 12 15, 5 30, 10 00 nm
THE HIDDEN (2-16)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
7 Sept – CADILLAC MAN (2-19)

**NOORD**

CRESTA RANDBURG 476-3802
Daagliks. 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
Daagliks 10 00, 2 15, 5.15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks 5 30, 7 45, 10 00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – JOHNNY HANDSOME (2-18)
7 Sept – CADILLAC MAN (2-19)

KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)

SANDTON CITY 1-9 783-4430/1
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 8.00, 10 15 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14) RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
Daagliks 10 00, 2.15, 5.15, 8 00, 10 45 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A) SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA!
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12) 'N WARE AVONTUURVERHAAL! MET PATRICK BERGIN & IAIN GLEN!
Daagliks. 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks 5 30, 7 45, 10 00 nm
STELLA (2-13)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
7 Sept – CADILLAC MAN (2-19)
7 Sept – BIRD ON A WIRE (VV2-10)

SK DIE MEKKA VAN GEHALTE FILMS
Pensioenaris konsessies slegs geldig Maan tot Don om 10.00 vm, 12 15 & 2.30 nm by Constantia en The Mall
BEGIN 24 AUGUSTUS
RIVER'S EDGE
Die omstrede drama, nou toegelaat!
Met DENNIS HOPPER
Binnekort:
DER PHILOSOPH
GIRL IN A SWING

THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daagliks. 9 45, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm
JESUS OF MONTREAL (2-18) (FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15
RIPOUX CONTRE RIPOUX (A) (FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks. 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)
Daagliks: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
THE MAD MONKEY (2-18)
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
QUEEN OF HEARTS (A)
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 nm
THAT SUMMER OF WHITE ROSES (2-16) FINALE DAE!

CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
REUNION (A)
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 nm
ERIK THE VIKING (A)
Onderdak parkering beskikbaar by ingang agter Constantia-sentrum

**OOS**

EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 15 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 nm
LISTEN TO ME (2-14)
Maan Vry 10.00, 12 15, 2 30 nm
Sat: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Maan-Vry 5 30, 8 00, 10 15 nm
Sat. 8 00, 10 15 nm
STELLA (2-13)
Maan-Vry. 10 00, 12 15, 2 30 nm
Sat 10 00, 12 15, 2 30, 5 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Maan Vry 5.30, 7 45, 10 15 nm
Sat 7.45, 10.15 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)

KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Maan Don 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Maan-Don. 10 00, 2 15, 5 15, 8 00 nm
Vry-Sat. 10 00, 2.15, 5 15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

CONSTANTIA BENONI 422-3305
Maan-Don 12 15, 2.30, 5 30, 7 45 nm
Vry 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
Sat: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
Kindervertoning Sat 18 Aug 10 00 & 12 15
SPACECAMP (A)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY BENONI PLAZA
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
7 Sept – CADILLAC MAN (2-19)

PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223
Maan-Don 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
Sat 18 Aug 10 00 & 12 15
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**POTCH**

KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
PRETTY WOMAN (2-14) RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks: 10 00, 2.15, 5 15, 8 00, 10.40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A) SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA!
Sat 18 Aug 10 00 & 12.15
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**WES**

WESTGATE 1-6 764-2530
Daagliks 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
I LOVE YOU TO DEATH (2-14)
Sat 18 Aug 10 00, 12 15, 2 30
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks. 5 30, 7.45, 10 00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
Daagliks. 10 00, 2.15, 5 15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – JOHNNY HANDSOME (2-18)

KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daagliks 10 00, 2 15, 5.15, 8 00, 10.40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A) SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN!
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm
CINEMA PARADISO (A) (ITALIAANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

CINE HIGHGATE 1-5 474-2013
Kaartjies: Volwassenes R6,50. Skoliere R4,50
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
PRETTY WOMAN (2-14)
THE HIDDEN (2-16)
BAD INFLUENCE (2-19)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

KINE KRUGERSDORP 665-5330
Daagliks. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
31 Aug – FAMILY BUSINESS (2-18)

**VAAL**

RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
Daagliks 10.00, 2.30, 7.45 nm
STELLA (2-13)
Daagliks. 12.15, 5 30, 10 00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
VOLGENDE AANBIEDING
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)

KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daagliks 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
Daagliks. 10.30, 2.15, 5.15, 7 45, 10.40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

SK STER-KINEKOR 17 Aug – 23 Aug INRYE
GROOT VERMAAK VIR DIE FAMILIE BY DIE INRYE
Hillfox • Panorama
Germiston • Springbok
Kinander • Nigel
Kempton Park

TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877
PRETTY WOMAN (2-14)
PINK CADILLAC (A)
24 Aug: DIE HARD 2

VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812
IN THE TRADISIE VAN FATAL ATTRACTION MET KEVIN COSTNER & ANTHONY QUINN!
REVENGE (2-18)
FUNNY FACE (A)
24 Aug. DIE HARD 2

ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017
ROBOCOP 2 (2-16)
BLIND FURY (2-14)
24 Aug. THE HUNT FOR RED OCTOBER
KOM VROEG!

STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE AKSIE RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
24 Aug: PRETTY WOMAN

5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1385
KEVIN KLINE (A FISH CALLED WANDA) IN DIE SUPER KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
24 Aug: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES

KEMPTON PARK 816-1444/976-4905
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE (A)
24 Aug REVENGE/SIEGE AT FIREBASE GLORIA

GERMISTON 816-1444/902-1607/8
SUPER KOMEDIE MET KIRSTIE ALLEY EN JOHN LARROQUETTE!
MADHOUSE (2-12)
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
24 Aug ROBOCOP 2

VEREENIGING 12-3211
'N ROERENDE DRAMA MET KIRK CAMERON EN JAMIE GERTZ!
LISTEN TO ME (2-14)
SHE-DEVIL (2-14)
24 Aug ROBOCOP 2

STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468
ROBOCOP 2 (2-16)
LOCK UP (2-18)
24 Aug: PRETTY WOMAN

BRAKPAN 816-1444/915-3907
IN DIE TRADISIE VAN FATAL ATTRACTION! MET KEVIN COSTNER & ANTHONY QUINN!
REVENGE (2-18)
SIEGE AT FIREBASE GLORIA (2-18)
24 Aug: MADHOUSE/I LOVE YOU TO DEATH

SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129
IN DIE TRADISIE VAN FATAL ATTRACTION! MET KEVIN COSTNER & ANTHONY QUINN!
REVENGE (2-18)
RED SCORPION (2-18)
24 Aug: MADHOUSE/I LOVE YOU TO DEATH

MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
24 Aug TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES

HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212
'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KIRSTIE ALLEY EN JOHN LARROQUETTE!
MADHOUSE (2-12)
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
24 Aug ROBOCOP 2

SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
THE LAND BEFORE TIME (A)
Aug 24. PRETTY WOMAN

PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411
WALT DISNEY SE . . .
THE LITTLE MERMAID (A)
DEAD POET'S SOCIETY (A)
24 Aug DELINQUENTS/RELENTLESS

KINANDER (EVANDER) 24117
WALT DISNEY SE . . .
THE LITTLE MERMAID (A)
RETURN TO THE RIVER KWAI (A)
24 Aug BLIND FURY/LISTEN TO ME

KRUGERSDORP 953-1959
SUPER AKSIE DUBBEL VERTONING! MET RICHARD GERE EN MICHAEL DOUGLAS!
INTERNAL AFFAIRS (2-19)
BLACK RAIN (2-18)
24 Aug BACK TO THE FUTURE 3

NIGEL 816-1444/739-6616
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
ALWAYS (A)
24 Aug REVENGE/SET THE NIGHT ON FIRE

**PRETORIA**
PRETORIA COMPUTICKET NAVRAE (012) 322-7460

STERLAND 1-8 341-7568/9
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
THE HIDDEN (2-16) 'N AKSIE BELAAIDE RILLER MET MICHAEL NOURI!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
MADHOUSE (2-12) KIRSTIE "LOOK WHO'S TALKING" ALLEY & JOHN "NIGHT COURT" LARROQUETTE IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
LISTEN TO ME (2-14) KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
Daagliks 10 30, 2 15, 5.15, 7.45, 10 40 nm
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12) 'N WARE AVONTUURVERHAAL! MET PATRICK BERGIN & IAIN GLEN!
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
31 Aug – JOHNNY HANDSOME (2-18)

SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 nm
HEART CONDITION (2-18) 'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE MET BOB HOSKINS EN DENZEL WASHINGTON!
PRETTY WOMAN (2-14) RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks: 10 00, 12.15, 2 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks 5 30, 7 45, 10 00 nm
STELLA (2-13)

TRANSVALIA 26-8387
FILMFEES
Skakel teater vir besonderhede

VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Maan-Don: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
ROBOCOP 2 (2-16) HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
7 Sept – CADILLAC MAN (2-19)

ICE-RINK 44-5253
PUBLIEK SKAATS
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie: 10 00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5 00 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

Sun City Teaters 014651-21174
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3
DIE HARD 2 (2-16)
BAD INFLUENCE (2-19)
CINE 1
SPLINTERNUWE VRYSTELLINGS
BLUE ANGEL CAFE (Volwasse)
A LUSTFUL MIND (Volwasse)
CINE 2
THE MISTRESS (Volwasse)
SCREW LOOSE (Volwasse)

SK STER-KINEKOR PRETORIA INRYE
Skakel asb. Ster-Kinekor Navrae 44-5253 vir besonderhede

LYNNWOOD 87-1633
SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA!
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
WE'RE NO ANGELS (A)

SWARTKOPS 374-4902
AKSIE EN OPWINDING! MET PETER WELLER EN NANCY ALLEN!
ROBOCOP 2 (2-16)
BLIND FURY (2-14)

WONDERBOOM 57-1108
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE TREFFER ROMANTIESE KOMEDIE!
PRETTY WOMAN (2-14)
THE DELINQUENTS (2-14)

UITSPAN 7-2515
IN DIE TRADISIE VAN "FATAL ATTRACTION", 'N SPANNINGVOLLE DRAMA MET KEVIN COSTNER EN ANTHONY QUINN!
REVENGE (2-18)
RIVER OF DEATH (2-14)

JAKARANDA 54-9115 9
WALT DISNEY SE NUUTSTE TREFFER AVONTUUR STROKIESPRENT!
THE LITTLE MERMAID (A)
HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

WITBANK 01351-81064
WALT DISNEY SE . . .
THE LITTLE MERMAID (A)
HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

RUSTENBURG 01421-29358
'N ROMANTIESE AVONTUUR STROKIESPRENT VAN WALT DISNEY! PRET VIR DIE HELE FAMILIE!
THE LITTLE MERMAID (A)
HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

# ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS

**KAAPSTAD**

***LABIA*** - Oranjestraat 68:

Vandag:
Die volgende flieks wys hier. Tye was nie beskikbaar nie. One Deadly Summer, My Sweet Little Village, Chouans!, Salaam Bombay, Eat a Bowl of Tea en La Lectrice.
Tel: (021) 24-5927.

***SA NASIONALE KUNSMUSEUM*** - Goewermentslaan, Tuine:

Dinsdag: The Long Search (deel 9) en The Land of the Disappearing Buddha. Donderdag: The Long Search (deel 10) en Zulu Zion.
Tel: (021) 45-1628.

**JOHANNESBURG**

***MINI CINE*** - Pretoriastraat 49, Hillbrow:

Vrydag, Saterdag en Sondag:
Die 600 Watt Musiek Filmfees: Woodstock, Led Zeppelin se The Song Remains te Same, Tommy, Pink Floyd, The Blues Brothers asook Monty Python and the Holy Grail.

Tel: (011) 642-8915.



*M-Net en AA Lewens se Rolprentfees is nog tot môre by die Rosebank Mall te sien. Bo is 'n toneel uit Manie van Rensburg se 'Fourth Reich".*

# DIÉ WEEK SE TV

## VRYDAG 17 AUGUSTUS

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Rags to Riches
3.30 The Racoons
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Peanuts
5.00 Grapevine
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 TopSport
7.00 The Dirty Dozen
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Môre is 'n lang dag - kyk onder hoogtepunte
10.35 'n Aand van goue oomblikke
11.20 Oordenking

### TV2
5.57 Dramareeks
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box
8.45 News

### TV3
5.57 Dramareeks
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.16 Imalini
8.01 Video Juke Box
8.45 News

### TV4
5.00 TopSport
9.04 FX: Murder by Illusion
11.00 Elvis: Aloha from Hawaii
12.04 MASH

### M-NET
10.30 Saigon
12.10 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.30 The Smurfs
3.50 Robocop
4.15 Inspector Gadget
4.40 The Flintstone Kids
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Sport
Intekenare
7.00 One More Chance
8.30 60 Minutes
9.00 The Shootist
10.40 60 Minutes
11.00 Monsignor
1.00 Bustin' Loose

## SATERDAG 18

### TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum
7.00 Goeie Môre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Oskapades
11.10 Die Robinsons
11.35 Oorlewing
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Boeremusiek-kompetisie
7.00 Die waaghals
8.00 News
8.35 LA Law
9.30 The Odessa File - kyk onder hoogtepunte
11.40 All-star Swing Festival - kyk onder hoogtepunte
12.35 Epilogue

### TV2
11.00 Educational Rendezvous
3.10 TopSport
6.30 Epilogue
6.45 News
7.00 Verskeidenheids-program
8.00 Top 20

### TV3
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
6.27 Epilogue
6.30 Nuus
6.45 In depth programme
7.00 Verskeidenheids-program
8.00 Top 20

### TV4
6.02 Mr Belvedere
9.03 Kupid
9.51 Benson
10.18 Our House
11.10 Horror Trilogy
11.35 TopSport

### M-NET
7.00 K-TV
11.00 Oliver's Story
12.30 The Town Bully
2.00 Motorsport
3.30 Mud and Glory
4.00 Sokker
Oop Tyd
6.00 Diamonds
Intekenare
7.00 Cliff Richard: The Event
9.00 The Best Little Whorehouse in Texas - kyk onder hoogtepunte
11.00 Boks
12.00 The Jewel of the Nile
1.35 Dr No

## SONDAG 19

### TV1
12.30 Music and the Spoken Word
1.00 Tao Tao
1.30 ZET!
1.40 The Gummi Bears
2.05 Walt Disney-fliek
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.45 Beyond 2000
5.45 Beyond 2000
6.05 Life Style
6.35 Thy Kingdom Come
7.00 50/50
8.00 Nuus
9.00 National Orchestra Camerata
9.30 Horn Trio, Op 40 (Brahms)
10.00 Benvenuto Riccardo
10.55 The Miraculous Mandarin

### TV2
1.00 TopSport
5.57 Metros of the World
6.30 In depth programme
7.45 Nuus
7.01 Imibono
7.21 Unqambothi
7.50 Masekhane

### TV3
12.00 TopSport
5.57 Terasse
6.30 News
6.45 In depth programme
7.01 Imahlasedi a Tumelo
7.50 Ho Lla Noto
8.40 La Reng

### TV4
10.00 Impressions
12.00 TopSport
9.04 The Philadelphia Story - kyk onder hoogtepunte
11.00 Muzik a la Carte
11.28 TopSport

### M-NET
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Sylvanian Families
2.00 Mac and Mutley
2.30 Superbook
3.00 News at Eleven
4.30 Trooping the Colour
Oop Tyd
6.00 Beauty and the Beast
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wild World of Animals
8.30 Hope and Glory - kyk onder hoogtepunte
10.25 Tennis

## MAANDAG 20

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleschool
4.05 Santa Barbara
4.30 Just the Ten of Us
5.00 Innovations
5.15 Bionic Six
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 Origins
8.00 Nuus
9.00 TopSport
10.00 St Eligius
10.50 Oordenking
11.00 TopSport

### TV2
4.13 Opvoedkundige programme
4.25 Disneyland
5.58 Hello Kitty's
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Police File
8.00 Velaphi
8.30 Ziyaduma

### TV3
4.13 Opvoedkundige programme
4.25 Disneyland
5.58 Dikolong
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Police File
8.00 After 8
8.30 Sediba Sa Moya

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.03 Family Ties
9.30 Wiseguy
10.27 Unsolved Mysteries
11.20 Rock 'n Roll Palace

### M-NET
10.30 Bustin' Loose
12.00 Newsnight
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Warning Sign
8.40 60 Minutes
9.00 Just Between Friends - kyk onder hoogtepunte
10.50 Saturday Night
11.00 Saigon

## DINSDAG 21

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleskool
3.30 Oscar
3.45 Wielie Walie
4.00 Rustelose jare
5.00 As die eeu draai
5.15 Slimjanne
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Noodeenheid, Groote Schuur
7.30 Orkney snork nie
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 No Jacket Required
11.00 TopSport
12.00 Evening Prayer

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.46 Dealing with Dogs
5.58 Centurions
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.31 Tydskrifprogram

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.45 Dealing with Dogs
5.58 Thakaneng
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Musiek

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Savage Island
10.47 My Two Dads
11.13 Paradise

### M-NET
10.30 Monsignor
12.00 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Muntant Hero Turtles
5.35 Slimer
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Hogan Family
Intekenare
7.00 The Black Stallion
9.00 The Twilight Zone
9.30 Hitchhiker
10.00 Supersport
11.00 Dirty Harry

## WOENSDAG 22

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleschool
3.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 ZAPMAG
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Space Experience
7.30 Three's a Crowd
8.00 Nuus
9.05 Die Guldenburgs
10.00 Alfred Hitchcock bied aan...
10.30 Feite en fabels
11.00 Oordenking

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and development
5.58 Jeugdrama
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.26 Bathathe

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and Development
5.58 G I Joe
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.26 Crossbow

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Something's Out There
9.58 Night Court
10.56 Misdaad

### M-NET
10.30 The Golden Child
12.05 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Camp Candy
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Doctor Doctor
Intekenare
7.00 The Shootist
8.40 60 Minutes
9.00 The Other Side of Midnight - kyk onder hoogtepunte
11.40 One More Chance

## DONDERDAG 23

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleskool
3.30 Wysheid van die kabouters
4.00 Rustelose jare
5.00 Wetenskap in werking
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Veldslag
8.00 News
9.00 Soiree Evening
10.00 City
10.30 Diagonal Street
11.00 Strindberg: A Life
12.00 Face to Face

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Tydskrifprogram
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 526
8.00 Crossbow
8.30 Jazz

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Kickers
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Pick-a-Box
8.00 Nong Seakaladi
8.30 Jazz

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Something is Out There
10.01 Movie Focus
10.29 The Nutt House
10.56 T.J. Hooker

### M-NET
10.30 The Best Little Whorehouse in Texas
12.15 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Robocop
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Slimer
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 The Dave Thomas Show
8.30 Evita's Indaba
9.00 The Ritz
10.30 Heart of the Matter
11.00 Hope and Glory

# Môre is 'n lang dag...

Burt Reynolds wys sy bakkies die week op M-Net in die musiekprent THE BEST LITTLE WHOREHOUSE IN TEXAS saam met Dolly Parton voordat sy al haar kilogramme vet verloor het. Hy is 'n aantreklike sheriff en sy die eienares van 'n berugte bordeel. Die fliek wys Saterdagaand.

Die uitstekende fliek HOPE AND GLORY wys Sondagaand op M-Net en beeld die lewe van 'n gewone Londonse gesin tydens die "Blitz" van die Tweede Wêreldoorlog uit soos gesien deur 'n jong seun (Sebastian Rice-Edwards). Ook met Sarah Miles en David Hayman.

Twee vroue raak bevriend, onbewus dat hulle dieselfde man deel - die een is sy vrou die ander sy minnares - in JUST BETWEEN FRIENDS wat Maandagaand op M-Net wys. Eers nadat hy dood is, besef hulle die waarheid. Met Ted Danson, Mary Tyler Moore en Christine Lahti.

THE OTHER SIDE OF MIDNIGHT is 'n romantiese drama gegrond op die roman deur Sidney Sheldon. Die vrou van 'n ryk man ontmoet haar gewese liefde en oortuig hom om sy vrou te vermoor. Iemand besluit toe om wraak te neem. Met Marie-France Pisoer, Raf Vallone, John Beck en Susan Sarandon. Die fliek wys Woensdagaand op M-Net.

Deon Opperman se enkeldrama MôRE IS 'N LANG DAG wys vanaand op TV1. Die drama speel hom in 'n weermagtent in "die operasionele gebied" af en beeld vyf dienspligtiges uit wat die aand probeer omkry voor die ligte afgeskakel word. Met Albert Maritz, Arnold Vosloo, David Butler, Frans Kalp en Jeremy Mansfield.

Jon Voight en Maximilian Schell kan Saterdagaand in die fliek THE ODESSA FILE op TV1 gesien word. 'n Bejaarde Joodse man pleeg selfmoord en laat 'n dagboek na wat in 'n joernalis se hande beland. Die inhoud daarvan vertel van die gruweldade en moorde gepleeg deur die SS kaptein Eduard Roschmann. Ook met Maria Schell.

Net na die fliek kan ALL-STAR SWING FESTIVAL, 'n program wat Ella Fitzgerald, Count Basie en Duke Ellington insluit, gesien word. Daar word veral op jam-sessies wat by New York se Lincoln-Sentrum plaasgevind het, gefokus.

THE PHILADELPHIA STORY met Cary Grant en Katherine Hepburn wys Sondagaand op TV4. 'n Jong meisie bevind haarself vir 'n tweede keer voor die kansel en sake raak warm toe haar gewese man skielik by die seremonie, vergesel deur 'n groep verslaggewers, opdaag.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

A NEW DANCE CRAZE - B5